

**HOUDING TEENOR AFRIKAANS, 'N MENINGSOPNAME
ONDER AFRIKAANSE TIENERS IN KWAZULU-NATALSE
SKOLE**

deur

CATHARINA ELIZABETH MAARTENS

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
MAGISTER ARTIUM
in die Departement Afrikaans en Nederlands
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
aan die Universiteit van Natal
Pietermaritzburg**

Desember 1997

**STUDIELEIERS:
Mnre. J.L. Venter en
N.J. Grieshaber**

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat hierdie verhandeling my eie werk is en dat alle outeurs en bronne wat geraadpleeg is, ten volle erken is. Die verhandeling word voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in Afrikaans aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg. Die verhandeling is nie voorheen aan enige ander universiteit voorgelê nie.


.....
CATHARINA ELIZABETH MAARTENS

DANKBETUIGING

GRAAG SPREEK EK MY OPREGTE DANK EN INNIGE WAARDERING UIT TEENoor MY STUDIELEIERS:

* Mnr. J.L. Venter

Baie dankie vir die leiding en positiewe aanmoediging en dat ek enige tyd om hulp kon aanklop.

* Mnr. N.J. Grieshaber

Baie dankie dat u leiding aan my verskaf het, veral aan die begin van hierdie studie.

SPEZIALE DANK AAN:

* die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die finansiële bystand wat aan my verleen is. Al die menings en gevolgtrekkings wat in hierdie verhandeling gemaak is, is dié van die skrywer self en nie noodwendig van die Instituut nie.

* die Suid-Afrikaanse Onderwysersvereniging (die vereniging wat eers as die NOU bekend gestaan het) vir die finansiële bystand wat aan my verleen is.

* die Natalse Onderwysdepartement vir die toestemming om navorsing te kan doen by die skole wat by hierdie studie betrek is.

* al die leerlinge wat so goedgeunstiglik meegedoen het om die navorsingsvraelyste so deeglik in te vul.

* my geduldige man, gesinslede, ouers en vriende vir al die ondersteuning en geloof in my vermoë.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

1	INLEIDING	1
1.1	DIE KONSEP: HOUDING	1
1.2	SAMEVATTING	3
1.3	METING VAN HOUDING	6
1.3.1	Metingstegnieke om taalhouding te bepaal ...	7
1.3.2	Resultaatbetroubaarheid en invloede op respondente se gedrag tydens toetsing ...	8
1.3.3	Moontlike negatiewe aspekte en invloede	8
1.3.4	Moontlike positiewe aspekte en invloede ...	14
1.4	BENUTTING VAN VOORDELE EN VERMYDING VAN NADELE EN GEVARE VAN DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE TYDENS HIERDIE NAVOR- SING	15
1.5	SOSIALE AANVAARDING AS 'N BELANGRIKE FAKTOR WAT DIE VORMING VAN HOUDING FASILITEER	18
1.6	OPINIEVERANDERING KAN HOUDINGSVERANDERING BEMIDDEL	20
1.7	FUNKSIES WAT HOUDING TEENoor PERSOONLIKHEID VERRIG	22
1.8	HOUDING TEENoor TAAL (IN BESONDER TAAL- VARIASIE)	22

1.9	GROEPE	27
1.9.1	Groepvorming	27
1.9.2	Portuurgroepe	28
1.10	TAALSTERFTE	31
1.10.1	Stadia van taalsterfte	31
1.10.2	Faktore wat 'n invloed kan hê op die voortbestaan van 'n taal	33
1.10.3	Enkele gevolge van taalverplasing	37
 HOOFSTUK 2		
2	DIE NAVORSING	40
2.1	NAVORSINGSDOEL	40
2.2	NAVORSINGSMETODE	42
2.3	KEUSE EN AANTAL RESPONDENTE	43
2.4	RESPONDENTSKOLE	44
2.4.1	Afrikaansmediumskole	44
2.4.2	Dubbel- of parallelmediumskole waar Afrikaans in die minderheid is	45
2.4.3	Skole met oorwegend bruin leerlinge	46
2.4.4	Dubbel- of parallelmediumskole waar Afrikaans in die meerderheid is	46
2.4.5	Tegniese of landbouskole	47

HOOFSTUK 3

3	DIE VRAELYS	49
3.1	SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS	49
3.2	DIE VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS	50
3.3	BESPREKING VAN DIE VRAELYS	51
3.3.1	Algemene inligting oor respondente; vrae 1.1, 1.2, 1.3, 1.4 en 1.5	52
3.3.2	Algemene gebruikstaal van respondente; vrae 1.6, 1.7, 1.8, 1.9, 1.13, 1.27 en 1.28	54
3.3.3	Portuurgroepkommunikasie; vrae 1.10, 1.11 en 1.12	57
3.3.4	Ontspannings- of mediataalvoorkeur; vrae 1.14, 1.15, 1.16, 1.17, 1.18 en 1.19	58
3.3.5	Houding ten opsigte van gesproke Engels; vrae 1.20, 1.21, 1.22 en 1.23	61
3.3.6	Voorkeur aan die gebruik van sommige Engelse woorde; vrae 1.24, 1.25 en 1.26	62
3.3.7	Droomtaal; vraag 1.29	64
3.3.8	Begeerte om eerder Engelssprekend te wees; vrae 1.30 en 1.31	65
3.3.9	Afrikaans en die toekoms; vrae 1.32, 1.33, 1.34, 1.35 en 1.36	66
3.3.10	Identiteit; vraag 1.37	68

HOOFSTUK 4

4	NAVORSINGSDATA.....	69
4.1	BESPREKING VAN NAVORSINGSDATA: 'N INLEIDING	69
4.2	BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE NAVORSINGSVRAE	70
4.2.1	Algemene inligting oor respondente; vrae 1.1, 1.2, 1.3, 1.4 en 1.5	70
4.2.2	Alledaagse gebruikstaal van respondente; vrae 1.6, 1.7, 1.8, 1.9, 1.13, 1.27 en 1.28	74
4.2.3	Portuurgroepkommunikasie; vrae 1.10, 1.11 en 1.12	88
4.2.4	Ontspannings- of mediataalvoorkeur; vrae 1.14, 1.15, 1.16, 1.17, 1.18 en 1.19	93
4.2.5	Houding ten opsigte van gesproke Engels; vrae 1.20, 1.21, 1.22 en 1.23	104
4.2.6	Voorkeur aan die gebruik van sommige Engelse woorde; vrae 1.24, 1.25 en 1.26	113
4.2.7	Droomtaal; vraag 1.29	120
4.2.8	Begeerte om eerder Engels te wees; vrae 1.30 en 1.31	122
4.2.9	Afrikaans en die toekoms; vrae 1.32, 1.33, 1.34, 1.35 en 1.36	128
4.2.10	Identiteit; vraag 1.37	136

4.3	ALGEMENE OPMERKINGS.....	138
4.3.1	Positiewe opmerkings	138
4.3.2	Negatiewe opmerkings	139
HOOFSTUK 5		
5	BEVINDINGS	141
5.1	ALGEMENE BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN TENDENSE WAT AS OORWEGEND NEGATIEF OF POSITIEF BESKOU KAN WORD.....	141
5.2	NEIGINGS BY VRAE	142
5.2.1	Neutrale vrae	142
5.2.2	Positiewe bevindings	143
5.2.3	Negatiewe bevindings	153
5.3	EVALUASIE VAN BEVINDINGS	159
5.4	EVALUASIE VAN UITSLAG MET POSITIEWE/ NEGATIEWE NEIGINGS	162
5.4.1	Groep 1-skole	163
5.4.2.	Groep 2-skole	165
5.4.3	Groep 3-skole	166
5.4.4	Groep 4-skole	168
5.4.5	Groep 5-skole	169

5.5	RESPONDENTE SE HOUDING - 'N SAMEVATTING ...	170
5.6	AANBEVELINGS	179
5.6.1	Tuisomgewing	180
5.6.2	Taal buite tuisomgewing	182
5.6.3	Die werksituasie	187
5.7	SLOTSOM	188

	BIBLIOGRAFIE	191
--	--------------------	-----

AANHANGSELS

	AANHANGSEL A: VRAE OOR AFRIKAANS	A.1
--	--	-----

	AANHANGSEL B: STATISTIESE VERWERKING VAN INLIGTING BEKOM DEUR VRAELYTE.....	B.1
--	--	-----

HOUDING TENOOR AFRIKAANS, 'N MENINGSOPNAME ONDER AFRIKAANSE TIENERS IN KWAZULU-NATALSE SKOLE

HOOFSTUK 1

1 INLEIDING

1.1 DIE KONSEP: HOUDING

Houding kan onder andere gesien word as die ingesteldheid van 'n persoon teenoor 'n spesifieke saak. Rosenberg (1956), soos aangehaal deur Insko (1967:2), meen dat houding 'n "relatively stable affective respons to an object" is. Die houding teenoor 'n spesifieke simbool, saak of voorwerp word grootliks bepaal deur die mate waarin die keuse wat gemaak word, spanning verminder of uitskakel. Sosiale ondersteuning en dus die gunstige aanvaarding van 'n spesifieke houding deur ander mense, verminder ook spanning en maak die gekose houding meer aanvaarbaar.

'n Persoon se eerlike, persoonlike evaluasie en ingesteldheid teenoor 'n simbool, saak of voorwerp reflekteer en bepaal sy houding. 'n Duidelike skeidslyn tussen 'n pro- of anti-ingesteldheid en dus 'n positiewe of negatiewe houding is nie altyd moontlik nie.

Osgood en Tannenbaum (Insko 1967:113) meen dat persone wat emosioneel onvolwasse is, of wie se opvoedingspeil nie hoog is nie, se houding gewoonlik neig tot maksimale vereenvoudiging. Sulke persone se houding mag dan óf positief óf negatief wees. 'n Situasië van alles- of-niks/verkeerd-of-reg is volgens hierdie skrywers makliker as onderskeidende oordele en uitsprake. Gesien die feit dat die respondente wat die navorser by hierdie verhandeling betrek het tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 is en dus nog as onvolwasse beskou kan word, is die verwagting dat

bogenoemde maksimale vereenvoudiging ten opsigte van houding ondervang sal word tydens die stadium wanneer die navorsingsdata ontleed sal word.

Insko (1967:112) meen dat houding gesien moet word as een van verskeie dimensies in 'n ruimte van totale betekenis. Houdingsvoorwerpe is volgens hierdie skrywer geleë binne 'n aantal semantiese dimensies, soos byvoorbeeld aktief-passief of swak-sterk, maar dit is die ligging op die "pro-con"-dimensie waarop die evaluerende kenmerk van houding gegrond is. Dit beteken dat twee respondente wie se houding teenoor dieselfde onderwerp eenders is, se opinie of "nonattitudinal meaning" oor die onderwerp grootliks mag verskil (Insko 1967:113). Die verwysingsraamwerk van individue sal die agtergrond bepaal waarop hulle opinie gegrond sal word. So kan twee groepe respondente wat betrokke was tydens hierdie navorsing se houding teenoor Afrikaans, die behoud daarvan en die aanwending en aanvaarding van Engelse woorde sowel as slengwoorde, baie ooreenkomste toon, maar hul opinie oor onder andere die rede waarom hulle so voel sowel as die redes vir die invloed van Engels, mag drasties verskil.

Die evaluasie-aspek word volgens Insko (1967:2) as "the single defining dimension of attitudes" beskou, alhoewel opinie (wat deur hom gedefinieer word as "nonevaluative beliefs or cognitions about some aspect of reality") nie geïgnoreer kan word nie. Die affektiewe of gevoelswaarde-aspek speel volgens Insko 'n belangrike rol, hoewel doelbewuste, uiterlik waarnaambare oordenking ("overt behaviour") nie ten volle geskei kan word van die proses van houdingsvorming nie.

Fishbein (1975:13) meen dat alle vorme van vraelyste of verbale response tydens navorsing bogenoemde gedrag insluit. Daar kan gepostuleer word dat genoemde affektiewe aspekte sowel as die doelbewuste oordenking 'n rol te spele sal hê by die navorsing wat met hierdie studie gepaard gaan, aangesien die onderwerp van die navorsing een is wat die

respondente waarskynlik tot nadenke gaan stem. Die vraelyste toets hul houding teenoor hul moedertaal of huistaal, 'n onderwerp wat van 'n uiters persoonlike sowel as subjektiewe aard is; dit sal volgens die navorser die klem op die affektiewe aspek van die navorsing laat val.

Insko (1967:177) haal Rosenberg (1953) aan wat aansluit by al die bogenoemde stellings oor houding, maar voeg by dat genoemde affektiewe aspekte gewoonlik ook interafhanklik is van kognisies en menings, sodat houdings verkieslik beskou moet word as bestaande uit beide affektiewe sowel as kognitiewe komponente.

Kognitiewe elemente is die aangeleerde kennis waaroor die individu beskik oor verskeie feite, voorwerpe, omstandighede, optredes, opinies, gewoontes en houdings (Insko 1967:198), terwyl die affektiewe elemente dié is wat deur die ingesteldheid van die individu teenoor 'n saak gerealiseer word. Dit kan beskou word as die mate waartoe 'n persoon téén of vir 'n voorwerp, saak of simbool is.

1.2 SAMEVATTING

Fishbein (1975:9) haal Chave (1982) aan wat 'n gedetailleerde beskrywing gee van die faktore wat 'n invloed het op 'n persoon se ingesteldheid: "An attitude is a complex of feelings, desires, fears, convictions, prejudices, or other tendencies that have given a set of readiness to act to a person because of varied experiences". Dit kan dus aanvaar word dat 'n persoon se houding teenoor 'n voorwerp, saak of simbool aangewend kan word om sy gedrag ten opsigte daarvan te voorspel. Die individu se houding teenoor 'n voorwerp, saak of simbool is nou verbonde aan sy oortuiging dat die voorwerp, saak of simbool oor sekere eienskappe beskik, asook sy (gunstige of ongunstige) evaluasie van hierdie eienskappe (Fishbein 1975:59). Hierdie evaluasie bepaal 'n gunstige of ongunstige respons op die stimulus, wat die noue verband tussen houding en gedrag beklemtoon. Fishbein (1975:336) meen: "It follows that if

one could measure this attitude, one would be able to explain and predict a person's behaviour". Indien die houding van Afrikaanssprekende tieners in KwaZulu-Natal teenoor Afrikaans (die doel van hierdie navorsing) bepaal kan word, sal hul gedrag en optrede teenoor die taal meer deursigtig en verklaarbaar wees.

Fishbein (1975:13) waarsku dat "opinie" nie gelykgestel kan word aan "houding" nie. Volgens hom moet die konsep "houding" slegs aangewend word wanneer daar sterk bewys is daarvoor dat die meting wat toegepas word, die individu op 'n bipolêre affektiewe dimensie plaas. Indien die meting die individu op 'n dimensie van subjektiewe waarskynlikheid plaas ten opsigte van die individu se instelling teenoor 'n saak, moet dit eerder "opinie" genoem word. Fishbein (1975:61) haal Thurstone (1931) aan wat argumenteer dat opinie verbale uitdrukkings van houding is, en dus aangewend kan word as houdingsindikator; dus bruikbaar tydens houdingsmeting. Die aanname kan gemaak word dat die grootste persentasie van die response wat tydens hierdie navorsing verkry is, waarskynlik houdings is en nie opinies nie, aangesien die vrae só gestel is dat die respondente duidelike keuses kon maak, en die response skriftelik gemaak is. Daar is ook aan die respondente verduidelik en beklemtoon dat geen vraag verpligtend is nie en die respondente is aangemoedig om aanmerkings by te skryf. Daar moet in gedagte gehou word dat subjektiwiteit of affektiewe aspekte aan die kern van houdingsvorming staan. Houding, opinie, voorneme en gedrag word deur bogenoemde navorsers beskou as interaktiewe en -afhanklike veranderlikes wat in baie noue verband kan bestaan:

- * **houding:** wat grootliks bestaan uit evaluerende en affektiewe aspekte, sowel as die individu se plasing op 'n bipolêre affektiewe dimensie (Fishbein (1975:53));
- * **opinie, oortuiging of mening:** wat die kognitiewe aspekte insluit en gedefinieer word as die individu

se plasing op 'n waarskynlikheidsdimensie wat 'n voorwerp aan 'n spesifieke eienskap koppel (Fishbein 1975:53);

- * **voorneme** of "behavioral intention": wat bestaan uit motivering of strewe en ook deur Fishbein (1975:289) as affektief beskou word. Voorneme word ook beskou as 'n dimensie van waarskynlikheid, maar die skakel hier is tussen 'n individu en 'n sekere handeling wat aan die voorwerp saak of simbool gekoppel kan word;
- * **gedrag**: die waarneembare handeling deur 'n individu, doelbewuste oordenking - ook as "overt behaviour" beskryf.

Die moontlikheid bestaan dat sommige van die resultate wat die navorser tydens die verwerking van die navorsingsresultate verkry het, eerder 'n opinie of 'n mening in plaas van 'n houding is. Dit mag ook as 'n voorneme of "behavioural intention" beskou word, wat dan die respondent se handeling of gedrag grootliks bepaal. Die navorser is egter van mening dat al bogenoemde aspekte die somtotaal van houding bepaal, en dat dit dus nie nodig is om by die beoordeling van die navorsingsdata haarfyn onderskeid te tref tussen die bogenoemde veranderlikes nie.

Data wat moontlik die opinie of die mening van die respondente verteenwoordig, het waarskynlik te make met dié vrae wat handel oor die vraag of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, of mens iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans kan sê, of Engels meer intelligent as Afrikaans klink en of mens jou beter in Engels as in Afrikaans kan uitdruk. Subjektiwiteit mag 'n groter rol by hierdie soort vrae gespeel het. Respondente mag dalk gedwonge gevoel het om ten gunste van Afrikaans te kies. Implisiete kommunikasie deur die navorser (in die geval van hierdie navorsing self Afrikaanssprekend) mag dalk 'n boodskap aan die respondente oorgedra het dat 'n negatiewe houding teenoor Engels meer

gewens sou wees. Hierteen het die navorser doelbewus gewaak deur 'n poging aan te wend om 'n neutrale standpunt in te neem tydens die verduidelikingsfase sowel as gedurende die invul van die vraelys. Bogenoemde feite (gedwonge voel om pro-Afrikaans te kies en implisiete kommunikasie ten gunste van Afrikaans) kan die vorming van 'n opinie of mening beïnvloed.

1.3 METING VAN HOUDING

Volgens Fishbein (1975:61) implimenteer die standaard houdingstoetsing of gradering ("attitude-scaling") 'n indirekte benadering, deur op grond van ander response te poog om 'n individu se posisie op die evaluasiedimensie te bepaal. Die meeste metingsprosedures bepaal 'n houdingsmeting op grond van 'n individu se respons op 'n stel opinie-items. Hierdie items is spesifieke stellings wat oortuigings, opinies of intensie aandui, en die individu se respons toon sy posisie op 'n dimensie van waarskynlikheid; dit kan dus gesien word as 'n meting van sy mening of intensie.

Een van die hoof funksies van metingsprosedures is om items te selekteer wat akkurate gevolgtrekkings oor die respondent se houding kan toelaat. Tydens die samestelling van die navorsingsvraelys wat deel uitmaak van hierdie verhandeling, het die navorser gepoog om items te selekteer wat binne die belangstellingsveld of die omwêreld van die respondente val, om sodoende relevante en akkurate gevolgtrekkings oor die houding van die spesifieke respondente te kan vorm. Veranderlikes soos geslag, ouderdom, skooltipe, ras en omgewing is ook in ag geneem tydens die samestelling van die vraelys.

Hoewel daar baie onderliggende verskille voorkom tussen standaard houdingsmetingsmetodes,¹ meen Fishbein (1975:8) dat almal twee basiese kenmerke deel; eerstens dat al die

¹ Daar sal nie vir die doel van hierdie verhandeling spesifiek ingegaan word op die verskillende soorte (standaard) houdingsmetingsmetodes nie.

metodes poog om 'n individu se houding te bepaal deur sy/haar oortuigings ("beliefs") of intensies en hul geassosieerde oordele te beoordeel. Tweedens word hierdie oortuigings en hul geassosieerde evaluerings gekombineer om 'n houdingsmeting te verkry wat in ooreenstemming met 'n verwagtingswaardeformulering is. Bogenoemde afleiding onderstreep die konsepsuele raamwerk wat houding sien as 'n funksie van 'n individu se oortuigings en die verhouding daarvan tot sy intensies. Fishbein (1975:88) se kritiek teen bogenoemde soort toetsing is dat vraelyste dikwels nie genoeg oortuigingsitems, wat belangrike bepalinge van die houding kan wees, insluit nie.

1.3.1 Metingstegnieke om taalhouding te bepaal

Die drie basiese metodes om taalhouding te meet, is volgens Ryan (1982:7) **inhoudsanalise of sosiale behandeling, direkte meting en indirekte meting**. Ryan meen dat die eerste metode baie belangrik is, aangesien "the first source of information about views on language varieties lies in the public ways they are treated (i.e. official language policies as well as use by various social groups in government, business, mass media, education and church)". Hierby kan sekerlik ook die houding van die gewone spreker van die taal gevoeg word - dié wat die standaardvariant en dié wat 'n ander variant van die betrokke taal gebruik.

Die respondentgroep wat betrek is by hierdie navorsing, naamlik Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal, kan beskou word as gebruikers van 'n sosiovariant van Afrikaans, aangesien hulle as groep woorde en uitdrukkings binne hul sosiale groep aanwend wat afwyk van Standaardafrikaans.² Hierdie afwyking van Standaardafrikaans vind nie slegs by tieners in KwaZulu-Natal plaas nie, maar is waarskynlik 'n algemene tendens wat landswyd in verskillende mate waargeneem kan

² Wanneer tieners met lede van hul portuurgroep kommunikeer (wat waarskynlik 'n groter persentasie van hul algemene kommunikasie uitmaak as die kommunikasie met hul ouers, onderwysers en ander gesagspersone), praat hulle hul "soort" Afrikaans; vandaar die kwalifikasie: "sosiolek".

word. Dit is onder andere 'n wyse waarop groepsolidariteit getoon en ondervind word.

Die twee hoofwyses waardeur taalhouding waargeneem kan word, betrek die gebruik van 'n stel direkte vrae, óf in geskrewe vorm aan groot of kleiner groepe, óf deur individuele onderhoude. Die soorte vrae het dikwels te make met 'n positiewe of negatiewe evaluering van die variasie, taalvoorkeur (tussen twee tale óf tussen twee variante binne sekere sosiale verbande), die begeerte of rede om 'n sekere taal te leer of te praat, evaluering van sosiale groepe wat die sekere variant praat, persoonlike oortuigings van die variant of taal, begeerte tot tweetaligheid en opinies oor taalverskuiwing of ander taalbeleide (Ryan 1982:7). Die vrae op die navorsingslys wat deel uitmaak van hierdie verhandeling is gemik op geskrewe response. Die vraelyste is aan groepe respondente uitgedeel, en die vrae het oorwegend gehandel oor positiewe of negatiewe evaluering van onder andere taalvariasie, taalvoorkeur, die dominante taal en die gedeeltelike of algehele aanwending daarvan, taalverskuiwing, tweetaligheid en die begeerte of rede om woorde van die dominante taal (in hierdie geval Engels) binne alledaagse (Afrikaanse) kommunikasie aan te wend.

1.3.2 Resultaatbetroubaarheid en invloede op respondente se gedrag tydens toetsing

Fishbein (1962:180) meen dat 'n respondent se gedrag bepaal word deur twee stelling veranderlikes, naamlik wat hy noem "demand characteristics", en eksperimentele veranderlikes. Volgens Insko is hierdie stelling oorvereenvoudigend, aangesien daar geen ruimte gelaat is vir ander veranderlikes sowel as foutvariasie nie (1967:9). Vervolgens word 'n paar aspekte bespreek wat 'n invloed op toetsresultate mag hê; daar sal gekonsentreer word op vraelyste as toetsmetode.

1.3.3 Moontlike negatiewe aspekte en invloede

1.3.3.1 Die eerste aspek wat deur Insko (1967) genoem word, is

"demand characteristics" wat beskou kan word as vereistes wat die navorsingsituasie aan die respondent stel. Orne (1962), soos deur Insko (1967:6) aangehaal, beskou hierdie aspek as die "totality of cues which convey an experimental hypothesis to the subject". Die klimaat waarin die navorsing plaasvind, stel spesifieke eise aan die respondent. Die omgewing en selfs die persoonlikheid van die navorser stel eise aan die respondent. Hierby kan gevoeg word dat absolute eerlikheid, samewerking, konsentrasie en 'n mate van introspeksie en ook inspanning 'n vereiste sal wees. Tydens hierdie navorsing is besondere aandag aan hierdie aspekte gewy, en moeite is gedoen om die omgewing en atmosfeer waar die vraelyste ingevul sou word so neutraal en vriendelik moontlik te maak. Die navorser het tydens die oriënteringstydperk verduidelik waarom absolute eerlikheid en samewerking noodsaaklik is. Daar is tydens die invul van die vraelyste geen negatiewiteit aan die kant van die respondente bemerk nie, en dit het voorgekom asof die respondente baie konsentrasie en erns aan die dag gelê het tydens die invul van die vraelyste. Geen onnodige spanning is bemerk nie.

Implisiete of eksplisiete kommunikasie deur die navorser word ook deur die skrywer beskou as deel van bogenoemde aspek (Insko 1967:6). Inligting wat oorgedra word tydens oriëntasie en enige besprekings wat volg, kan hierby ingesluit word. Die navorser was tydens die opname baie bedag op hierdie aspekte, en het daarom gepoog om 'n neutrale houding in te neem, wat geen verskuilde boodskap, hetsy ten gunste van Afrikaans óf van Engels aan die respondente kon deurgee nie.

1.3.3.2 Toetsing- of waardebepalingsbesorgdheid of -vrees (Insko 1967:9 noem dit "evaluation apprehension") maak deel uit van die toetssituasie. Hierdie aspek sluit nou aan by bogenoemde.

Die respondent word onverwags geplaas in 'n geheel en al nuwe en vreemde situasie, en moet pligte uitvoer wat vir

hom of haar vreemd is. Daar kan veral by leerlinge of studente 'n angs as gevolg van die toetsituasie bestaan, gegrond op die assosiasie met die onderwysituasie (toetse, eksamens en ander skoelevalueringsituasies) waarin hulle hul bevind as skoliere of studente. Dit mag ook wees dat respondente (veral onvolwasse of ongesofistikeerde respondente bedreig voel deur die teenwoordigheid van 'n persoon wat volgens hulle nie net vreemd is nie, maar gesag dra en insae gaan hê in hul persoonlike houdings, gevoelens en menings; al word hulle verseker van anonimiteit (Rosenberg 1956, soos deur Insko 1967:9 aangehaal).

Rosenberg meen dat respondente op so 'n wyse mag reageer dat dit sal voorkom asof hulle aangepas en gemaklik is binne die toetsituasie en met die navorser, maar dat hulle tog 'n "evaluation apprehension" mag hê as gevolg van die toetsituasie of evalueringsproses. Ook wat hierdie saak betref, het die navorser gepoog om die respondente op hul gemak te stel deur aan hulle te verduidelik dat hulle anoniem sal bly, en dat die vraelys nie 'n toets is nie.

1.3.3.3 'n Derde aspek kan negatiewiteit van die respondent wees. Die respondent voel nie lus om die vraelys fisies in te vul nie, beskou dit as onnodige werk wat moontlik inbreuk maak op sy/haar privaatheid (Insko 1967:9). Die feit dat 99,6% van die uitgedeelde vraelyste van hierdie navorsing suksesvol ingevul en terugontvang is, en die feit dat daar min respondente was wat met "geen respons" op sekere vrae gereageer het, kan waarskynlik 'n aanduiding wees van die positiewe houding wat die respondente teenoor die navorsing getoon het. Talle het ook mondelinge en skriftelike opmerkings gemaak wat daarop neerkom dat hulle bly is dat hulle ook deel van die navorsing kan wees wat handel oor hul taal, Afrikaans.

1.3.3.4 Navorsersvooroordel ("experimenter bias") (Insko 1967: 10) kan in noue verband met bogenoemde aspekte gesien word. Insko haal Rosenthal (1963) aan wat meen dat 'n groot hoeveelheid navorsingsdata verdag is as gevolg van

navorsersvooroordeel of -eensydigheid. Die navorser mag dalk onbewustelik 'n positiewe of negatiewe houding aan die respondente oordra. Vrae kan byvoorbeeld so gestel word dat dit 'n mate van skuldgevoel by die respondent mag wek indien hulle eerlik sou antwoord. In hierdie verband kan gedink word aan vrae wat te make het met houding ten opsigte van die respondent se eie taalgroep, land, gemeenskap, geloof of familie. Dit kan meebring dat die respondent die verwagting van die navorser mag antisipeer en omdat hy/sy bewus is van die verwagtings van die navorser, mag die respondent gevolglik "lean over backwards to be honest" (Orne 1962:780 soos deur Insko 1967:7 aangehaal).

Navorsingsvooroordeel impliseer nie oneerlikheid nie, maar 'n onbewustelike en grootliks subtiele vooroordeel soos byvoorbeeld die verwagtings en motiverings van die navorser, berekeningsfoute en verbale kondisionering. Die navorser was deeglik bewus van hierdie aspek, en het doelbewus daarteen gewaak om enige subtiele vooroordele, berekeningsfoute en verbale kondisionering te vermy.

Indien die navorser sekere resultate verwag en verder gemotiveerd is om toe te sien dat die resultate wel gekry word, kan daar 'n situasie ontstaan wat Insko noem: "prophecy" wat "self-fulfilling" kan wees. Verbale kondisionering tydens oriëntering van respondente mag volgens hom 'n meganisme wees waardeur aan navorsingsverwagtinge voldoen kan word.

Insko (1967) meen dat navorsersvooroordeel definitief nie as 'n algemene verskynsel by navorsers beskou kan word nie, maar bied desnieteenstaande die volgende aanbevelings aan wat kan meehelp om navorsersvooroordeel waar te neem en moontlik te verminder:

- * eksperimente moet waar moontlik só opgestel word dat die navorser nie verwagte respons deur geskrewe of gesproke woorde of gebare kan bewerk nie; geskrewe respons mag meer betroubaar as gesproke respons

wees, aangesien die respondent meer kans het om sonder die navorser sy eie mening weer te gee (soos dit die geval was tydens hierdie navorsing);

- * meganiese instrumente, soos bandopnemers sal ook die persoonlikheid (en teenwoordigheid) van die navorser uitskakel, maar daar kan bygesê word dat sommige respondente dalk bedreig mag voel deur die instrumente (hierdie aspek was nie van toepassing op hierdie navorsing nie, aangesien daar slegs van skriftelike vraelyste gebruik gemaak is);
- * die herhaling van die navorsing deur 'n ander of onafhanklike navorser wat volgens Insko (1967:11) verkieslik nie in die eerste navorser se resultate glo nie;
- * die vierde aanbeveling word die sogenaamde "double-blind"-metode genoem (Insko 1967:11); in hierdie geval dra nóg die navorser nóg, die respondente voorafkennis van die navorsingsonderwerp (hierdie aspek was ook nie van toepassing op hierdie navorsing nie);
- * Insko beveel aan dat die etiese aspekte van navorsing beklemtoon moet word: "Without values and ethical standards no scientific edifice could ever be erected" (Insko 1967:11).

1.3.3.5 Wolfson (1989:70) meen dat die feit dat vraelyste skriftelik beantwoord word, ook die nadeel inhou dat respondente dalk nie hul gedagtes goed genoeg kan uitdruk nie.

1.3.3.6 Skryfruimte mag ook 'n inhiberende faktor wees.

1.3.3.7 Die vrae mag ook verwarrend wees en dalk nie spesifiek genoeg nie. Een van die vrae wat die respondente moes invul tydens hierdie navorsing, is deur sommige respondente as

verwarrend beskou. Dit het gehandel oor die taal waarin hulle droom, en die manlike respondente het gevoel dat hulle glad nie deur middel van taal droom nie. Hierdie probleem is nie vooraf deur die navorser voorsien nie. Die data wat by hierdie vraag verkry is, word dus nie deur die navorser as wetenskaplik betroubaar beskou nie - ten minste nie wat die betrokke groep respondente betref nie.

1.3.3.8 Wolfson (1989:70) waarsku dat skriftelike data nie al die nuanses van mondelinge interaksie tydens kommunikasie kan ondervang nie.

1.3.3.9 Die afwesigheid van "flexibility" in die geskrewe vorm, is volgens Wolfson (1989:71) 'n inhiberende faktor tydens skriftelike navorsing. Tydens mondelinge kommunikasie mag die respondent aspekte ophaal wat nie deur die navorser beplan is nie, en wat baie vrugbaar aangewend kan word. Tydens hierdie navorsing is skriftelike sowel as mondelinge opmerkings baie nuttig gevind ter staving van die data wat deur die vraelyste verkry is. Deur mondelinge kommunikasie het die navorser besef dat die laaste groep vrae op die vraelys³ nie geskik was vir die groep respondente nie, en hierdie groep vrae is toe ook nie in ag geneem tydens die verwerking van die navorsingsdata nie.

1.3.3.10 Seliger (1990:172) meen dat 'n lae responssyfer 'n ernstige nadeel van vraelyste kan wees, veral wanneer die vraelyste aan potensiële respondente gepos word. Traagheid om die vraelyste in te vul mag voorkom. 'n Lae responssyfer kan die betroubaarheid van die navorsing grootliks benadeel. By hierdie navorsing was die responssyfer 99,6%, 'n feit wat kan bydra tot die betroubaarheid en wetenskaplikheid van die bevindings.

1.3.3.11 Vraelyste kan slegs deur persone ingevul word wat kan lees en skryf - 'n ernstige nadeel van hierdie

³ Afdeling 2 van die vraelys het van die respondente verwag om tipes mense op grond van hul persoonlikheidseienskappe te beoordeel. Kyk aanhangsel A.

navorsingsmetode (Seliger 1990:172). Die teikengroep behels in die geval van hierdie navorsing nie sulke mense nie, aangesien die navorsing uitgevoer is met hoërskoolleerlinge as respondente.

1.3.4 Moontlike positiewe aspekte en invloede

1.3.4.1 'n Belangrike aspek wat deur Insko (1967:9) genoem word, is "task orientation", wat betrekking het op die mate van konsentrasie deur die respondent op die vraelys. Hierdie aspek word deur Insko as baie voordelig vir die geloofwaardigheid van die navorsingsresultate beskou.

1.3.4.2 Omdat vraelyste relatief kort is, mag dit vir die respondent minder intimiderend voorkom.

1.3.4.3 Daar word nie van die respondent verwag om baie te skryf nie, daarom mag hy/sy meer geneë wees om saam te werk.

1.3.4.4. Die teenwoordigheid van die navorser word deur die vraelys minder intimiderend gemaak.

1.3.4.5 'n Mondelinge respons veroorsaak gewoonlik baie spanning by respondente, veral as hulle nie die navorser ken nie. Skriftelike antwoorde kan waarskynlik minder spanning by respondente veroorsaak.

1.3.4.6 Vraelyste is 'n vinnige metode om 'n groot aantal data oor 'n navorsingsonderwerp in te samel (Seliger 1990:172 en Wolfson 1989:70).

1.3.4.7 Die geskrewe vorm bied volgens Wolfson (1989:70) meer tyd aan die respondent om sy/haar antwoord te oorweeg, as wat die mondelinge navorsingsmetodes bied. Hierdie aspek mag voordele ten opsigte van navorsingsbetroubaarheid bied, maar mag ook die nadeel inhou dat die respondent te veel dink voor hy/sy antwoord, en dus onbewustelik 'n antwoord bied wat "reg" klink, hoewel dit nie die ware feite reflekteer nie.

1.3.4.8 Volgens Seliger (1990:172) is die vraelysmetode selfadministrerend, en daarom goedkoper as byvoorbeeld onderhoude.

1.3.4.9 Wanneer anonimiteit verseker word, is respondente meer geneë om inligting van sensitiewe aard oor te dra, omdat hulle nie van aangesig tot aangesig met die navorser hoef te verkeer nie (Seliger 1990:172).

1.3.4.10 Aangesien dieselfde vraelys aan al die betrokke respondente uitgedeel word, is die verkreeë data eenvormig en standaard (Seliger 1990:172).

1.3.4.11 Die data word gewoonlik gedurende min of meer dieselfde tyd verkry, daarom verhoog die vlak van akkuraatheid en betroubaarheid.

1.3.4.12 Vraelyste kan beide gestruktureerde vrae sowel as oop vrae bevat, wat 'n groter spektrum data verseker.

1.4 BENUTTING VAN VOORDELE EN VERMYDING VAN NADELE EN GEVARE VAN DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE TYDENS HIERDIE NAVORSING

Die skriftelike vraelys is volgens die navorser die ideale navorsingsmetode om die soort data wat verlang is te verkry. Waarneembare positiewe aspekte was die volgende:

- * definitiewe "task orientation" is by die respondente waargeneem en die respondente het oor die algemeen baie goed gekonsentreer op die taak voorhande. Daar was geen onnodige kommunikasie of aandagaftrekkery tydens die invul van die vraelys nie. Hierdie aspek is voordelig vir die geloofwaardigheid van die navorsingsresultate;

- * die vraelys was relatief kort, en daar is van respondente verwag om by die meeste vrae slegs 'n kringetjie om die gekose antwoord te trek. Baie min skryfwerk is verlang;

- * die atmosfeer in die lokaal was ontspanne, en die navorser het gepoog om 'n "toetssituasie"-atmosfeer te voorkom. Daar word geglo dat die teenwoordigheid van die navorser nie as intimiderend deur die respondente ervaar is nie. Hierdie atmosfeer is doelbewus deur die navorser gekweek deur vriendelike, gemoedelike optrede, en deur aan die respondente te verduidelik waaroor die navorsing handel, en dat dit nie 'n toets is nie. Die hoë responssyfer reflekteer verder die feit dat die respondente op hul gemak was en bereid was om op eerlike wyse te reageer op vrae van sensitiewe aard;
- * 'n groot hoeveelheid data kon binne 'n relatief kort tydperk verkry word. Aangesien die vraelys binne ongeveer 20 minute voltooi kon word, en die skole oor die algemeen meer tyd tot die navorser se beskikking gestel het vir die invul van die vraelyste. Dit was nie nodig vir die respondente om die invul daarvan af te jaag nie, hulle kon dus hul antwoorde oordink; sommige respondente het selfs aanmerkings agterop die vraelyste geskryf;
- * die eenvormigheid van die vraelyste sowel as die feit dat die navorsing binne die bestek van een week afgehandel is, het die betroubaarheidsvlak van die navorsing verhoog en 'n standaard daar gestel;
- * 'n paar oop vrae het die gestruktureerde vrae afgewissel. Hier kon die respondente hul eie aanmerkings skryf, en sodoende het die navorser data verkry wat andersinds verlore sou gegaan het.

Die navorser het tydens die navorsing die indruk gekry dat die respondente die invul van die vraelyste baie geniet, maar dit tog met erns bejeën het. Die algemene waarneming was dat die vraelyste, sowel as die invul daarvan, suksesvol was.

Die navorser was deurentyd bedag op moontlike negatiewe aspekte verbonde aan die vraelys as navorsingsmetode:

- * die klimaat waarin die navorsing plaasvind, die omgewing, die optrede van die navorser, die vereiste eerlikheid, konsentrasie, en die mate van introspeksie wat verwag word, stel groot eise aan die respondente, daarom het die navorser doelbewus 'n vriendelike, aangename dog ernstige atmosfeer probeer skep deur aan die respondente te verduidelik waaroor die navorsing handel en die erns van eerlikheid te beklemtoon. Daar is ook gepoog om 'n moontlike "toetsvrees" te besweer deur die voorafbespreking en die skep van 'n ontspanne atmosfeer om sodoende tot die betroubaarheid van die navorsingsdata by te dra;
- * aangesien die invul van die vraelyste vrywillig was, en respondente verseker is van die feit dat hulle "moeilike" vrae mag oorslaan, is geen negatiewiteit waargeneem by die respondente nie;
- * moontlike navorsingsvooroordeel deur die navorser is grootliks uitgeskakel deur die aard van die vraelys, maar ook deur die neutrale verduideliking van die van die vrae. Die respondente is telkens aangemoedig om hulle nie te steur aan wat hulle dink die navorser of die ander respondente dalk wil hê hulle moet skryf nie. Die navorser het doelbewus gepoog om nie eensydig voor te kom of 'n positiewe óf negatiewe houding teenoor die onderwerp in te neem nie. Die navorser het onderlinge kommunikasie ontmoedig;
- * alhoewel die skryfruimte beperk was, is respondente aangemoedig om agter op die vraelys te skryf indien hulle sou wou. Beperkte skryfruimte op die vraelys was dus nie 'n inhiberende faktor nie. Die feit dat die respondente hul gedagtes skriftelik kon weergee, het volgens die navorser bygedra tot die eerlikheid

en dus die betroubaarheid van die response;

- * aangesien die groepe redelik klein, en die atmosfeer ontspanne was, het die respondente vry gevoel om te klaas 'n vraag vir hulle verwarrend voorgekom het. Dit het egter selde gebeur, aangesien die navorser gedurende die toetsperiode (kyk 3.2: Die voltooiing van die vraelys) "probleemvrae" geïdentifiseer het en hierdie vrae vooraf kortliks met die respondente bespreek het. Respondente het soms vrae 1.13 en 1.29 verwarrend gevind (kyk Hoofstuk 4: Navorsingsdata). Hierdie vrae het gehandel oor vloek of stry in Afrikaans en die taal waarin die respondent droom.
- * Wolfson (1989:70) waarsku dat skriftelike vrae nie al die nuanses van mondelinge interaksie tydens kommunikasie kan ondervang nie. Hierdie probleem is volgens die navorser gedeeltelik oorkom deur die respondente toe te laat om spontaan skriftelike kommentaar agter op die vraelys te skryf;
- * 'n lae responssyfer kan die betroubaarheid van die navorsing grootliks benadeel. Hierdie probleem is met vrug afgeweer, aangesien die navorser die grootste gedeelte van die navorsing persoonlik onderneem het. Geen vraelyste is aan kandidate gepos nie. Die hoë responssyfer van 99,6% speel 'n positiewe rol by die bepaling van die betroubaarheid van die navorsingsdata.

1.5 SOSIALE AANVAARDING AS 'N BELANGRIKE FAKTOR WAT DIE VORMING VAN HOUDING FASILITEER

Soos hierbo genoem, verminder sosiale aanvaarding die spanningseffek en maak die aanvaarding van 'n sekere houding makliker. Insko (1967:337) haal Kelman (1961) aan wat meen dat "opinions adopted under different conditions of social influence, and based on different motivations, will differ in terms of their qualitative characteristics and their

subsequent histories". Enige persoon, maar veral die onvolwasse of ongesofistikeerde individu wil sosiaal aanvaar word. By die tiener speel die sosiale aanvaarding deur hul portuurgroep 'n besondere groot rol.

Kelman onderskei drie prosesse van sosiale invloed, naamlik **inskiklikheid**, **identifikasie** en **internalisering** ("internalization"). Elkeen van hierdie sosiale invloedproesse, wat nie noodwendig onderling uitsluitend werk nie, lei volgens Kelman tot 'n ander tipe opinie of houding.

1.5.1 Inskiklikheid kom voor wanneer 'n individu invloed aanvaar van 'n ander persoon of groep in die hoop om beloning te ontvang, soos aanvaarding, of om 'n mate van straf of spanning te voorkom. Groepdruk by tieners kan as voorbeeld geneem word. Dit kan meebring dat tieners "anders" praat; 'n soort gemeenskaplike sosiolek wat groepsolidariteit versterk.

1.5.2 Identifikasie kom voor wanneer 'n individu 'n ander persoon of groep se opinies aanneem, omdat hierdie opinies geassosieer word met die bevrediging van 'n selfgedefinieerde verhoudingsbegrip wat die individu met hierdie persoon of groep het of wil hê.

1.5.3 Internalisering kom voor wanneer die individu 'n opinie aanvaar omdat dit ooreenstem met sy eie waardesisteem. In hierdie geval is die inhoud van die opinie self belonend, en is eksterne aanmoediging onnodig.

Wanneer 'n persoon soortgelyke houdings, karaktereienskappe of opinies by ander waarneem, word dit gewoonlik gunstig beoordeel deur die individu. Soortgelyke houdings, opinies en karaktereienskappe word as eenparig geldigmakend beleef en dien as positiewe versterking vir die aanvaarding van sulke eienskappe (Fishbein 1975:268).

Sekere stimuli sal uiteraard meer aantreklik wees as ander

op grond van groter positiewe versterking of beloning. Die motiveringstoestand van die individu wat blootgestel word aan genoemde stimuli sowel as die gereelde blootstelling en aktiewe deelname daaraan, is ook belangrike faktore wat dit aantreklik maak vir die individu om sodoende sy houding ten opsigte van die voorwerp, saak of simbool te beïnvloed. (Fishbein 1975:269 en 281).

Brongeloofwaardigheid speel ook volgens Fishbein (1975:462-463) 'n belangrike rol. Vind die individue die kommunikator (bron van die stimuli) aanvaarbaar, aantreklik of navolgbaar, sal hy/sy meer geredelik dieselfde houding aanvaar. Beïnvloeding sal meer dikwels voorkom wanneer die ontvanger oor 'n lae selfbeeld en 'n hoër drempel van oortuiging beskik. Weer eens is dit gewoonlik die minder volwasse, ongesofistikeerde persoon wat geredelik oortuig word om 'n sekere houding na te volg.

Wanneer die aard van die respondente wat betrek is by hierdie navorsing in ag geneem word, kan die afleiding gemaak word dat sosiale aanvaarding 'n belangrike rol sal speel by die vorming van houding, aangesien groepdruk by tieners 'n belangrike faktor is (kyk 1.9.2: Portuurgroepe).

1.6 OPINIEVERANDERING KAN HOUDINGSVERANDERING BEMIDDEL

Houding ontstaan volgens Insko (1967:335) as gevolg van 'n onderliggende behoefte of deur stimulasie deur 'n relevante wenk in die omwêreld van 'n persoon, terwyl die verandering van houding plaasvind wanneer 'n houding nie meer 'n behoeftebevredigende funksie verrig nie.

Insko (1967:12) haal Hovland, Janis en Kelley (1953) aan wat meen dat opinieverandering een van die hoofwyses is waardeur houding verander kan word. Opinies is oortuigings soos interpretasies en verwagtings, terwyl houding implisiete reaksies is wat so georiënteerd is om 'n voorwerp, simbool (of feit) te aanvaar of om dit af te keur, sodat die persoon dus positief of negatief reageer daarop. Volgens Insko

bestaan beide begrippe binne 'n noue verband van wedersydse samewerking; die nouste verband is dié tussen houdingsverandering wat meegebring word deur 'n verandering van opinie.

'n Persoon se opinie mag onveranderd bly totdat 'n nuwe leerondervinding opgedoen word. Hierdie leerondervinding moet nie slegs as 'n akademiese ondervinding beskou word nie, maar kan enige nuwe kennis wees wat deur die opinievormer opgedoen word. Nuwe omstandighede, soos 'n nuwe groeistadium by die onvolwassene, 'n belangrike gebeurtenis, of 'n nuwe leefruimte mag onder baie andere nuwe leerondervinding meebring. Die respondente wat betrokke is by hiérvan navorsing is gemiddeld 16 jaar oud, en dus nog nie volwasse nie, maar hulle het 'n nuwe groeistadium, naamlik puberteit betree. Hierdie ouderdomsgroep is oud genoeg om 'n eie opinie te kan vorm, maar heg steeds baie waarde aan groepsaanvaarding en -opinie. Die opinie van die groep kan dus by die respondente 'n houdingsverandering bemiddel.

Volgens Insko (1967:13) is drie van die belangrikste veranderlikes wat betrokke is by die aanleer van 'n nuwe opinie aandag, die verstaan van die onderwerp en die aanvaarding daarvan. Die onderwerp moet met ander woorde vir die persoon interessant en aanneemlik wees voordat hy of sy dit sal aanvaar. Drie verwagtinge word deur Insko uitgelig: die eerste is of dit wat voorgehou word as reg of verkeerd beskou word deur die opinievormer, tweedens is daar die manipulerende aspek waartydens 'n persoon dalk beïnvloed word om die nuwe konsep te aanvaar en laastens is daar die verwagting van sosiale aanvaarding óf afkeur. Sosiale aanvaarding, wat ook verbale versterking insluit, word gesien as 'n positiewe beloning en sal aanvaarding van die konsep deur die opinievormer fasiliteer, waardeur houdingsverandering bewerk kan word.

1.7 FUNKSIES WAT HOUDING TEENoor PERSOONLIKHEID VERRIG

Die persoonlikheid van 'n persoon word grootliks deur die houding tot sy omwêreld gevorm. Sekere houdings word waarskynlik verkies aangesien dit die persoon se aanpasbaarheid by sy omwêreld vergemaklik. Tieners kan byvoorbeeld verkies om op 'n spesifieke manier te praat wat afwykend van die norm is, of om deur hul kleredrag solidariteit met hul portuurgroep te toon.

Insko (1967:334-335) haal Katz (1960) aan wat die volgende funksies wat houding teenoor persoonlikheid verrig, kortliks noem:

1.7.1 Die bruikbare, aanpasbare of nuttige funksie.

1.7.2 Die ego-beskerende funksie wat die persoon toelaat om homself te beskerm teen die erkenning van basiese waarhede oor homself of die harde werklikhede binne sy eksterne wêreld.

1.7.3 Die waarde-beeldende funksie, waardeur die individu bevredig word deur die uitdrukking van houdings wat by sy persoonlike waardes en selfbeeld pas. Hierdie funksie speel 'n belangrike rol by selfuiting ("self-expression), eiewaarde, selfverwesinliking en -ontwikkeling.

1.7.4 Die kennisfunksie word gebaseer op die individu se behoefte om 'n bevredigende struktuur aan sy wêreld te gee. Dit is die soeke na betekenis, die behoefte om te verstaan, die neiging tot beter organisasie van waarnemings en oortuigings om klaarheid en vastigheid aan die individu te besorg.

1.8 HOUDING TEENoor TAAL (IN BESONDER TAALVARIASIE)

Deur taal orden die mens volgens Engelbrecht (1986:134) sy wêreld en word sy "singewing in die geheel van sy singewende bestaan sigbaar". 'n Persoon se taal hang saam met sy

"aksieveld" en verteenwoordig ook die vaslegging van die aard, kultuur en identiteit van die groep of volk waarin hy hom bevind. Engelbrecht haal Langeveld (1971) aan, wat meen dat taal die "bedding" is waarin die "denke vloei". Taal bemiddel volgens Engelbrecht (1986:140) sosiale kontak, en dit is 'n "erg persoonlike aangeleentheid".

Taalhouding word deur Ryan (1982:7) beskryf as alle affektiewe, kognitiewe of gedragsindekse van evaluerende aard wat gerig is op reaksies teenoor verskillende taalvariante of hul sprekers.

Baie van 'n individu se gedrag vind binne sosiale konteks plaas, manifesteer linguisties en word deur kognitiewe prosesse bemiddel. Dit is dus dikwels onmoontlik om linguistiese en sosiale prosesse (wat gedrag en houding insluit) te skei. Giles skryf in die voorwoord tot Ryan (1982) dat 'n spreker se taalgedrag nie alleen die norme van die situasie, soos wat dit deur hom/haar waargeneem word, reflekteer nie, maar dat enige taalgedrag kreatief kan optree om die aard van die situasie vir die betrokke individu te definieer of te herdefinieer. Taalgedrag kan grootliks afhang van hoe sprekers hul eie sosiale en psigologiese eienskappe kognitief voorstel. Volgens Robinson (1972:73) is spraak slegs een van die bronne van inligting ten opsigte van sosiale identiteit. Robinson noem ook in hierdie verband fisiese karaktereienskappe, kleredrag, liggaamshouding, en gebare. Sommige van bogenoemde karaktereienskappe, wat as sosiale merkers beskou kan word, hang nou saam met spesifieke spraakpatrone of taalgedrag. Claassen (1983:235) sluit hierby aan, en meen dat linguistiese heterogeniteit die sosiale orde van sprekers binne die taal reflekteer.

Die kenmerke wat sosiale goepe binne 'n gemeenskap onderskei van mekaar, word volgens Ryan (1982:1) dikwels gereflekteer deur taalvariasie en die houding teenoor genoemde variasies. Du Plessis (1988:18 en 19) onderskei tussen twee soorte taalvariasie, naamlik interne variasie, wat kan ontstaan

binne 'n bepaalde taal, sonder dat daardie variasie gevoed word deur die invloed van enige ander taal. Die tweede soort variasie noem Du Plessis **kontakvariasie**. Laasgenoemde soort taalvariasie ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die sprekers van 'n spesifieke taal se kontak met 'n ander, gewoonlik dominante taal. Die groep wat as respondente vir die navorsing gedeelte van hierdie verhandeling gekies is, naamlik Afrikaanse tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar, word as sosiale groep onder andere gekenmerk deur die aanwending van taalvariasie. Die soort variasie word gekenmerk deur die invloed wat die dominante taal (Engels) op die groep se moedertaal (Afrikaans) uitoefen, en kan dus as voorbeeld van kontakvariasie beskou word.

Kontakvariasie impliseer wedersydse beïnvloeding deur die betrokke tale. Volgens Du Plessis (1988:25) gebeur dit selde dat die kontaktale mekaar ewe veel beïnvloed. Faktore soos onder andere politieke mag, hoër kulturele ontwikkeling, ekonomiese mag, bepaal watter taal binne die kontaksituasie die minste deur ander beïnvloed word. Hierdie taal word dan gewoonlik as die meerderheidstaal beskou. Claassen (1983:27) noem bogenoemde beïnvloeding **taalversteuring**, en haal Weinreich (1953:1) aan wat taalversteuring soos volg definieer: "Instances of deviation from the norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language". Taalversteuring kom voor by die spraakpatroon van die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, aangesien Engels (die meerderheidstaal binne die respondente se omwêreld) 'n aansienlike invloed uitoefen op hul woordeskat (kyk 4.1: Bespreking van navorsingsdata).

Taalvariasie impliseer die bestaan van 'n ander/genormeerde vorm van dieselfde taal. Hierdie "prototipe" staan in die sosiolinguistiek bekend as die standaardtaal. Hoewel Du Plessis (1988:33 en 34) dit moeilik vind om hierdie moeilik vaspenbare begrip deur 'n definisie te omskryf, bied hy die volgende beskrywing: "AB (standaardtaal) is tradisioneel dié vorm van 'n taal wat vir die hoë taalfunksies gebruik word

en wat die gebruiker se herkoms, veral geografiese herkoms, die minste verrai". Standaardtaal word beskou as die "normdialek, waaraan variasies gemeet kan word".

'n Groep wat binne 'n taalgemeenskap gevorm word en dikwels afwyk van die norm, deur onder andere uitspraak of leksikonaanwending, word 'n spraakgemeenskap⁴ genoem. 'n Spraakgemeenskap kan volgens Ryan (1982:1) ontstaan uit lede van verskillende tale, of 'n groep met 'n kontrasterende "styl" binne dieselfde taal. Die dominante groep bevorder die gebruik van hul taalpatroon of spraakstyl as die model wat benodig word vir taalvoortgang; die gebruik van laer prestigewaardetale, of dié van minderheidsgroepe verminder die spreker se kans tot sosiale sukses, maar bevorder groepsolidariteit. Selfs binne 'n taal mag uitspraak, intonasie of woordeskat groepsidentifikasie aandui. Volgens Wolfson (1989:61) wend lede van 'n groep 'n kommunikatiewe stelsel aan om daardeur 'n aanvaarbare omgewing te skep waarbinne sprekers en aangesprokenes reageer op mekaar se spraakwyses sowel as reaksies. Volgens Tannen (1982:218-219) word 'n spreker se reeks bekende spraakstrategieë sosiaal bepaal, terwyl elke individu ook oor 'n stel strategieë (wat Tannen as "habitual" beskryf) beskik, wat uniek is binne die reeks.

Spraak kan sekere wenke bied oor die eienskappe van die spreker:

- * persoonlike eienskappe soos geslag, ouderdom, intelligensie;
- * lidmaatskap van 'n sosiale groep, byvoorbeeld streek of plek van herkoms, etnisiteit, sosiale klas en beroep;
- * sielkundige toestand, byvoorbeeld behoefte aan

⁴ 'n Spraakgemeenskap kan omskryf word as 'n gemeenskap wat gedragsreëls deel vir spraak en die interpretasie daarvan, sowel as reëls vir die interpretasie en aanwending van ten minste een linguistiese variant.

sosiale aanvaarding, belangstelling in die voortsetting van interaksie, angstigheids en depressie.

Die keuse van 'n spesifieke spraakstyl en die daaropvolgende evaluasie deur die luisteraars hang af van die spesifieke situasie en van die simboliese waardes wat met die gekose style geassosieer word, as dit gekontrasteer word met die relevante alternatiewe taalstyle (Ryan 1982:2). Sprekers van een taal kan volgens Wolfson (1989:49) dikwels deelneem aan meer as een spraakgemeenskap, elk met hul eie norme en spraakreëls. Die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, neem waarskynlik aan genoemde twee spraakgemeenskappe deel, naamlik dié van hul portuurgroep wat 'n minder formele, tienerjargon praat, en dié taal van die sogenaamde "grootmensewêreld", wat 'n meer genormeerde, formele Afrikaans praat.

Twee sosiostrukturele bepalers van hoe 'n taalvariant binne 'n gemeenskap geëvalueer word, is volgens Ryan (1982:3) standaardisering en lewenskrag. Standaardisering vind plaas indien 'n stel norme wat die "korrekte" gebruik van die taal identifiseer, geraadpleeg is en die taalvariant aanvaar is binne die gemeenskap. Die tweede bepaler van taalhouding het te make met die mate van lewenskrag, byvoorbeeld die interaktiewe netwerke waarvoor die taalvariant aangewend word, sowel as die sosiale funksies. Hoe meer en hoe belangriker die funksies binne die gemeenskap is, hoe groter is die lewenskrag ("vitality") van die taalvariant. Die taalvariant van die respondente wat deur hierdie navorser gebruik is, toon sterk tekens van genoemde lewenskrag, aangesien dit as kommunikasiemiddel binne die interaktiewe netwerk aangewend word, en 'n besliste sosiale solidariteitsfunksie vervul.

Diglossie is volgens Ryan (1982:8) een van die gevolge van die gebruik van 'n taalvariant binne 'n gemeenskap. Dit vind plaas wanneer een taalvariant (die sogenaamde "hoër" variant) vir die formele funksies van kommunikasie aangewend

word, terwyl die ander variant (die sogenaamde "lae variasie") gebruik word deur die "ingroep" binne meer informele, intieme interaksies. Sosiale grense word dus deur die voorkoms van diglossie onderstreep.⁵ Die voorkoms van diglossie is kenmerkend van die resonodentgroep, aangesien hulle 'n meer gestandaardiseerde weergawe van Afrikaans met hul onderwysers en ander gesagsdraers praat, maar wanneer hulle met hul maats praat, en die sosiale grense dus verskuif, kan hul taalaanwending as 'n taalvariant beskou word, aangesien dit afwyk van Standaardafrikaans. Die mate van standaardisasie kan ook die mate van lewenskrag voordelig beïnvloed. Deur nuwe woordvariante en leksikonitens as deel van die taal te aanvaar, word taalgroei bevorder.

1.9 GROEPE

1.9.1 Groepvorming

Mense rangskik hulself in groepe om verskeie menslike behoeftes te bevredig (Bar-Tal 1989:5). Intergroepgedrag word bepaal deur persepsies, menings en houdings; dit word nie instinktief of sonder nadenke uitgevoer nie, maar word voorafgegaan deur kognitiewe prosesse, wat as één van die resultate die vorming van stereotipes en vooroordele teenoor ander groepe bevat. Die proses bevorder strukturering en 'n mate van eksklusiwiteit of differensiasie van die groep. Groeplede deel sekere sosiale en ander gedrag wat gewoonlik afwykend is van die norm. 'n Groep kan as sulks geklassifiseer word op grond van sekere eienskappe wat hulle gemeen het met mekaar, onder andere ras, velkleur, gewoontes en taal. Dit is die navorser se mening dat die respondentgroep, naamlik Afrikaanse tieners (gemiddeld 16 jaar oud) in KwaZulu-Natal hulself as groep stereotipeer en sodoende 'n eksklusiwiteit skep wat solidariteit ('n

⁵ Diglossie kan ook plaasvind wanneer twee verskillende tale vir onderskeidelik die formele en die informele funksies van sosiale interaksie aangewend word. Dit hoef nie noodwendig twee variante van dieselfde taal te wees nie (Ryan 1982:8).

"ons"-groep) binne die groep en ook met anderstalige tieners bewerk.

Die lede van 'n groep kan hulself of ander groepe stereotipeer. Hierdie stereotipering is nie noodwendig negatief van aard nie. Bar-Tal (1989:5) haal Ashmore en Del Boca (1981) en Brigham (1971) aan wat stereotipering definieer as "a set of beliefs about the personal attributes of a group of people". Bar-Tal voeg by dat stereotipering kategorieë skep wat samehang en ordening bring binne 'n sosiale omgewing; dit help om een groep van 'n ander te onderskei en om groepsolidariteit te bevorder. Vooroordeel beteken volgens Bar-Tal (1989:8) 'n houding teenoor lede van 'n buitengroep of "outgroup" (die "hulle"-groep teenoor die "ons"-groep) waarin die evaluerende tendense oorwegend negatief is. Stereotipering en vooroordeel kan as nou verwant aan mekaar gesien word, aangesien die een aanleiding tot die ander mag gee.

Tajfel (1981 en 1982 - soos deur Bar-Tal 1989:157 bespreek), meen dat individue gemotiveer word om 'n positiewe sosiale groepsidentiteit te verkry. Dit word teweeggebring deur die persepsie dat hul eie groep as positief en uniek gesien word. Die behoefte aan positiewe groepsuitsonderlikheid, is 'n manifestasie van die behoefte om die groep (en die individuele lede daarvan) te beskerm en sosiale groepsidentiteit te bevorder; daar hoef nie noodwendig antagonisme teenoor 'n ander groep of die normgroep te bestaan nie. Hierdie situasie kan waarskynlik waargeneem word by die respondente (Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal), aangesien hulle as minderheidsgroep moontlik die behoefte het aan groepsolidariteit eerstens as tieners, en tweedens as Afrikaanssprekendes.

1.9.2 Portuurgroepe

Dit is in die menslike aard om deel te wees van 'n groep. Nooit is hierdie drang so sterk as tydens die adolessensie nie. Die identifikasie met 'n portuurgroep maak dit volgens

Engelbrecht (1986:90) makliker wanneer 'n persoon in sy strewe na onafhanklikheid en volwassenheid wegbeweeg van sy ouers af.

'n Portuurgroep word volgens Louw (1992:437) beskou as "'n groep met sy eie waardes en norme". Dit kan ook gesien word as 'n verwysingsgroep van persone wat min of meer dieselfde belangstellings deel en wat hulself ook oor die algemeen in dieselfde lewenstadium bevind. Binne die portuurgroep vind die adolessent die aanvaarding en geborgenheid waarna gesmag word. Die portuurgroep word as 'n "ons"-groep ervaar, teenoor die "hulle"-groep van hul omwêrld. Omdat die drang na aanvaarding so groot is, konformeer die adolessent volgens Engelbrecht (1986:90) in 'n groot mate met die groep se kleredrag, haarstyle, spraakstyl en uitdrukkings, gedragswyses, musieksmaak en so meer. 'n Spraakstyl wat as sleng beskou kan word, word gewoonlik meestal deur adolessente onderling aangewend en is 'n belangrike samebindende faktor of "solidarity marker" (Holmes 1992:184). Dit is nie verbasend dat mense se spraak die tipe sosiale netwerk reflekteer waarin hulle hul bevind nie. Wanneer die mense met wie 'n persoon gereeld kommunikeer aan 'n min of meer homogene groep behoort, sal die persoon waarskynlik soos die groep wil praat om aanvaarding te bewerkstellig (Holmes 1992:203). Dit het tydens die navorsing geblyk dat die respondente, wat uit tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar bestaan, groot waarde heg aan solidariteit met hul portuurgroep. Hierdie groep se unieke spraakstyl, of sosiolek (wat as sleng geklassifiseer kan word), word beskou as 'n belangrike deel van hierdie navorsing.

Baron (1974:316) maak gebruik van die terme **kohesie** en **konformiteit**.⁶ Wanneer die kohesiefaktor hoog is, met ander woorde wanneer die persoon sterk aangetrokke voel tot die groep en baie graag deur hulle aanvaar wil word, is die

⁶ Hierdie twee aspekte word deur die navorser beskou as die kern van portuurgroepdruk en as twee baie belangrike faktore wat groepsolidariteit bepaal en bewerk by tieners.

begeerte tot konformiteit groot. Hulle wil graag "soos die groep wees", daarom sal persone waarskynlik sosiale invloed van vriende of dié wat hulle bewonder, geredelik aanvaar. Die navorser het aandag aan hierdie aspek gegee, deur van die vrae op die vraelys só te struktureer dat dit die kohesiefaktor en/of die konformiteitsfaktor sal toets.

Sommige van die vrae wat hierdie aspek getoets het, was dié wat gehandel het oor die taal wat die respondente met hul Afrikaanse vriende praat. Die navorsingsdata het aan die navorser se verwagting voldoen dat baie min respondente slegs Afrikaans met hul Afrikaanse vriende praat. 'n Groot persentasie respondente gee ook nie om om hul tale te meng nie, sodoende voel hulle dat hulle deel van die "ons"-groep is, wat "só" praat. Die meerderheid respondente het aangetoon dat hulle Engelse woorde gebruik wanneer hulle Afrikaans praat, omdat hulle dit verkies, en omdat dit vir hulle lekker of maklik is, en nie omdat hul vriende dit verkies nie. Die navorser meen egter dat die respondente die invloed en belangrikheid van groepsdruk onderskat. Die feit dat dit vir hulle lekker en makliker is, onderstreep die feit dat dit hul kommunikasie met soortgelyke sprekers (dus hul portuurgroep) vergemaklik. Kohesie en konformiteit met die portuurgroep word dus sodoende (moontlik selfs onbewustelik) bewerk.

Die groep resondente wat die navorser vir die doel van hierdie navorser gekies het, toon uit die aard van hul lewenstadium (gemiddeld 16 jaar oud) 'n groot behoefte aan konformiteit. Die kohesiefaktor is baie hoog by hierdie groep; dit word duidelik waargeneem by hul kleredrag, haarstyle, gedragswyses, musieksmaak en veral spraakstyl. Die begeerte om deel te wees van 'n eksklusiewe "ons"-groep wat onderskei kan word van die "hulle"-groep (volwassenes) skep die ideale geleentheid vir die navorser om die houding van 'n spesifieke respondentgroep te toets. In hierdie geval die houding van Afrikaanssprekende tieners in KwaZulu-Natal ten opsigte van Afrikaans, die toekoms van Afrikaans en die aanvaarding van Engelse en sleng-woorde as deel van

die algemene spreektaal.

1.10 TAALSTERFTE

Die doel van hierdie navorsing is om die houding van Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal (met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar) teenoor Afrikaans en die voortbestaan daarvan te toets. Die respondente se houding teenoor die invloed van Engels op Afrikaans en die gebruik van Engelse woorde en/of sleng-woorde wanneer Afrikaans gepraat word, maak ook deel uit van die navorsing. Die uiteindelijke doel van die navorsing is om die houding van die respondente ten opsigte van die behoud of afskaling en moontlike sterfte van Afrikaans te bepaal.

Indien daar 'n gevaar is dat Afrikaans baie afgeskaal sou word, en die taal gevolglik gevaar loop om moontlik uiteindelik uit te sterf, sou dit noodsaaklik wees om ondersoek in te stel na die stadia van taalsterfte sowel as die faktore wat 'n invloed mag hê op die voortbestaan of agteruitgang van 'n taal. Die houding van die sprekers⁷ van 'n spesifieke taal speel 'n belangrike rol by taalbehoud of -verlies.

1.10.1 Stadia van taalsterfte

1.10.1.1 Taalverlamming is een van die eerste stadia in die proses van taalsterfte. Volgens Markey (1987:6) is dit die onvermoë om jouself kreatief in jou eie taal te kan uitdruk.

1.10.1.2 Taalverplasing is 'n stadige proses van verplasing of verskuiwing deur die sprekers van die minderheidstaal na die meerderheidstaal. Die funksies van die minderheidstaal word tydens taalverplasing al meer oorgeneem deur die dominante of meerderheidstaal. Soos wat die gebruiksfere van die

⁷ Daar moet in gedagte gehou word dat dit in hierdie navorsing gaan om die sprekers van Afrikaans - tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar in KwaZulu-Natal. Die navorser wil nie met hierdie navorsing te kenne gee dat die navorsingsdata verteenwoordigend is van alle sprekers van Afrikaans in Suid-Afrika nie.

minderheidstaal al minder word, raak die sprekers van die minderheidstaal al minder bedrewe daarin (Holmes 1992:62). Schuring (1993:9) noem bogenoemde verplasing van taal taalverskuiwing. Dit is waar daar 'n geleidelike vervanging van die eie huistaal met 'n ander taal is, om redes soos interetniese huwelike, strewe na sosiale vooruitgang, die invloed van 'n dominante taal as skooltaal en lingua franca, migrasie na 'n ander taalgebied, die lae of hoë status van 'n taal, en die yl of digte verspreiding van die sprekers van 'n taalgroep.

'n Minderheidstaal is die taal wat deur die minderheidsgroep gepraat word. Allardt (1984:203) meen dat die status van 'n minderheidsgroep nie alleen deur demografiese faktore bepaal word nie, maar onder meer ook deur sekere patrone van sosiale ondergeskiktheid, wat kan afhang van faktore soos militêre onderdrukking, politieke mag en ekonomiese dominerings, wat ook sosiale aspekte kan insluit. Taalverplasing vind gewoonlik eerste by die hoër taalfunksies plaas, soos onder andere dié van die staatsdiens, die regstelsel en skole, waarna die laer taalfunksies deur die meerderheidstaal beïnvloed en selfs verplaas word. Volgens Holmes (1992:63) vind daar gewoonlik eers 'n geleidelike vermindering in die kompleksiteit en verskeidenheid van strukturele aspekte van die minderheidstaal plaas, klankreëls word vereenvoudig en grammatiese patrone raak minder kompleks, waarna die woordeskat al kleiner raak.

Die dominante of meerderheidstaal word geassosieer met status, prestige en sosiale sukses. Dit word aangewend in die "glamour contexts" in die breër gemeenskap: formele toesprake, die media (soos die nuus op televisie en radio), en deur diegene wat veral deur jongmense bewonder word, soos popsterre, modelle, en platejoggies (Holmes 1992:61).

1.10.1.3 Wanneer 'n taal sterf, beteken dit dat so 'n taal nie meer genoeg sprekers het om te kan voortbestaan nie, of dat die taal nie meer algemeen gebruik word deur sy sprekers

nie, waarskynlik omdat die gebruik van die dominante, omringende taal meer voordele inhou. Volgens Holmes (1992:62) kan hierdie proses stadig plaasvind en stel hy taalverplasing gelyk aan 'n stadige proses van taalsterfte.

Tydens die verwerking van die navorsingsdata het dit geblyk dat, hoewel die houding van die respondente oor die algemeen (alhoewel nie in 'n baie groot mate nie) positief is teenoor Afrikaans en die voortbestaan van die taal, daar tog duidelike tekens van taalverlamming en taalverplasing voorgekom het. Die invloed en die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde was faktore wat grootliks deur die respondente as positief ervaar is. Vrae wat hierdie aspekte getoets het, was onder andere dié oor watter taal met Afrikaanse of Engelse vriende gepraat word, die vermenging van tale, gemak/ongemak wanneer suiwer Afrikaans met vriende gepraat word, of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, of mens iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans kan sê, of Engels meer intelligent as Afrikaans klink, en so meer. (Daar kan meer oor hierdie afdeling in Hoofstuk 4 : Bespreking van navorsingsdata, gelees word).

1.10.2 Faktore wat 'n invloed kan hê op die voortbestaan van 'n taal

Daar is talle faktore wat 'n invloed kan hê op die voortbestaan van 'n taal. Hieronder word kortliks aandag geskenk aan 'n paar faktore.

1.10.2.1 Ekonomiese, sosiale en politieke faktore kan 'n minderheidstaalgemeenskap noop om taalverplasing toe te pas. Die toekomstige ekonomiese waarde van 'n taal word as 'n baie belangrike faktor deur ouers en kinders beskou. Hoe meer funksies steeds deur die minderheidstaal vervul word, hoe langer sal die taal gebruik word, maar die moontlikhede word grootliks bepaal deur sosio-ekonomiese faktore, soos veral werkseleenthede.

Tweetaligheid kan lei tot taalverplasing, of soos Claassen

(1983:27) die verskynsel noem: taalversteuring. Daar sal aan hand van die navorsing tydens hierdie verhandeling bepaal word of taalverplasing of -versteuring voorkom by KwaZulu-Natalse tieners, waar die invloed van Engels, as die dominante meerderheidstaal groot is. Volgens die 1994-verslag van die Sentrale Statistiekdiens (Sentrale Statistiekdiens RSA) word die volgende totale aangebied ten opsigte van die huistale van die blanke, Indiër en kleurlingwonders in KwaZulu-Natal:

AFRIKAANS	ENGELS	AFRIKAANS EN ENGELS
100 494	732 962	3 768

Holmes (1992:65) noem tweetaligheid "always a necessary precursor of language shift", maar voeg by dat dit nie noodwendig altyd tot taalverplasing en dus uiteindelijke taalsterfte lei nie, maar bloot as stabiele diglossie kan funksioneer. De Jong (1986:25) vestig die aandag op 'n verdere nadeel van tweetaligheid wat moontlik kan lei tot taalverplasing, naamlik: "...the child does not acquire firm emotional ties with either of the two cultures or languages". Tweetaligheid hou egter die voordeel in dat die persoon toegang het tot meer kennis. Dit bevoordeel verder die student wat dikwels op tersiêre vlak moet gebruik maak van bronne wat nie in Afrikaans beskikbaar is nie.

Die navorser het bevind dat die Groep 2-skole (dubbelmediumskole waar Afrikaans in die minderheid is) die hoogste persentasie aangeteken het ten opsigte van tweetalige ouers en Engels as huistaal. Hierdie groep praat ook relatief min Afrikaans binne sekere sosiale verbande, gebruik graag Engelse woorde in geskrewe kommunikasie en dink Engels is meer "sexy" as Afrikaans (die manlike respondente het by hierdie vraag die hoogste persentasie aangetoon). Die navorser is van mening dat tweetaligheid binne skoolverband, sowel as binne huisverband die moontlikheid van taalverplasing bevorder.

Wanneer 'n taalgemeenskap geen rede sien om aktiewe stappe

te neem om hul taal te behou nie, mag dit volgens Holmes (1992:65) wees dat die gemeenskap óf voel dat die behoud van hul taal nie voordele inhou vir hul kinders nie, óf hulle besef waarskynlik nie dat die voortbestaan van hul taal bedreig word nie. Dit is moontlik dat hierdie situasie ook geld in KwaZulu-Natal. Daar word gehoop dat die navorsing sal bepaal wat die houding van die respondente (tieners in KwaZulu-Natal) teenoor die toekoms van Afrikaans sowel as die invloed van Engels op die taal is.

Polities-wetlike faktore bepaal die mate van toegang wat 'n minderheidsgroep tot die politieke hulpbronne het. Die mate waarin 'n minderheidsgroep oor taalregte beskik, val saam met die mate van politieke toegang. Die waarborg van taalregte mag verseker dat die groep toegang het tot die hoër taalfunksies, wat staatskommunikasie en skoolopleiding in hul moedertaal insluit (De Vries 1984:210). 'n Uiteers onsimpatieke regering mag selfs so ver gaan om enige gepubliseerde weergawes van 'n spesifieke (minderheids)-taal, onder andere toneelstukke en radio- en televisieuitsendings te verbied. Paradoksaal kan juis hierdie verbod 'n taalbewussyn by die sprekers van die onderdrukte taal laat ontvlam, wat ook die gematigdes tot aksie kan aanspoor om die taal aktief tot hulp te kom (Steyn 1980:351).

Nasiebou, wat kan beteken dat 'n regering onder andere 'n een-taal-een-nasie-beleid sal volg, kan volgens Holmes (1992:110) lei tot taalverplasing. In multitalige lande soos Suid-Afrika sal politieke en ekonomiese mag beslis 'n rol speel by die keuse van 'n enkele landstaal. Wanneer Afrikaans teen Engels opgeweeg word, sal dit onteenseglik Engels wees wat die meerderheidstaal in Suid-Afrika sal wees. Engels sal talle politieke, ekonomiese en sosiale voordele vir die sprekers daarvan inhou, en dit sal waarskynlik hierdie taal wees wat as die enkele landstaal verkies sal word.

Huwelike tussen mense van verskillende tale kan tot gevolg hê dat taalverplasing plaasvind. Een taal, waarskynlik die

dominante meerderheidstaal, word gewoonlik ten koste van die minderheidstaal in die huis gebruik. Dikwels maak die kinders wat uit so 'n huwelik gebore word maats met vriende wat die dominante taal praat (in die geval van sulke kinders in KwaZulu-Natal sal hierdie taal Engels wees) en die skoolmedium sal ook waarskynlik die dominante taal wees. Aangesien die kinders in bogenoemde gevalle waarskynlik meer tuis sal wees om die dominante taal te praat, is die moontlikheid groot dat huweliksmaats ook uit hierdie taalgroep gekies sal word. Totale taalverplasing sal dus waarskynlik in bogenoemde gevalle binne die bestek van twee geslagte plaasvind. Holmes(1992:68) meen dat indien die minderheidstaal die moeder se taal is, dit meer geredelik deur die gesin gebruik sal word, maar dat die verkuiwing na die meerderheidstaal waarskynlik tog uiteindelik sal plaasvind.

1.10.2.2 Holmes (1992:66) beskou demografiese faktore as relevant wanneer daar na taalverplasing gekyk word. 'n Taal kan as 'n minderheidstaal geklassifiseer word op grond van die aantal sprekers daarvan, maar ook om politieke, ekonomiese en sosiale redes.

1.10.2.3 Volgens Holmes (1992:69) vind taalverplasing stadiger plaas wanneer die sprekers van die minderheidstaal hoë waarde daaraan heg. 'n Positiewe houding ten opsigte van die minderheidstaal en die toekomstige waarde daarvan word deur Holmes beklemtoon as faktor tot taalbehoud. Alhoewel die meeste respondentskoolgroepe tydens hierdie studie 'n positiewe houding teenoor die toekoms van Afrikaans getoon het, is dit opvallend dat die respondente by die Afrikaansmediumskole in KwaZulu-Natal die minste positief voel oor die toekoms van Afrikaans. (Kyk 4.1.36). By hierdie skole is daar ook 'n meer positiewe houding teenoor die gebruik van Engels en Engelse woorde wanneer Afrikaans gepraat word. Die navorser meen dat hierdie resondente dit nie self by hul huis en skool beleef dat Engels die dominante taal is nie, en slegs die "glamour context" (Holmes 1992:61) van Engels beleef, soos onder andere deur

die media verbeeld word. Dit is dus paradoksaal dat dit juis by hierdie skole is (waar die leerlinge slegs deur die medium van Afrikaans onderrig word, en waar daar geen Engelssprekende leerlinge is nie) dat die houding as "negatief" gesien kan word, en dus as bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans beskou kan word.

Waar 'n minderheidstaalgroep kan staatmaak op ondersteuning van die regering van die land sodat opvoeding, kerke, die wet, staatsadministrasie en die media steeds gebruik kan maak van die minderheidstaal, is taalbehoud 'n moontlikheid (Holmes 1992:73).

1.10.3 Enkele gevolge van taalverplasing

Die gevolge van taalverplasing sluit nou aan by die simptome sowel as die stadia van taalsterfte.

1.10.3.1 Assimilasie van woorde uit 'n dominante taal vind dikwels plaas tydens taalverplasing, wanneer die sprekers van die minderheidstaal hul wend tot die dominante, omringende taal om sekere bruikbare taalkomponente te assimileer. Hierdie komponente mag name wees van nuwe konsepte, gevoelswoorde, uitroepe en woorde in werks- of ontspanningsverband. Volgens Markey (1987:8) hoef hierdie assimilasie nie noodwendig 'n aanwyser of gevolg vir 'n sterwende taal te wees nie, maar bloot 'n strategie waarmee die sprekers van die minderheidstaal hul taal (dalk onwetend) interessant probeer maak om daardeur oorlewingsmoontlikhede te vergroot. So 'n tendens sou veral duidelik blyk uit tienertaal. Dit het uit die navorsing duidelik geblyk dat die respondente (tieners in KwaZulu-Natal) graag gebruikmaak van Engelse en/of sleng-woorde, omdat dit vir hulle "lekker" is. Dit skep by hulle 'n solidariteitsgevoel met hul "ons"-groep (portuurgroep), teenoor die "hulle"-groep.

1.10.3.2 Minimale taalverlamming kan voorkom. Hierdie simptome het te make met die onvermoë om jouself goed te kan uitdruk

in jou eie taal, en die spontane bysleep van woorde uit 'n ander taal (Markey 1987:6). Alhoewel hierdie verskynsel nie noodwendig 'n simptome van ernstige taalverlamming is nie, kan dit tydens die proses van taalverplasing of taalsterfte voorkom. Die fisiese omgewing van die spreker, sowel as groepdruk, taalvermoë, opvoeding en ook die stadium van volwassenheid kan 'n rol speel by minimale (soms ook tydelike) taalverlamming. Die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, is onderhewig aan invloede soos 'n baie sterk meerderheidstaal (Engels in KwaZulu-Natal), groepdruk (as gevolg van hul ontwikkelingstadium) en onvolwassenheid ten opsigte van karakter- en taalontwikkeling (die respondente is nog tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar); tydelike minimale taalverlamming kan dus beslis 'n faktor wees.

1.10.3.3 Wanneer 'n kind tweetalig grootword, word daar soms nie sterk emosionele bande met enige een van die twee kulture of tale gevorm nie, dit kan 'n ekstra las op die kind plaas (De Jong 1986:25 en 33). Volgens Holmes (1992:65) is tweetaligheid 'n voorloper vir taalverplasing. Alhoewel die navorser hierdie stelling aanvaar, moet daar bygevoeg word dat dit nie deurgaans die geval sal wees nie; die omwêreld waarin die persoon hom of haar bevind sal 'n belangrike rol speel ten opsigte van die verplasing van 'n taal al dan nie. Wanneer taalverplasing wel voorkom, is dit feitlik deurgaans 'n verplasing na die taal van die dominante taalgroep (Holmes 1992:61) - in die geval van die respondente is die dominante taalgroep Engels.

1.10.3.4 'n Afname in die taal se mediablootstelling kan een van die gevolge van taalverplasing wees. Aangesien die radio en televisie dikwels onder beheer van die staat staan, kan die staatsbeleid oor tale ook die elektroniese media bïnvloed (Steyn 1984:9). Hierdie afname kom by tye van hierdie verhandeling reeds voor by hierdie Suid-Afrikaanse media. 'n Afname in belangstelling in die geskrewe media, sowel as die kultuurlewe van die minderheidstaalgroep kan ook 'n gevolg wees van taalverplasing. Steyn (1984:16) betwyfel dit

of 'n "bloeiende kultuurlewe" moontlik sal wees as 'n taal sy ampelike status verloor.

1.10.3.5 Taalvermenging - die gebruik van woorde en uitdrukkings uit die tweede taal in die moedertaal - sluit aan by minimale taalverplasing (Prinsloo 1984:93), en is kenmerkend van Afrikaans in Suid-Afrika. Taalvermenging maak 'n groot deel uit van veral die tieners se spraakpatroon. Hierdie aspek kan 'n gevolg wees van taalverplasing en taalsterfte. Taalvermenging kom algemeen voor by die respondente wat by hierdie navorsing betrek is. 'n Groot persentasie van die respondente het aangetoon dat hulle hul tale vermeng wanneer hulle Afrikaans met Afrikaanse vriende praat. Daar word ook 'n groot mate van ongemak ervaar wanneer suiwer Afrikaans met Afrikaanse vriende gepraat word.

1.10.3.6 Identiteitverplasing mag plaasvind as gevolg van die invloed van die wêreldmedia sowel as die dominante taalgroep in die land (Du Plessis 1984:165). Hoe groter jou kennis van die tweede taal is, en hoe meer kommunikasie daarin plaasvind, hoe meer assosieer en identifiseer jy jou daarmee (Eastman 1981:45). In die huidige Suid-Afrika (ten tye van hierdie verhandeling), vind die meeste elektroniese mediakommunikasie deur middel van Engels plaas, daar is baie min Afrikaanse programme. Afrikaanssprekendes identifiseer dus waarskynlik baie meer met Engelse as met Afrikaanse karakters, en die moontlikheid is baie skraal dat hul mediarolmodelle Afrikaanssprekend sal wees. Die navorser sal ook hierdie aspek deur middel van die vraelys probeer navors.

HOOFSTUK 2

2 DIE NAVORSING

2.1 NAVORSINGSDOEL

Die doelstelling van hierdie verhandeling is om Afrikaanse tieners⁸ in KwaZulu-Natal se houding teenoor Afrikaans te bepaal. Daar sal ook ondersoek ingestel word na die houding van hierdie groep Afrikaanssprekendes ten opsigte van die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde as deel van die gebruikswoordeskate van Afrikaans, sowel as hul houding ten opsigte van die behoud of afskaling en uiteindelik dalk die moontlike sterfte van Afrikaans.

Die taalmilieu waarbinne hierdie verhandeling geplaas word, is dié van Engels en Afrikaans. Aangesien Engels in KwaZulu-Natal die grootste invloed op Afrikaans uitoefen en die ander tale se invloed minimaal is, en omdat dit die twee tale is wat die respondentgroep ken en gebruik, sal slegs Afrikaans en Engels vir die doel van hierdie studie in ag geneem word.

Volgens die 1994-verslag van die Sentrale Statistiekdiens (Sentrale Statistiekdiens RSA) word die volgende totale aangebied ten opsigte van die huistaal van die bruin, Indiër en blanke inwoners in KwaZulu-Natal:

AFRIKAANS	ENGELS	AFRIKAANS EN ENGELS
100 494	732 962	3 768

Die begrippe moedertaal en huistaal moet nie verwar word nie. Eersgenoemde is die taal wat eerste deur die kleuter aangeleer word en waarin die eerste kommunikasie plaasvind, terwyl huistaal die taal is wat die persoon tuis aanwend.

⁸ Die term "tieners" word aangewend om die respondente wat hoofsaaklik uit die Standaard 9-klasse gekies is, te benoem. Hierdie groep se gemiddelde ouderdom is 16 jaar.

Dit mag verskil van sy moedertaal (Odendal 1987:420 en 708). By die respondente is bevind dat taalverplasing (ten gunste van Afrikaans) by die ouers van 3% vroulike respondente en 0,4% manlike respondente plaasgevind het. Daar moet onthou word dat al die respondente se skoolmedium Afrikaans is, en daar dus geen aanduiding is van taalverplasing ten gunste van Engels by persone wat in die Engelsmedium is nie.

As gevolg van die demografiese minderheid van Afrikaanssprekendes in KwaZulu-Natal, sowel as die feit dat Afrikaans baie minder as Engels of ander tale gehoor word en baie swak in die media verteenwoordig word, word dit waarskynlik deur inwoners beleef dat Engels die belangrikste taal (selfs die enigste taal van veral sosiopolitieke belang) in KwaZulu-Natal is. Engels word deur sommige lede van die publiek, sowel as politieke, onderwys- en sakeleiers beskou as die vanselfsprekende lingua franca⁹ van Suid-Afrika, maar veral van KwaZulu-Natal (Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad 1995:11).

As gevolg van die feit dat Afrikaans waarskynlik deur talle Afrikaanssprekendes beskou word as 'n demografiese, en veral sosiopolitieke minderheidstaal, het die vraag by die navorser ontstaan oor die houding van Afrikaanssprekendes teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan. Die vermoede bestaan dat Afrikaanssprekendes en veral Afrikaanse tieners nie beseft dat Afrikaans in die tydperk vanaf 1995 waarskynlik in 'n bestaanstryd gewikkel mag wees nie, en dat hul houding daarom nie ingestel is op die moontlik afbrekende invloede wat op die voortbestaan van die taal inwerk nie. As Hoërskoolonderwyser was dit vir die navorser opvallend dat Afrikaanse tieners baie graag Engels praat, hul tale meng, met Engelse én Afrikaanse vriende Engels praat, die Engelse geskrewe of elektroniese media, musiek, en so meer verkies. Wanneer daar gepraat is van 'n bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans, was dit asof

⁹ Holmes (1993:86) beskou die term "lingua franca" as 'n term wat 'n taal beskryf wat dien as 'n gereelde wyse of medium van kommunikasie tussen twee verskillende linguïstiese groepe in 'n multilinguïstiese gemeenskap.

Afrikaanse tieners die houding ingeneem het dat dit slegs 'n strategie is om hulle skrik te maak sodat hulle sodoende suiwerder Afrikaans moet praat. Hulle het dit as 'n "grootmensprobleem" beskou.

Dit was vir die navorser ook opvallend hoeveel Afrikaanse tieners en ander jongmense in KwaZulu-Natal met Engelssprekende maats van die teenoorgestelde geslag uitgaan, en dat daar dan slegs, of hoofsaaklik Engels met mekaar gepraat word. Die navorser is ook bewus van talle Afrikaanse jongmense wat met Engelssprekendes getroud is en daarna Engels as huistaal praat. Die kinders word ook in Engels opgevoed en is op skool in die Engelsmedium. Binne die bestek van twee maande het die navorser bewus geword van vyf Afrikaanse gesinne wat hul kinders op skool in die Engelsmedium geplaas het. Hul motivering is dat Afrikaans nie 'n toekoms in Suid-Afrika het nie, en dat hul kinders beter daaraan toe sal wees in die toekoms as hulle eerder Engelssprekend word.

Hierdie en ander faktore het daartoe gelei dat die navorser besluit het om die houding van Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal te toets ten opsigte die voortbestaan van Afrikaans, die gebruik en invloed van Engelse en/of slengwoorde as deel van die gebruikwoordeskat van Afrikaans, sowel as hul houding ten opsigte van die behoud of afskaffing en moontlike sterfte van Afrikaans.

2.2 NAVORSINGSMETODE

Vir die doel van hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van empiriese navorsing in die vorm van vraelyste wat deur leerlinge ingevul moes word. (Kyk aanhangsel A: Vraelys). Die navorser het 13 van die 16 skole wat as verteenwoordigende skole gekies is, persoonlik besoek en die vraelyste self hanteer. Die vraelyste aan die drie bykomende skole is deur meneer F. van Niekerk, wat gedurende die skryf van hierdie verhandeling vakadviseur van Afrikaans in die KwaZulu-Natalse Onderwysdepartement was, aan die skole

gelewer met die versoek dat die Afrikaansonderwyser dit sal laat voltooi.

Om so min moontlik inbreuk te maak op die daaglikse program van die skole, is die vraelyste gedurende 'n Afrikaansperiode voltooi; waar moontlik is daar van klaseenhede gebruik gemaak of van saamgestelde klasgroepe, wat bestaan het uit leerlinge uit die klasse wat akademies sterk is, dié wat akademies gemiddeld is, en dié wat akademies nie so goed doen op skool nie - die sogenaamde A, B en C-groepe.

Tydens die navorsing is 500 vraelyste uitgedeel, waarvan 498 bevredigend voltooi en terugontvang is. Die goeie responspersentasie van 99,6% kan waarskynlik onder andere toegeskryf word aan die feit dat die navorser persoonlik in beheer was van die invul van die meeste vraelyste. Die navorsingsonderwerp het verder ook groot byval gevind by opvoeders en leerlinge en reëlings is geesdriftig getref om die navorser te akkommodeer.

2.3 KEUSE EN AANTAL RESPONDENTE

Daar is tydens navorsing gekonsentreer op leerlinge in die senior sekondêre klasse in 16 skole wat Afrikaans as hooftaal aanbied in KwaZulu-Natal. By die groot enkelmedium Afrikaanse skole is ongeveer 20 Standerd 9-leerlinge uit die A-klasse en 20 uit die B- of C-klasse gekies om die vrealys te voltooi. By die skole waar daar minder as 40 Afrikaanse leerlinge in die senior sekondêre fase is, is al die Standerd 8-, 9- en 10-leerlinge betrek, aangesien die Standerd 9-klasse in hierdie skole te klein was.

Etniese verskeidenheid is in ag geneem by die keuse van respondente, deur leerlinge in (gewoonlik etnies geskeide) klaseenhede as respondente aan te wend sowel as om 'n skool te betrek waar oorwegend bruin sowel as swart leerlinge Afrikaans as hooftaal aanbied. Die feit dat hierdie leerlinge ook betrek is by die navorsing, maak die spektrum

verteenwoordigend van die Afrikaanssprekende tieners in KwaZulu-Natalse skole.

Die keuse van respondente (hoofsaaklik Standaard 9-leerlinge) is gemaak op grond van die feit dat hulle reeds seniors op skool is en binne die volgende twee jaar die arbeidsmark sou moes betree of met tersiêre opleiding sou moes begin. Die navorser wou verder ook nie inbreuk maak op die Standaard 10-leerlinge se onderwystyd nie, aangesien klastyd deur die voltooiing van die navorsingslys in beslag geneem sou word.

Van die respondente is 54,8% vroulik en 45,2% manlik. Die ouderdomme wissel van 14 tot 20 jaar. Die 16-jariges maak die grootste groep uit, met 69,2% vroulike respondente en 50,7% manlike respondente. (Die navorsing is aan die begin van 1995 voltooi).

2.4 RESPONDENTSKOLE

Die respondenteskole is gekies op grond van geografiese spreiding, sodat skole uit die noorde, suide, sowel as die sentrale gedeelte van KwaZulu-Natal verteenwoordig is, en daar ook 'n spreiding ten opsigte van die skole wat betref die demografiese spreiding van Afrikaanssprekendes wat in die gebiede van die skole bly. In Noord-KwaZulu-Natal is daar byvoorbeeld baie meer Afrikaanssprekendes as in die suidelike of sentrale gedeeltes van KwaZulu-Natal, daar sal dus 'n verskil wees ten opsigte van die invloed wat Engels as dominante taal in die gebiede waaruit respondenteskole gekies is, sal hê. Daar is ook landelike sowel as stedelike respondenteskole betrek, soos uit die uiteensetting hieronder gesien kan word. Verskillende groepe skole is gekies sodat die respondentkorps verteenwoordigend is van al die Afrikaanssprekende leerlinge in KwaZulu-Natalse skole.

2.4.1 Afrikaansmediumskole

By hierdie skole, wat tydens die bespreking as die Groep 1-skole bekend sal staan, is 187 vraelyste van 187 respondente

terugontvang.

Die volgende sekondêre skole is verteenwoordigend van die Afrikaansmediumskole in KwaZulu-Natal, en het almal ongeveer 500 leerlinge:¹⁰

- 2.4.1.1 Pionier Hoërskool in Vryheid, Noord-KwaZulu-Natal; geleë in 'n hoofsaaklik Afrikaanse, gevestigde, landelike omgewing, waar die ingesteldheid redelik konserwatief is; 612 leerlinge is betrek.
- 2.4.1.2 Richardsbaai Hoërskool in Richardsbaai, 'n groot kusedorp in die meer sentrale deel van KwaZulu-Natal; geleë in 'n pro-Afrikaanse, plattelandse omgewing, waar daar ook baie buitelanders woon en werksaam is. Richardsbaai is 'n relatiewe jong dorp. Met 931 leerlinge is Richardsbaai Hoërskool die grootste Afrikaansmediumskool in KwaZulu-Natal.
- 2.4.1.3 Port Natal in Durban, 'n gevestigde stedelike skool in 'n oorwegend Engelse kusstad; 504 leerlinge.
- 2.4.1.4 Dirkie Uys Hoërskool, ook 'n gevestigde stedelike skool in Durban en geleë binne 'n oorwegend Engelse gemeenskap. Die skool is 'n enkelmedium Afrikaanse skool, met 436 leerlinge.
- 2.4.1.5 Voortrekker Hoërskool in Pietermaritzburg is 'n gevestigde skool in 'n oorwegend Engelse stad. Baie ouers stuur hul kinders van ander dorpe af om by Voortrekker skool te gaan. Die skool het oor die algemeen 'n hoë aansien by Afrikaanssprekendes. Voortrekker Hoërskool het 815 leerlinge en is die tweede grootste Afrikaansmediumskool in KwaZulu-Natal.

¹⁰ Alle statistiek ten opsigte van die aantal leerlinge is verkry uit die KwaZulu-Natalse Onderwysdepartement se gids: **Statistiek en inligting 1995**. Die inligting weerspieël die stand soos op 1 Februarie 1995.

2.4.2 Dubbel- of parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is

Hierdie groep skole sal tydens die bespreking bekendstaan as die Groep 2-skole. By hierdie skole is 72 respondente betrek; 72 vraelyste is terugontvang.

2.4.2.1 Kokstad Kollege in Kokstad is 'n plattelandse skool en bied die meeste vakke in parallelmedium aan. Daar is 338 leerlinge in die skool, waarvan slegs 63 Afrikaanssprekendes is. Die gemeenskap is grootliks Engelssprekend.

2.4.2.2 King Edward Hoërskool in Matatiele is ook 'n plattelandse skool (met heelwat boere se kinders wat die skool bywoon). Daar is baie meer Engelse as Afrikaanse leerlinge, naamlik 123 Afrikaans teenoor 323 Engels. Dis 'n laer- en hoërskool.

2.4.2.3 Greytown Hoërskool het ook meer Engelse as Afrikaanse leerlinge, maar die verhouding van Afrikaanse teenoor Engelse leerglinge is beter as by bogenoemde skole: 118 teenoor 238 Engelse leerlinge. Die gemeenskap is baie Engels en daar is ook Duitse kinders in die skool.

2.4.3 Skole met oorwegend bruin leerlinge

2.4.3.1 Mount Currie Hoërskool in Kokstad het 750 leerlinge, waarvan 396 Afrikaanssprekend is. Hierdie skool, waar daar 49 respondente was, sal tydens die bespreking bekendstaan as die Groep 3-skole. (Alhoewel slegs een skool in hierdie groep as respondentskool gebruik is, is dit verteenwoordigend van dié skole uit die bedeling voor 1995 toe skole etnies geskei was. Hierdie skool bied Afrikaans as hooftaal aan). Al 49 vraelyste is terugontvang.

2.4.4 Dubbel- of parallelmediumskole, waar Afrikaans in die meerderheid is.

By hierdie skole, wat as die Groep 4-skole bekend sal staan

tydens die bespreking, is 116 van die 118 vraelyste terugontvang.

2.4.4.1 Vryheid Hoërskool is 'n groot skool met 813 leerlinge, waarvan 474 Afrikaanssprekend is. Hierdie skool is 'n gevestigde skool binne 'n redelike konserwatiewe Afrikaanse gemeenskap. Baie Afrikaans word in Vryheid gehoor, en Engelssprekendes praat geredelik Afrikaans.

2.4.4.2 Utrecht Hoërskool in Utrecht is 'n dubbelmediumskool en het sowat 346 leerlinge, waarvan 257 Afrikaanssprekend is. Utrecht is ook 'n redelike konserwatiewe plattelandse dorp, waar oorwegend Afrikaans gepraat word. Baie van die leerlinge se ouers is betrokke by die boerderybedryf.

2.4.4.3 Ladysmith Hoërskool in Ladysmith is 'n groter skool as Utrecht en daar is 619 Afrikaanse leerlinge teenoor 435 Engelse leerlinge. Die inwoners van die dorp is oorwegend Engelssprekend.

2.4.4.4 Suid-Natal Hoërskool in Port Shepstone is ook geleë in 'n oorwegend Engelse gemeenskap, en baie van die nabygeleë plattelandse skoolkinders ontvang hul skoolopleiding by hierdie skool in die suide van KwaZulu-Natal. Suid-Natal het 507 leerlinge, van wie 435 Afrikaanssprekend is.

2.4.5 Tegniese of landbouskole

Hierdie groep skole sal tydens die bespreking bekendstaan as die Groep 5-skole. By hierdie skole is 74 vraelyste uitgedeel; 74 respondente het die vraelyste voltooi.

2.4.5.1 Vryheid Hoër Landbouskool in Vryheid, is 'n Afrikaansmediumskool met 108 leerlinge. Die skool kan as konserwatief Afrikaanssprekend beskou word. Die dorp, Vryheid, is soos hierbo genoem, oorwegend Afrikaanssprekend en plattelands.

2.4.5.2 Linpark in Pietermaritzburg is 'n dubbelmedium

Hoërskool, met 'n groot tegniese afdeling. Die skool het 132 Afrikaanse en 692 Engelse leerlinge. In die stad self word oorwegend Engels gehoor.

2.4.5.3 Sarel Cilliers in Glencoe is ook 'n dubbelmedium Hoërskool met 'n tegniese afdeling met meer Afrikaanse as Engelse leerlinge, naamlik 332 teenoor 165. Glencoe is 'n plattelandse dorp waar Afrikaans redelik baie gehoor word.

HOOFSTUK 3

3 DIE VRAELYS

3.1 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Die vraelys bestaan uit 37 vrae met veelkeusige antwoorde, waaruit respondente 'n keuse moes maak deur die letter voor die antwoord wat hulle gekies het, te omkring. Die hele vraelys beslaan twee bladsye. By sommige vrae is daar van respondente verwag om 'n skatting te maak. Indien respondente byvoorbeeld keuse C by vraag 1.7 gemaak het, moes hulle skat hoeveel Afrikaans hulle met hul Engelse vriende praat. Die navorser het voorsien dat respondente dalk probleme sal ondervind met genoemde skattings, maar dit het geblyk dat respondente dit oor die algemeen glad nie moeilik gevind het om te skat nie. By twee ander vrae is daar van respondente verwag om sinne te voltooi. Ook hiermee is nie probleme ondervind nie.

Die tweede deel van die vraelys bestaan uit die beoordeling van tipes mense op grond van hul persoonlikheidseienskappe. Respondente moes telkens 'n kring trek om 'n syfer op 'n skaal van 5 tot 1 in dalende waarde. Hierdie afdeling van die vraelys het probleme opgelewer, en is deur die respondente met 'n soort antipatie begroet. Respondente het eerstens nie presies geweet wat van hulle verwag word nie, en het verder mondeling (soms skriftelik agter op die vraelys) te kenne gegee dat hulle nie glo dat 'n mens se taal iets met jou persoonlikheid te make het nie. Data verkry uit hierdie afdeling van die vraelys word dus deur die navorser in 'n groot mate as onbetroubaar beskou, en word ter wille van die betroubaarheid van die empiriese navorsing nie verder in ag geneem nie. Slegs die eerste afdeling, wat bestaan uit 37 vrae, is in aanmerking geneem by die bespreking van die navorsingsdata. Die feit dat daar besluit is om nie die tweede afdeling van die vraelys in ag te neem by die uiteindelijke beoordeling van die

navorsingsdata nie, het volgens die navorser geen afbreuk gemaak aan die waarde en volledigheid van die navorsing nie.

Die vraelys is in geheel daarop gemik om elke respondent se mening in te win ten opsigte van sy/haar houding teenoor Afrikaans, die aanwending van Afrikaans en die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde in verskillende sosiale situasies. Hierdie inligting sal dan as verteenwoordigend beskou word van die mening van al die Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal.

3.2 DIE VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS

Alvorens die respondente by die verskillende skole met behulp van die navorser met die invul van die vraelyste begin het, is die vraelys eers by die skool waar die navorser skoolhou, uitgetoets deur standerd 8 tot 10-leerlinge te vra om die vraelys in te vul. Die hele prosedure is op 'n wetenskaplike wyse afgehandel, sodat die navorser kon bepaal of die vraelys gepas is en wat die tekortkominge daarvan was. Dit was volgens die navorser op daardie stadium nie nodig om enige veranderings aan te bring nie. Dit het eers later geblyk dat heelwat respondente nie die tweede afdeling kon of wou invul nie.

Die navorser het vooraf toestemming by die KwaZulu-Natalse Onderwysdepartement, sowel as die verskillende skole verkry om die navorsing te onderneem, waarna daar afsprake met die verskillende skole gemaak is. Die meeste afsprake was tydens die hooftaallestye, of soos dit die betrokke skool gepas het. Die navorsingsprosedure by die skole was soos volg:

- * by die skool is die spesifieke groep respondente na 'n onbesette lokaal geneem;
- * nadat die respondente die vraelyste ontvang het en verseker is van die vertroulikheid van hul antwoorde, is die prosedure aan hulle verduidelik;

* die voorbeeldvraag is bespreek en deur die
respondente ingevul;

* die respondente het hierna die vraelyste ingevul.

Daar is deurgaans gepoog om die atmosfeer so ontspanne, vriendelik en neutraal as moontlik te hou, sodat die leerlinge op hul gemak sou voel en nie bang sal wees om hul eerlike opinies te lug nie. Moontlike antisipering van die navorser se verwagtings - "experimental bias" (Insko 1967 :10) - is hierdeur aangespreek. Respondente is ook herhaaldelik versoek om eerlik en so akkuraat moontlik te wees by die voltooiing van die vraelyste, en hulle is aangemoedig om hul eie menings oor hul houding ten opsigte van Afrikaans agterop die vraelyste weer te gee. Hierdie reaksies, sowel as die ingevulde vraelys, het die navorser gelei om die algemene houding van die respondente te bepaal. Verteenwoordigende voorbeelde van die spontane aanmerkings wat respondente agter op die vraelyste geskryf het, word in Hoofstuk 4 weergegee.

Respondente is daarvan verseker dat hulle onder geen verpligting staan om die vraelyste te voltooi nie, en indien enige vrae aanstoot sou gee, dit nie doelbewus so beplan is nie, en hulle steeds moes poog om te antwoord. Vrae wat hulle nie kon antwoord nie, kon oorgeslaan word. Respondente is versoek om nie te kommunikeer tydens die voltooiing van die vraelyste nie.

Die verduideliking en voltooiing van die vraelyste het ongeveer vyf en dertig minute geduur, en 'n groot persentasie respondente het te kenne gegee dat hulle dit baie geniet en waardeer het.

3.3 **BESPREKING VAN DIE VRAELYS**

Alhoewel die vraelys as 'n eenheid gesien moet word, kan die vrae op die vraelys rofweg in tien afdelings verdeel word.

3.3.1 Algemene inligting oor respondente; vrae 1.1, 1.2, 1.3, 1.4 en 1.5

1.1 *GESLAG ... OUDERDOM ...*

1.2 *MY SKOOL IS ...*

A. *'n dubbelmediumskool*

B. *'n Afrikaansmediumskool*

1.3 *MY OUIERS:*

A. *Albei is Afrikaans*

B. *Net my ma is Afrikaans*

C. *Net my pa is Afrikaans*

D. *Nie een van bogenoemde nie; Ma ... Pa ...*

1.4 *ONS HUISTAAL IS ...*

A. *Afrikaans*

B. *Engels*

C. *'n kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans*

D. *nie een van bogenoemde nie (spesifiseer) ...*

1.5 *EK EN MY OUIERS:*

A. *Albei praat met my Afrikaans*

B. *Albei praat met my Engels*

C. *Albei praat Afrikaans én Engels met my; ek skat sowat ... % Afrikaans*

D. *My ma praat sowat ... % Afrikaans met my en my pa sowat ...% Afrikaans*

Met die antwoorde op die eerste vyf vrae word daar gepoog om algemene inligting in te win aangaande die geslag en ouderdom van die leerlinge, die soort skool wat bygewoon word (Dubbel- of Afrikaansmediumskool), sowel as die taal van die ouers en die huistaal van die respondente. Hierdie vrae is daarop gemik om te bepaal watter taal deur die respondente as huistaal of hoofspreektaal in hul alledaagse tuisomgewing aangewend word. Vrae 1.1 en 1.2 word dus as neutrale vrae beskou - die navorser het dus nie opsies

voorsien wat moontlik 'n negatiewe of 'n positiewe houding sal weerspieël nie.

By vraag 1.3 bestaan daar 'n opsie wat voorsiening maak vir die moontlikheid dat 'n ander taal (behalwe Afrikaans en Engels) deur die ouers gepraat word. Indien die respondēt by vraag 1.4 opsie C (wat 'n kombinasie van Afrikaans en Engels voorhou) gekies het, is daar van hom/haar verwag om te skat watter persentasie van genoemde kombinasie Afrikaans is. Opsie D maak voorsiening vir die moontlikheid dat nóg Afrikaans, nóg Engels as huistaal gepraat word.

Aangesien respondenteskole skole is waar Afrikaans as hooftaal aangebied word, is die verwagting dat die oorgrote meerderheid respondente se onderrigtaal, huistaal en moedertaal Afrikaans sal wees, dit bied die basis waarteen die houding teenoor Afrikaans, die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde gemeet sal word.

By vraag 1.3 word opsie A as die opsie beskou wat waarskynlik 'n positiewe houding sal weerspieël, terwyl die ander opsies beskou word as moontlike negatiewe opsies ten opsigte van die houding van die respondente teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan.

By vraag 1.5 moet respondente aantoon watter taal hul ouers met hulle praat. Daar word ook van respondente verwag om indien hulle opsie C gekies het (ouers praat beide tale met die respondent), die geskatte persentasie Afrikaans wat deur hul ouers met hulle gepraat word aan te toon. Opsie D maak voorsiening vir dié huisgesinne waar die ma of die pa onderskeidelik óf Afrikaans, óf Engels met die respondent praat. Ook by hierdie vraag word daar van die respondente verwag om 'n geskatte persentasie aan te dui van hoeveel Afrikaans die ma of pa onderskeidelik met hom/haar praat.

Die mate waarin albei tale (Afrikaans en Engels word vir die doel van hierdie navorsing aangewend) in die gesin gepraat word, wat ook as tweetaligheid kan manifesteer, sal

waarskynlik in hierdie groep vrae aan die bod kom. Steyn (1980:10) meen dat verengelsing onder meer geskied deur middel van huwelike tussen "Afrikaners en andertaliges". In taalgemengde gesinne kan die kinders óf tweetalig grootword, óf die dominante taal as huistaal aanvaar (Prinsloo 1984:7). Die moontlikheid van taalverplasing word deur die genoemde vrae hierbo ondersoek. Taalverplasing kan lei tot die demografiese vermindering van Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika; dit word ook beskou as een van die simptome en stadia van uiteindelijke taalsterfte.

By vrae 1.4 en 1.5 word opsie A as die positiewe opsie beskou.

3.3.2 Algemene gebruikstaal van respondente; vrae 1.6, 1.7, 1.8, 1.9, 1.13, 1.27 en 1.28

1.6 *MET MY AFRIKAANSE VRIENDE PRAAT EK ...*

- A. *altyd slegs Afrikaans*
- B. *soms Engels*
- C. *'n kombinasie; ek skat sowat ... % Engels*

1.7 *MET MY ENGELSE VRIENDE PRAAT EK ...*

- A. *altyd slegs Engels*
- B. *soms Afrikaans*
- C. *'n kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans*

1.8 *AS EK AFRIKAANS MET MY AFRIKAANSE VRIENDE PRAAT ...*

- A. *probeer ek om nie my tale te meng nie*
- B. *gebruik ek soms Engelse woorde en uitdrukkings*
- C. *gebruik ek dikwels Engelse woorde en uitdrukkings*

1.9 *WANNEER EK SUIWER AFRIKAANS MET MY VRIENDE PRAAT, VOEL EK ...*

- A. *op my gemak*
- B. *ongemaklik*

1.13 *AS EK VLOEK OF STRY, DOEN EK DIT IN ...*

- A. *Afrikaans*
- B. *Engels*

C. 'n kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans

1.27 WANNÊER ONS BYMEKAARKOM EN DAAR IS OORWEGEND AFRIKAANSE TIENERMAATS

SAAM MET EEN OF MEER ENGELSE MAATS, PRAAT ONS:

- A. oorwegend Afrikaans in die groep
- B. oorwegend Engels in die groep
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans

1.28 AFRIKAANSE TIENERS VERKIES AFRIKAANSE MAATS:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie

Hierdie groep vrae sal data verskaf oor die taal wat die respondente self in hul daaglikse omgang en in situasies buite hul huiskring, veral met hul maats (Afrikaans en Engels) praat. Die data mag 'n aanduiding wees van die mate waarin die respondente gemaklik en tuis voel om Afrikaans te praat. 'n Hoë persentasie ten gunste van Afrikaans sal waarskynlik dui op 'n positiewe houding teenoor Afrikaans, aangesien kommunikasie met hul maats gewoonlik binne spontane situasies plaasvind, waarin die respondente hul tuisvoel.

Die navorser se verwagting is dat Engels wel 'n rol speel by kommunikasie binne groepverband, selfs waar Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal met hul Afrikaanse maats gesels. By respondente van dubbelmediumskole mag die Engelse invloed groter wees as by dié van Afrikaansmediumskole, aangesien daar nie by laasgenoemde skole Engelse leerlinge teenwoordig is nie, en Engels dus nie binne skoolverband tussen leerlinge gehoor sal word nie.

Die motivering agter vraag 1.7 is om die aanname te toets dat Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal slegs (of in 'n baie groot mate) Engels met hul Engelse maats praat.

Die data by vraag 1.8 sal toon of dit belangrik vir Afrikaanssprekende tieners in KwaZulu-Natal is om nie hul taal te meng nie. Persoonlike ondervinding het die

verwagting geskep dat die persentasie respondente wat sal aantoon dat hulle probeer om nie hul taal te meng nie redelik laag sal wees. Vraag 1.9 en 1.13 sluit baie nou aan by vraag 1.8, en is bedoel om die uitkoms van die data by vraag 1.8 te staaf, naamlik of die respondente verkies om Afrikaans/suiwer Afrikaans met hul vriende te praat, en of hulle in Afrikaans stry en vloek; kortom of die respondente tuis voel om in Afrikaans te kommunikeer.

Vraag 1.13, handel oor vloek of stry in Afrikaans. Die verwagting is dat die grootste persentasie respondente in Afrikaans sal vloek of stry, aangesien 'n mens jou waarskynlik eerder in jou moedertaal kan of wil uitdruk wanneer jy kwaad of emosioneel voel. 'n Moontlike hoë persentasie sal dui op 'n positiewe houding teenoor die gebruikswaarde van Afrikaans.

Deur vrae 1.27 en 1.28 wil die navorser uitvind watter taal Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal met hul maats praat, veral as daar Engelse maats ook by is. Die aanname is dat Engels 'n groot rol in die kommunikasieproses sal speel om die Engelse maats tegemoet te kom. Hierdie aanname sal 'n negatiewe houding teenoor die kommunikasiewaarde van Afrikaans toon. Respondente word ook gevra of Afrikaanse tieners Afrikaanse maats verkies. Die navorser se aanname is dat die keuse van Afrikaanse maats dalk 'n meer positiewe houding teenoor Afrikaanssprekendes en dus Afrikaans as taal mag aantoon. Daar moet egter in aanmerking geneem word dat 'n persentasie van die respondente (veral dié in Afrikaansmediumskole) in koshuise bly en dat hul vriende uit die aard van hul nabyheid hoofsaaklik Afrikaanssprekend kan wees. Die keuse van vriendskap sal dus nie noodwendig op persoonlike voorkeur dui nie.

Du Plessis (1984:165) meen egter dat hoe meer 'n persoon Engels - of enige ander taal - in werklike kommunikasie gebruik, hoe meer identifiseer die persoon hom met die groep wie se taal die kommunikasiemiddel word. Hierdie

taalverplasing kan lei tot 'n mate van identiteitsverplasing ¹¹ (Prinsloo 1984:165). Indien identiteitsverplasing in 'n groot mate plaasvind, kan dit volgens die navorser lei tot taalsterfte, aangesien dit waarskynlik ook aanleiding kan gee dat die aantal toekomstige Afrikaanssprekendes sal afneem. Holmes (1962:66) beskou die demografiese faktor as relevant wanneer daar na taalverplasing gekyk word.

Die data wat by hierdie vrae verkry sal word, mag waarskynlik die mate van taalverlamming of taalverplasing wat by die respondente voorkom, aantoon. Taalverlamming sowel as taalverplasing is een van die stadia van taalsterfte. Volgens Holmes (1992:61) kan die proses van taalverlamming - 'n onvermoë om jouself kreatief in jou eie taal te kan uitdruk - 'n proses wees wat stadig plaasvind, maar tog kan lei tot uiteindelijke taalsterfte.

By die volgende vrae word opsie A beskou as die opsie wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal weerspieël: 1.6, 1.8, 1.9, 1.13, 1.27 en 1.28. By vraag 1.7 word opsie B beskou as die opsie wat 'n moontlike positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.

3.3.3 Portuurgroepkommunikasie; vrae 1.10, 1.11 en 1.12

1.10 AS EK AFRIKAANSE LIEFDESBRIEWE SKRYF, GEBRUIK EK ...

A. meestal Afrikaanse troetelwoorde

B. meestal Engelse troetelwoorde

1.11 AS EK AAN MY AFRIKAANSE MAATS BRIEWE SKRYF, GEBRUIK EK ...

A. slegs Afrikaans

B. meestal Afrikaanse woorde, met heelwat Engelse woorde en uitdrukkings en ander sleng-woorde

¹¹ Identiteitsverplasing kom voor wanneer 'n persoon 'n nuwe/ander identiteit aanneem. So 'n persoon identifiseer hom/haar dan met 'n nuwe groep mense en sweer as't ware sy/haar ou identiteit af. Identiteit en taal hang baie nou saam. Indien identiteitsverplasing dus plaasvind, kan 'n persoon wie se huistaal byvoorbeeld Afrikaans was, hom/- of haarself nou as byvoorbeeld 'n Engelssprekende beskou, en dus ook 'n nuwe (Engelse identiteit aanvaar).

1.12 *AS EK GRAFFITI OP MY PENNESAK/ELDERS SKRYF, IS DIT ...*

A. Afrikaans

B. Engels

C. 'n kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans

Hierdie vrae is daarop gemik om data te verkry oor tipiese informele, skriftelike portuurgroepkommunikasie deur die respondente soos briewe en graffiti - aangesien sulke kommunikasie die aantreklikheid en aantrekkingskrag en dus ook die houding teenoor 'n spesifieke taal, kan illustreer. Dit mag ook dui op die mate van gemaklike omgang al dan nie met óf Afrikaans, óf Engels. Die invloed wat Engels op Afrikaans in die algemene omgang van tieners in KwaZulu-Natal (respondente) uitoefen, sal deur die resultate geïllustreer word.

Die data wat die navorser deur hierdie vrae sal verkry, sal waarskynlik ook kan bydrae tot die algemene indruk oor die mate van taalverlamming wat daar by die respondente teenwoordig is.

Opsie A by vrae 1.10, 1.11 en 1.12 word deur die navorser as die positiewe opsie beskou aangesien dit moontlik 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal weerspieël.

3.3.4 *Ontspannings- of mediataalvoorkeur; vrae 1.14, 1.15, 1.16, 1.17, 1.18 en 1.19*

1.14 *DIE KOERANTE EN TYDSKRIFTE WAT EK DIE GRAAGSTE LEES, IS ...*

A. Afrikaans

B. Engels

C. 'n kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans

1.15 *EK LEES NOGAL GEREELD ... (al is dit slegs een artikel)*

(Jy mag hier meer as een letter omkring)

A. Huisgenoot

D. Rapport

B. You

E. Sunday Times

C. Cosmopolitan

F. Smash hits

1.16 EK VERKIES OM DIE VOLGENDE FIKSIE TE LEES:

- A. Afrikaanse stories
- B. Engelse stories
- C. Albei tale; ek skat sowat ... % Afrikaans

1.17 EK HOU DIE MEESTE VAN DIE VOLGENDE TELEVISIEPROGRAMME:

- A. Afrikaanse stories
- B. Engelse stories
- C. 'n Kombinasie; ek skat sowat ... % Afrikaans

1.18 EK VERKIES OORGEKLANKTE TV-STORIES IN AFRIKAANS BO DIE ENGELSE OF ANDER KLANKBANE:

- A. Ja
- B. Nee

1.19 EK GENIET MEESTAL ...

- A. Afrikaanse liedjies
- B. Engelse liedjies
- C. Afrikaanse en Engelse liedjies ewe veel

Data verkry deur hierdie vrae, toets watter taal respondente verkies wanneer hulle lees, na musiek luister óf na televisieprogramme kyk. Die navorser beseft dat die Suid-Afrikaanse media grootliks staatmaak op oorsese televisieprogramme en musiek, en dat die respondente baie blootgestel word hieraan. Die data sal nogtans steeds die mate aantoon waartoe respondente verkies om ten opsigte van bogenoemde in óf Afrikaans óf Engels vermaak te word. Die skaarste aan Afrikaanse televisieprogramme en liedjies moet in ag geneem word wanneer die data verwerk word, aangesien dit mag veroorsaak dat die persentasie uitermate groot ten gunste van Engelse programme en liedjies kan wees. Hierdie aspek moet in perspektief gesien word.

By vraag 1.15 het die navorser die name van 7 gewilde tydskrifte en koerante gekies om te bepaal watter tydskrifte en koerante, en ook watter taal die meeste gelees word.

Daar is by vrae 1.17 en 1.18 doelbewus gepraat van

Afrikaanse "stories" en "TV-stories" en nie "programme" nie, sodat dit kan aansluit by die lees van Afrikaanse of Engelse fiksie, sowel as vraag 1.18, wat te make het met oorgeklankte televisiefiksie. By dokumentêre programme speel die taal nie so 'n belangrike rol soos by verhale nie, terwyl fiksie (televisiestories) grootliks staatmaak op kommunikasie, dus taal. Dit is juis hierdie aspek wat aansluit by die navorsing oor die houding van die respondente ten opsigte van Afrikaans.

Die mate waarin Afrikaans gelees en na Afrikaanse televisieprogramme gekyk word en na Afrikaanse liedjies geluister word, dui vir die navorser op 'n mate van geborgenheid wat die respondente binne die taal ervaar. Hulle voel met ander woorde tuis om na die taal te luister, dit te lees en karakters te sien op televisie wat Afrikaans praat.

Steyn haal N.P. van Wyk Louw aan in Prinsloo (1984:15) wat meen dat die Engelse media (wat geskrewe media insluit) by die kind die gedagte wek van 'n veel ruimer, vryer wêreld. Alhoewel die sensuurbeleid die afgelope dekade aansienlik meer toegeeflik is, is dit opvallend dat Afrikaanse media steeds relatief konserwatief gebly het. Die meer gewaagde letterkunde val meer in die smaak van volwassenes, en word dus nie juis deur tieners gelees nie. Hierdie assosiasie met die Engelse literatuur en ander media verstewig 'n positiewe houding teenoor Engels, en maak vereenselwiging met die karakters wat as Engelssprekend waargeneem word, makliker. Indien die respondente die Engelse media verkies, kan dit lei tot taalverlamming, aangesien al meer Engelse leksikon gehoor, aangeleer en dus aangewend sal word binne kommunikasiesituasies - die voorbeelde is immers Engels.

By vrae 1.14, 1.16, 1.17, 1.18 en 1.19 word opsie A beskou as die opsie wat waarskynlik 'n positiewe houding deur die respondente ten opsigte van Afrikaans en die toekoms van die taal weerspieël. By vraag 1.15 sal die drie gewildste tydskrifte of koerante teen mekaar opgeweeg word en dan

bepaal word of die respondente meer Afrikaans as Engels lees. Indien hulle meer Afrikaans lees, sal die uitslag as positief beskou word.

3.3.5 Houding ten opsigte van gesproke Engels; vrae 1.20, 1.21, 1.22 en 1.23

1.20 *ENGELS IS 'N MOOIER TAAL AS AFRIKAANS:*

- A. *Ek stem saam*
- B. *Ek stem nie saam nie*
- C. *Ek is onseker*

1.21 *'N MENS KAN IETS MEER "SEXY" SÊ IN ENGELS AS IN AFRIKAANS:*

- A. *Ek stem saam*
- B. *Ek stem nie saam nie*
- C. *Ek is onseker*

1.22 *ENGELS KLINK MEER INTELLIGENT AS AFRIKAANS:*

- A. *Ek stem saam*
- B. *Ek stem nie saam nie*
- C. *Ek is onseker*

1.23 *'N MENS KAN JOU BETER UITDRUK IN ENGELS AS IN AFRIKAANS:*

- A. *Ek stem*
- B. *Ek stem nie saam nie*
- C. *Ek is onseker*

Met hierdie vrae wil die navorser bepaal wat die respondente se houding is ten opsigte van veral die gesproke Engels. Subjektiviteit is 'n belangrike aspek van houdingsvorming. Volgens Insko (1967:13) is een van die veranderlikes wat houdingsverandering bemiddel die persoonlike aanvaarding van die voorwerp, saak of simbool. Die uitslag van die antwoorde op bogenoemde vrae sal volgens die navorser bepaal in watter mate die respondente gesproke Engels aanvaar - dus 'n positiewe houding teenoor die gebruik van Engels openbaar. Genoemde positiewe houding teenoor Engels kan lei tot taalverplasing. Indien dit makliker of lekkerder is om iets in Engels te sê, waarom dan nog 'n poging aanwend om aan

'n Afrikaanse woord te dink?

Respondente moes aantoon of hulle dink Engels is 'n mooier en/of "sexier" taal as Afrikaans, of Engels meer intelligent as Afrikaans klink, en of mens jou beter in Engels as in Afrikaans kan uitdruk. Die groep waaruit die respondente saamgestel is, naamlik tieners van ongeveer 14 tot 18 jaar, heg groot waarde aan "inwees" en om mooi en "sexy" te wees is 'n groot kwalifiserende faktor. By "sexy" word bedoel aantreklik, navolgbaar en ook sensueel - 'n aspek wat in 'n mate met seksuele aantrekkingskrag ooreenkom. Hierdie woord ("sexy") is gekies omdat dit tienerjargon is, en 'n woord wat baie deur tieners gebruik word. Dit is by die afneem van die vraelys ook so aan die respondente verduidelik.

Die navorser voorsien dat Engels in 'n hoë mate voorkeur sal vertoon by hierdie vier vrae. Dit sal 'n positiewe houding teenoor die aanwending van Engels onderstreep. 'n Onvermoë om jouself kreatief in jou eie taal uit te druk, is 'n manifestasie van taalverlamming, wat as een van die stadia van taalsterfte beskou kan word.

By bogenoemde vrae, 1.20, 1.21, 1.22 en 1.23 verteenwoordig die B-opsies 'n positiewe houding teenoor Afrikaans. 'n Moontlike negatiewe houding teenoor die taal word by hierdie vrae weerspieël deur die A-opsies.

3.3.6 Voorkeur aan die gebruik van sommige Engelse woorde; vrae 1.24, 1.25 en 1.26

1.24 EK GEBRUIK ENGELSE WOORDE AS EK AFRIKAANS PRAAT ...

A. omdat my vriende dit verkies

B. bloot omdat dit vir my makliker/lekkerder is

**1.25 AFRIKAANS KAN GERUS DIE GEBRUIK VAN MBER ENGELSE WOORDE, SLENG-
WOORDE, ENS. AANVAARBAAR MAAK:**

A. Ek stem saam

B. Ek stem nie saam nie

C. Ek is onseker

1.26 EK VERKIES ENGELSE/HALF-ENGELSE WOORDE BO SOMMIGE AFRIKAANSE WOORDE, BV. "howzit" eerder as "hoe gaan dit":

A. Ek stem saam; voorbeelde iseerder as

B. Ek stem nie saam nie; voorbeelde is eerder as

C. Ek is onseker

Hierdie drie vrae het te make met aanvaarding en goedkeuring deur die respondente van die aanwending van Engelse woorde as hulle Afrikaans praat. Die data sal bepaal in hoe 'n mate die respondente hierdie gebruik aanvaar en goedkeur. Verkies die respondente dat meer Engelse/half-Engelse gebruikswoord of sleng-woorde as aanvaarbaar in Afrikaans beskou moet word?

Deur vraag 1.24 word daar gepoog om uit te vind of die respondente Engelse woorde gebruik omdat hulle onder druk van hul vriende verkeer, of omdat hulle dit self verkies. Dit kan aanvaar word dat groepdruk nie altyd as sulks deur tieners (waaruit die respondentegroep bestaan) raakgesien sal word nie. Hierdie vraag word egter as 'n inligtingsvraag beskou, daarom is daar nie spesifiek 'n opsie wat 'n positiewe of 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal weerspieël nie.

Vraag 1.26 bied die geleentheid aan die respondente om aan te toon watter woorde hulle eerder in óf Afrikaans óf Engels óf sleng verkies. Aangesien die navorser verkies het om die ruimte op die vraelys te beperk, kon slegs 'n paar woorde neergeskryf word.

Die respons op hierdie drie vrae kan enersyds daarop dui dat die respondente graag wil sien dat Afrikaans minder formeel daar moet uitsien en dat die byvoeging van genoemde woorde die taal verryk, óf dit kan daarop dui dat die respondente se houding teenoor die taal "slap" is, en hulle nie omgee

om hul tale in so 'n mate te vermeng nie. Die algemene indruk en uitslag van die totale data van die vraelys sal bepaal of hierdie vrae 'n positiewe of negatiewe houding teenoor Afrikaans uitbeeld. Positiewe teenoor die aanwending van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde kan dui op taalverlamming, 'n faktor wat uiteindelik kan lei tot die stagnasie, agteruitgang van 'n taal of selfs uiteindelik tot taalsterfte.

By vrae 1.25 en 1.26 is opsie B die opsie wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël, en indien die respondente opsie A verkies het, sou dit 'n moontlike negatiewe houding weerspieël het.

3.3.7 Droomtaal; vraag 1.29

1.29 AS EK DROOM, DROOM EK ...

A. meestal in Afrikaans

B. meestal in Engels

C. 'n kombinasie; ek skat sowat ... % in Afrikaans

Daar word algemeen aanvaar dat 'n mens droom oor dit wat 'n indruk op jou maak het, of wat jou ontstel. Dit bly dus vassteek in die onderbewussyn. Dit word ook algemeen aanvaar dat mens droom in die taal waarin jy die gemaklikste is. Die navorser gaan van die veronderstelling af uit dat indien Engels 'n groot positiewe indruk op 'n respondent maak het, hy/sy moontlik baie in Engels sal droom. Uit 'n positiewe indruk sal 'n positiewe houding waarskynlik realiseer. Dit mag ook aandui watter taal die respondent se onderbewussyn met gemak aanwend.

Opsie A word beskou as die opsie wat 'n positiewe houding by die respondente illustreer.

3.3.8 Begeerte om eerder Engelssprekend te wees; vrae 1.30 en 1.31

1.30 EK WENS EK WAS EERDER ENGELSSPREKEND:

- A. *Ek stem saam*
- B. *Ek stem nie saam nie*
- C. *Ek wens net soms ek was Engelssprekend*

1.31 DIT IS SOMS VIR MY 'N VERLEENTHEID OM AFRIKAANS TE WEES:

- A. *Ek stem saam, veral wanneer*
- B. *Ek stem nie saam nie, ek voel*

Die motivering agter hierdie vrae is om aan die respondente die geleentheid te bied om dit te oordink of hulle eerder Engelssprekend sou wou gewees het, en of dit soms vir hulle 'n verleentheid is om Afrikaans te wees. Aan die kern van hierdie vrae, veral wat vraag 1.30 betref, lê die vraag of die respondente tuis, gemaklik en geborge voel as Afrikaanssprekendes. Die navorser beskou vraag 1.30 as een van die heel belangrikste vrae om te bepaal wat die houding van Afrikaanssprekende KwaZulu-Natalse tieners tydens die ontstaan en voltooiing van hierdie verhandeling was.

Die navorser verwag 'n goeie korrelasie tussen data verkry by vraag 1.30 en dié by vraag 1.31, aangesien 'n verleentheid om Afrikaanssprekend te wees waarskynlik sal saamval met 'n begeerte om meer soos die Engelssprekendes te wees.

Die data wat by hierdie vrae verkry sal word, sal waarskynlik 'n belangrike indikasie wees van die mate waartoe die keuse van taalverplasing vir hierdie respondente 'n opsie sal wees. Indien die mate van verleentheid om Afrikaans te wees, en die begeerte om eerder Engelssprekend te wees sterk is, sal die moontlikheid van taalverplasing (van Afrikaans na Engels) 'n al groter moontlikheid word; taalverplasing kan lei tot uiteindelijke taalsterfte.

By vrae 1.30 en 1.31 is dit opsie B wat waarskynlik 'n

positiewe houding teenoor Afrikaans verteenwoordig.

3.3.9 Afrikaans en die toekoms; vrae 1.32, 1.33, 1.34, 1.35 en 1.36

- 1.32 **DIE LAND BEHOORT ENGELS AS VOERTAAL TE GEBRUIK OM ALLE SUID-
AFRIKANERS TOT 'N NASIE-EENHEID SAAM TE SNOER:**
- A. *Ek stem saam*
 - B. *Ek stem nie saam nie*
 - C. *Ek is onseker*
- 1.33 **OM 'N GOEIE WERK TE KRY, MOET 'N MENS ENGELS MAGTIG WEES:**
- A. *Ek stem saam*
 - B. *Ek stem nie saam nie*
 - C. *Ek is nie seker nie*
- 1.34 **EK IS BANG DAT DAAR IN DIE TOEKOMS TEEN AFRIKAANSSPREKENDES
GEDISKRIMINEER GAAN WORD:**
- A. *Ek stem saam*
 - B. *Ek stem nie saam nie*
- 1.35 **AL WORD AFRIKAANS SY AMPTELIKE STATUS ONTNEEM, SAL EK STEEDS
EENDAG MY KINDERS IN AFRIKAANS OPVOED:**
- A. *Beslis*
 - B. *Ek sal hulle tweetalig grootmaak*
 - C. *Ek sal hulle in Engels grootmaak*
- 1.36 **EK VOEL BAIE POSITIEF OOR DIE TOEKOMS VAN AFRIKAANS:**
- A. *Ek stem saam, Afrikaans is 'n lewende taal*
 - B. *Ek glo nie Afrikaans sal nog baie lank bestaan nie*
 - C. *Ek voel onseker*

Data verkry by bogenoemde vrae sal die houding van die respondente ten opsigte van hul toekomsvooruitsigte as sprekers van Afrikaans sowel as hul houding teenoor die toekoms van die taal aantoon.

Indien 'n groot persentasie van die respondente aantoon dat Engels eerder as toekomstige voertaal aangewend moet word, kan

dit 'n aanduiding wees van 'n gebrek aan vertroue in Afrikaans, en dus 'n negatiewe houding teenoor die toekoms daarvan. Die verwagting van die navorser is dat respondente wat in groter Afrikaanse gemeenskappe woon en/of enkelmedium Afrikaanse Hoërskole bywoon 'n meer positiewe houding sal hê ten opsigte van die toekoms en die gebruik van Afrikaans.

Daar kan verwag word dat heelwat respondente sal saamstem dat mens Engels magtig moet wees om 'n goeie werk te kry, aangesien hulle bewus is van die regstellende aksie in die land, en die groot probleem om werk te kan kry. Hierdie vraag kan dan ook aansluit en aanleiding gee tot 'n gevoel dat daar in die toekoms teen Afrikaanssprekendes gediskrimineer sal word. Alhoewel hierdie vrae dus die respondente se houding teenoor die toekoms van Afrikaanssprekendes toets, word dit nie deur die navorser beskou as 'n betroubare aanduiding van die respondente se houding teenoor Afrikaans op sigself nie.

Vrae 1.35 en 1.36 sal waarskynlik die data by die vorige drie vrae staaf, aangesien dit ook daarop gemik is om die mate van vertroue, sowel as lojaliteit teenoor Afrikaans te toets. Vraag 36 is as't ware 'n samevatting van hierdie groep vrae en ook die res van die vraelys.

'n Vrees vir diskriminasie en werkloosheid en 'n negatiewe houding teenoor die toekoms van Afrikaans, sowel 'n gewilligheid om Engels as voertaal ten koste van Afrikaans te aanvaar, kan lei tot taalverplasing by die respondente.

Opsie B verteenwoordig by vrae 1.32 en 1.33 'n positiewe houding teenoor Afrikaans, terwyl opsie A by vrae 1.35 en 1.36 'n positiewe houding weerspieël. By vraag 1.34 word opsie A beskou as die opsie wat moontlik 'n matige positiewe houding by die respondente teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal aantoon.

3.3.10 Identiteit; vraag 1.37

1.37 *EK BESKOU MYSELF IN DIE EERSTE PLEK AS 'N ...*

A. Afrikaner

B. Suid-Afrikaner

C. wêreldbürger

Die laaste vraag van Afdeling 1 op die vraelys word in 'n groot mate deur die navorser as die kulminasie van die vrae op die vraelys beskou, maar bepaal ook hoe die respondente hul identiteit beskou.

Die verwagting is weereens dat respondente wat hulle in oorwegend of groter Afrikaanssprekende gemeenskappe (byvoorbeeld Afrikaanse skole) bevind, hulself as "Afrikaners" sal beskou.

Die identiteit van 'n persoon hang volgens du Plessis (Prinsloo 1984:165) baie nou saam met taalidentiteit. Indien 'n groot persentasie hulself as "Afrikaners" sou beskou, sou dit 'n baie positiewe houding teenoor die taal toon, aangesien dit dan beteken dat die respondente hul met Afrikaanswees vereenselwig en dus positief staan teenoor die taal. So 'n positiewe ingesteldheid teenoor Afrikaans kan die inwerking van taalverlamming, taalverplasing en uiteindelijke taalsterfte teenwerk.

By hierdie vraag word opsie A beskou as die opsie wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die voortbestaan van die taal verteenwoordig.

HOOFSTUK 4

4 NAVORSINGSDATA

4.1 BESPREKING VAN NAVORSINGSDATA: 'N INLEIDING

Houding is volgens Rosenberg (1956:367) en Insko (1967:2) 'n relatief stabiele respons op 'n spesifieke simbool, saak of voorwerp. Die houdingskeuse wat gemaak word, verminder spanning en bewerk gewoonlik sosiale ondersteuning en gunstige aanvaarding van die persoon deur sy portuurgroep. Die feit dat die respondente tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar is, maak dat hulle op 'n ouderdom is wanneer hulle meer ontvanklik is vir invloede sowel as groepdruk. Die vorming van 'n spesifieke houding teenoor Afrikaans sal volgens die navorser 'n goeie barometer wees van hoe die Afrikaanse tiener in KwaZulu-Natal oor die toekoms en gebruik van Afrikaans voel.

Die aanvaarding en aanwending van Engelse/half-Engelse en/of sleng-woorde kan waarskynlik deur die respondente beleef word as 'n sosiale groepsolidariteitsmerker, 'n belangrike bindingsfaktor, aangesien dit hulle spraakpatroon onderskei van dié soort Afrikaans wat oor die algemeen deur volwassenes gebruik word. Dit word waarskynlik deur die respondente beleef as minder formeel en meer prettig en "jonger".

Dit is vir die onvolwasse tiener wat onderhewewig is aan groepdruk, van groot belang om aanvaar te word deur die "ons"-groep - dit verminder spanning en fasiliteer die aanvaarding van die gekose houding. Indien al die lede van die groep 'n spesifieke houding (in hierdie geval taalhouding) aanvaar, voel hulle geborge binne hul portuurgroep. Kohesie en konformiteit (Baron 1974:316) is terme wat toegepas kan word op die gevoel van aangetrokkenheid tot die portuurgroep, sowel as die begeerte tot konformiteit - om nie "uit" te wees nie. Die stelling

kan dus gemaak word dat groepdruk steeds wel 'n rol te speel het by die keuse van taalhouding, alhoewel 86,4% vroulike respondente en 89,3% manlike respondente aangedui het dat hulle Engelse, half-Engelse en/of sleng woorde gebruik omdat dit vir hulle "lekker" is, en nie omdat hul vriende dit verkies nie.

4.2 *BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE NAVORSINGSVRAE*

4.2.1 *Algemene inligting oor respondente; vrae 1.1, 1.2, 1.3, 1.4 en 1.5*

1.1 *Geslag en ouderdom van respondente*

Die data verkry uit die voltooide vraelyste, toon dat 54,8% van die respondente vroulik is, terwyl 45,2% manlik is. Hierdie spreiding is heeltemal aanvaarbaar. Die ouderdom van die meeste respondente (50,7%) is 16 jaar, maar dit wissel van 14 jaar (0,9%) tot 20 jaar (0,9%). Die spreiding ten opsigte van ouderdom is ook aanvaarbaar, aangesien dit 'n groter groep respondente betrek, alhoewel 16-jariges die grootste persentasie van die respondente uitmaak.

1.2 *Skoolmedium*

Van die respondente is 56,4% in dubbelmediumskole, terwyl 43,6% in Afrikaansmediumskole is. Volgens die navorsingsdata is daar 'n aantoonbare verskil tussen die twee groepe ten opsigte van reaksies op sekere vrae. Afrikaansmediumskole is meestal gegroepeer as die Groep 1-skole, terwyl dubbelmediumskole (sowel as die res van die Afrikaansmediumskole) gegroepeer is as Groep 2- tot 5-skole. Die skoolmedium, wat ook te make het met die soort skool, verskaf 'n goeie spreiding wat die navorsing se geloofwaardigheid versterk.

1.3 *Taal van ouers*

Onderskeidelik 82,8% vroulike respondente en 83,6% manlike

respondente se ouers se moedertaal is Afrikaans.

Slegs by 0,4% van die vroulike respondente is nie een van die ouers se moedertaal Afrikaans nie:

MOEDER

VADER

Engels

Frans (en deels Afrikaans)

By die manlike respondente is die persentasie groter, naamlik 1,8%. Hier is die tale soos volg:

MOEDER

VADER

1. Engels

Engels

2. Duits

Duits

3. Engels

Hollands

4. Engels

Xhosa

(Telkens verteenwoordigend van een respondent se ouers)

Bogenoemde 0,4% en 1,8% anderstalige ouers het 'n baie klein invloed op die uiteindelijke uitslag van die navorsing gehad.

1.4 en 1.5 Huistaal

Alhoewel al die respondente in Afrikaansmediumklasse is, is 1,5% van die vroulike respondente en 4% van die manlike respondente se huistaal Engels. Alhoewel onderskeidelik 78% vroulike en 76,9% manlike respondente se huistaal Afrikaans is, praat 85% van die vroulike respondente en 77,3% van die manlike respondente se ouers albei met hulle Afrikaans. Daaruit kan die afleiding gemaak word dat daar in die meeste respondente se huise deur albei ouers Afrikaans gepraat word, al is een van die ouers Engelssprekend.

Taalverplasing deur een van die ouers het dus by 3% (vr. resp.) en 0,4% (ml. resp.) plaasgevind; 20,5% (vr. resp.)

en 17,3% (ml. resp.) se huistaal is 'n kombinasie van Afrikaans en Engels.¹²

By die Groep 3-skole (oorwegend bruin leerlinge) het geen respondente hul huistaal as Engels aangegee nie, alhoewel 3,8% (een respondent) se ouers se moedertaal nie Afrikaans is nie.

MOEDER

VADER

Engels

Xhosa

Die feit dat geen respondent in hierdie groep aangetoon het dat sy/haar huistaal Engels is nie, mag dalk slegs 'n fout aan die kant van die respondent wees, of daarop dui dat die ouers óf die kind Afrikaans as huistaal verkies.

Die groep met die hoogste persentasie ten opsigte van Engels as huistaal is Groep 2 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) met 2,9% (vr. resp.) en 10,8% (ml. resp.). Die kombinasie van Afrikaans en Engels as huistaal is by hierdie groep ook baie hoër as by die ander groepe, naamlik 40% (vr. resp.) en 18,8% (ml. resp.).

Die verwagting was dat die grootste persentasie respondente se huistaal en moedertaal Afrikaans sal wees, aangesien al die respondente se onderrigtaal Afrikaans is. Deur die data by vrae 1.1 tot 1.5 is daar bepaal dat Afrikaans wel die hoofspreektaal, skooltaal, huistaal en moedertaal van die grootste persentasie respondente is. Dit vorm die basis waarteen die invloed van Engels op Afrikaans, die aanwending van Engelse en/of sleng-woorde deur Afrikaanssprekendes, sowel as die houding teenoor Afrikaans getoets word. Die feit dat daar verder in hierdie navorsing 'n redelik positiewe houding teenoor die aanwending van Engelse/half-Engelse en/of sleng-woorde voorgekom het, kan waarskynlik

¹² Om herhaling van terme uit te skakel, word "vroulike respondente" en "manlike respondente" voortaan soms onderskeidelik as "vr. resp." en "ml. resp." geskryf.


toegeskryf word aan die feit dat Engels geredelik by 'n aansienlike aantal respondente se huise gehoor en gebruik word. Dit maak dit vir die respondente makliker om steeds hul positiewe houding teenoor Afrikaans te handhaaf, en tog tegemoetkomend teenoor die aanwending van genoemde Engelse woorde te wees.

Die omwêreld waarin die meeste Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal hul bevind, is in 'n groot mate Engels. Sommige tieners se skoolomgewings en tuisdorpe/-stede is ook oorwegend Engels. Die elektroniese media is by tye van die skryf van hierdie verhandeling ook oorwegend Engels. Hierdie Engelse ruimte waarbinne die tieners grootword, veroorsaak 'n gemaklike omgang met Engels sowel as 'n aanvaarding, wat dalk mag ontbreek by Afrikaanse tieners in provinsies waar Afrikaans meer algemeen gehoor word.

By vraag 1.5 wat handel oor die taal wat die respondente met hul ouers praat, word opsie A (Albei praat met my Afrikaans) as die positiewe opsie beskou.

VRAAG 1.5 EK EN MY OUERS:

- A. Albei praat met my Afrikaans
- B. Albei praat met my Engels
- C. Albei praat Afrikaans én Engels met my; ek skat sowat ...% Afrikaans
- D. My ma praat sowat ...% Afrikaans met my en my pa sowat ...% Afrikaans



4.2.2 Alledaagse gebruikstaal van respondente; vrae 1.6, 1.7, 1.8, 1.9, 1.13, 1.27 en 1.28.

1.6 Watter taal met Afrikaanse vriende gepraat word

Die data by hierdie vraag het aan die verwagting van die navorser voldoen dat Engels wel 'n rol speel by kommunikasie binne groepverband (Afrikaanse tieners wat met Afrikaanse maats óf Engelse maats praat, sowel as ander kommunikasie met die portuurgroep). Slegs 43,6% (vr. resp.) en 47,6% (ml. resp.) praat altyd net Afrikaans met hul Afrikaanse vriende. Die 4% meer manlike as vroulike respondente wat slegs Afrikaans met hul Afrikaanse vriende praat, staan in teenstelling met die bevindinge by vraag 1.4 en 1.5 dat 1,1% minder manlike respondente se huistaal slegs Afrikaans is, en dat 7,7% van die respondente se ouers albei tuis met die respondente Afrikaans praat. Dit wil dus voorkom asof die manlike respondente meer gemaklik is om Afrikaans met hul Afrikaanse maats te praat, al is daar heelwat van hulle wie se huistaal nie slegs Afrikaans is nie, maar ook Engels.

Die feit dat minder as 50% van die respondente slegs Afrikaans met hul Afrikaanse vriende praat, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die dorpe waaruit die verteenwoordigende respondentskole gekies is (en KwaZulu-Natal oor die algemeen) oor baie meer Engelse huistaalsprekers as Afrikaanse huistaalsprekers beskik, en Engels dus baie meer algemeen gehoor word as Afrikaans. Die totale huistaalsprekers is die volgende:

AFRIKAANS	ENGELS	AFRIKAANS EN ENGELS
100 493	732 762	3 768

(Sentrale Statistiekdiens, RSA 1994)

(Volgens die Sentrale Statistiekdiens is bogenoemde statistiek slegs van toepassing op blankes, kleurlinge en Indiërs. Slegs inligting ten opsigte van Afrikaans en Engels

as huistale word aangegee, aangesien dit van toepassing is op hierdie navorsing).

Die feit dat minder as 50% van die respondente slegs Afrikaans met hul Afrikaanse vriende praat, kan 'n aanduiding wees dat respondente vind dat hulle met gemak Engels met hul Afrikaanse maats kan praat. Alhoewel hierdie navorsing slegs van toepassing is op tieners in KwaZulu-Natal, en die vraag toegespits is op 'n spesifieke gespreksituasie tussen Afrikaanse tieners, kan die feit dat so min Afrikaans met Afrikaanse maats gepraat word as taalverplasing beskou word. (Taalverplasing is volgens Holmes (1992:62) 'n stadige proses van verplasing of verskuiwing deur die sprekers van 'n minderheidstaal na die meerderheidstaal - 'n faktor betrokke by taalagteruitgang, en een van die stadia van taalsterfte). Hierdie tendens toon dat die respondente in 'n mate 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans openbaar, en dat Afrikaans binne die sosiolek van die respondente tekens toon van aftakeling. Hierdie tendens is nie algemeen geldend dwarsdeur die navorsing nie, aangesien ander vrae weer meer positiewe resultate gelewer het ten opsigte van die houding teenoor Afrikaans. Daar bestaan deurgaans 'n teenstrydigheid ten opsigte van die tieners in KwaZulu-Natal se houding teenoor Afrikaans, die invloed van Engels en/of die gebruik van half-Engelse of sleng-woorde. By sommige vrae kom dit voor asof die respondente se houding teenoor die taal as positief beskou kan word, en by ander vrae kan 'n negatiewe houding afgelei word. (Kyk Hoofstuk 5 wat handel oor die bevindings by die uitslae wat verkry is).

Faktore soos sosiale aanvaarding en tweetaligheid, kan ook die tendens van taalverplasing en die gepaardgaande houding fasiliteer. Holmes (1962:65) meen dat tweetaligheid altyd 'n noodsaaklike voorloper van taalverplasing is. Dit mag wat die eerste faktor (sosiale aanvaarding) betref dan van verbygaande - of gedeeltelik verbygaande - aard wees, aangesien tieners die groot behoefte aan sosiale aanvaarding in 'n mate sal verwerk wanneer hulle volwassenheid bereik

het.

By Groep 5-skole (Tegniese/landbouskole) is die hoogste persentasie ten opsigte van Afrikaans praat met Afrikaanse vriende aangeteken, naamlik 64% (vr. resp.) en 53,1% (ml. resp.). Leerlinge in Groep 1-skole (Afrikaansmediumskole) se persentasie stem baie ooreen met dié van die Groepe 2, 3 en 4 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is, skole met oorwegend bruin leerlinge en dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die meerderheid is). Hierdie ooreenkoms is opvallend aangesien skole in Groep 1 almal Afrikaansmediumskole is, en Groepe 2, 3 en 4 dubbel of parallelmediumskole is. Dit val ook op dat Groep 1-skole slegs 41,6% (vr. resp.) en 40,3% (ml. resp.) altyd Afrikaans met hul Afrikaanse vriende praat. Aangesien die skoolomgewing slegs Afrikaans is, kan die invloed te wyte wees aan die feit dat Engels wel gehoor word in die omgewings van die respondente, hetsy in die stede of dorpe waar hulle woon of skoolgaan, of die media.


Die laagste persentasie is aangetoon deur die vroulike respondente van die Groep 3-skole (oorwegend bruin leerlinge), naamlik 30,4%. Dit mag wees dat hierdie groep respondente hul baie meer as die blanke respondente op die media (veral Amerikaanse programme) verlaat om te sien wat die "norm" vir "inwees" is. Die media is oorwegend Engels, vandaar die Engelse invloed en die positiewe houding teenoor die aanwending daarvan deur genoemde groep respondente. Die moontlikheid bestaan dat die bruin respondente en hul ouers 'n mate van antagonisme teen Afrikaans ervaar, wat waarskynlik spruit uit die vroeëre politieke bestel en die apartheidsera. Afrikaanse bruinmense is gedurende daardie tyd nie op gelyke voet met blanke Afrikaanssprekendes geplaas nie. Die bruinmense het dit waarskynlik as beledigend ervaar, en Afrikaans as die apartheidstaal of taal van die onderdrukker beskou.

By vraag 1.6 wat handel oor die taal wat die respondente met hul Afrikaanse vriende praat, het die navorser opsie A

(altyd slegs Afrikaans) as die opsie identifiseer waarvan afgelei kan word dat daar ten opsigte van die spesifieke vraag 'n positiewe houding by die respondente bestaan ten opsigte van Afrikaans en die toekoms daarvan.


VRAAG 1.6 MET MY AFRIKAANSE VRIENDE PRAAT EK ...

- A. altyd slegs Afrikaans
- B. soms Engels
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Engels



VRAAG 1.7 MET MY ENGELSE VRIENDE PRAAT EK ...

- A. altyd slegs Engels
- B. soms Afrikaans
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



1.7 Watter taal met Engelse vriende gepraat word

Alhoewel die mening gewoonlik gehuldig word dat Afrikaanse leerlinge oor die algemeen slegs Engels met hul Engelse vriende praat, het slegs 41,4% (vr. resp.) en 39,1% (ml. resp.) aangedui dat hulle altyd Engels met hul Engelse maats praat. Respondente in die Groep 1-skole praat baie meer as ander skoolgroepe slegs Engels met hul Engelse maats, naamlik 50,4% (vr. resp.) en 51,6% (ml. resp.). Die feit dat hierdie groep (Afrikaansmediumskole) 'n hoër persentasie toon, staan in teenstelling met die bevinding by vraag 1.6, aangesien die navorsing hier getoon het dat hierdie groep gemiddeld net 40,5% slegs Afrikaans met Afrikaanse vriende praat, dus baie Engels. Daar sou dus verwag word dat genoemde groep selfs 'n groter persentasie meer Engels met Engelse vriende sou praat, maar dis nie die geval nie. Die rede hiervoor mag wees dat hulle waarskynlik genoodsaak of gemakliker voel om soms Engels met hul Afrikaanse vriende te praat, omdat hulle in hul daaglikse omgang min oefening kry om vloeiend in Engels te kommunikeer. Dit mag ook wees dat hulle bang is om foute te maak voor hul Engelse vriende, maar meer op hul gemak voel tussen hul Afrikaanse vriende, en dus die geleentheid benut om Engels te praat om sodoende te "oefen" om Engels te praat. Laasgenoemde stelling is mondeling deur 'n paar van die respondente gestaaf. Die moontlike prestigewaarde wat aan die vermoë om Engels te praat geheg word, kan ook 'n rol speel.

By hierdie vraag wat handel oor die taal wat respondente met hul Engelse maats praat, is opsie B (soms Afrikaans) beskou as die opsie wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.

1.8 Vermenging van tale, wanneer Afrikaans met Afrikaanse vriende gepraat word

Die navorser het die verwagting gekoester dat die persentasie respondente wat sal aantoon dat hulle probeer om nie hul taal te meng nie, redelik laag sal wees. Hierdie

verwagting is deur die data bevestig. Die afleiding kan waarskynlik gemaak word dat dit nie vir Afrikaanssprekende tieners in KwaZulu-Natal baie belangrik is om hul tale suiwer te hou nie, aangesien slegs 16,1% (vr. resp.) en 12% (ml. resp.) aangedui het dat hulle probeer om nie hul tale te meng nie.

Groep 3-skole (oorwegend bruin leerlinge) het die hoogste persentasie aangedui ten opsigte van die vraag of hulle probeer om nie hul tale te meng wanneer hulle Afrikaans met Afrikaanse vriende praat nie, naamlik 30,4% (vr. resp.) en 15,4 (ml. resp.).

Hierdie data staan in sterk teenstelling met dit wat groep 3 by veral vrae 1.6 en 1.9 aangetoon het, aangesien dit by vraag 1.8 voorkom asof hulle poog om nie hul tale te meng nie, terwyl hulle by 1.6 en 1.9 die indruk gelaat het dat hulle verkies om meer Engels met hul Afrikaanse vriende te praat, en ook dat hulle nie op hul gemak voel om suiwer Afrikaans met hul Afrikaanse vriende te praat nie. By hierdie groep het daar deurgaans teenstrydighede opgeduik. Die navorser vermoed dat hierdie teenstrydighede dalk 'n indikasie is dat hulle as respondente minder betroubaar was. Alhoewel die navorser geen antagonisme ondervind het nie, was hierdie groep respondente besonder stil, daar is nie soos by die ander skole vrae gevra of opmerkings gemaak van die kant van die respondente nie.

Insko (1967:9) praat van "evaluation apprehension", 'n toetsing- of waardebepalingsbesorgdheid of vrees. Alhoewel die navorser nie by tye van die navorsing daarvan bewus was nie, mag dit wees dat hierdie groep uit die aard van die feit dat hulle oorwegend bruin en die navorser blank is, dalk 'n mate van vreemdheid en selfs angs ervaar het en sodoende nie altyd eerlik met die vraelys omgegaan het nie.


Orne (1962:780) meen dat 'n situasie mag ontstaan waar respondente die verwagting van die navorser probeer antisipeer, en dus uit hul pad uit gaan om die "regte"

antwoord te verskaf. Die talle teenstrydighede wat hierdie groep (oorwegend bruin leerlinge) in hul antwoorde aangetoon het, mag volgens die navorser dalk gewyt word aan bogenoemde waardebepalingsbesorgdheid en 'n begeerte om die navorser se guns te wen, deur antwoorde op die vrae te verskaf wat volgens hulle die navorser sou tevrede stel, en hulle in 'n goeie lig sou stel.

By hierdie vraag oor die vermenging van tale wanneer die respondente met hul Afrikaanse vriende praat, is opsie A (probeer ek om nie my tale te meng nie) as die positiewe opsie geïdentifiseer.

VRAAG 1.8 AS EK AFRIKAANS MET MY AFRIKAANSE VRIENDE PRAAT ...

- A. probeer ek om nie my tale te meng nie
- B. gebruik ek soms Engelse woorde en uitdrukkings
- C. gebruik ek dikwels Engelse woorde en uitdrukkings



1.9 Gemak/ongemak wanneer suiwer Afrikaans met vriende gepraat word

Soos hierbo genoem, staan die uitslag van hierdie vraag in teenstelling met vrae 1.6 en 1.8 (ook met 1.7 - watter taal met Engelse vriende gepraat word), aangesien 61,9% (vr. resp.) en 53,3% (ml. resp.) van die totale respondente aangedui het dat hulle op hul gemak voel wanneer hulle suiwer Afrikaans met hul vriende praat. Dit is nie vir die navorser duidelik wat die rede vir die teenstrydigheid is ten opsigte van die bogenoemde vrae nie. 'n Mate van waardebepalingsbesorgdheid (soos ook hierbo genoem) kon moontlik voorgekom het. Die hoogste persentasie is deur die Groep 5-skole wat die tegniese/landbouskole verteenwoordig, aangetoon naamlik 84% (vr. resp.) en 61,2% (ml. resp.), terwyl die laagste deur die Groep 3-skole aangeteken is, naamlik 39% (vr. resp.) en 38,5 (ml. resp.). Hierdie data by Groep 3 ondersteun nie die data verkry by 1.6, 1.7 en 1.8 nie. Groep 1 (Afrikaansmediumskole) is derde op die lys met 57,6% (vr. resp.) en 51,6% (ml. resp.).

'n Verklaring vir die Groep 3-skole se skynbare teenstrydigheid mag dalk gesoek word in die feit dat hulle dink dat by "suiwer Afrikaans" die standaarduitspraak (of soos hulle moontlik voel: "blanke"-Afrikaans) bedoel word. Die kleurlinggroep se Afrikaans klink oor die algemeen nie dieselfde as die gemiddelde blanke se Afrikaans nie, en hulle kan dit (as gevolg van moontlike stigmatisasie) as "onsuiwer" beskou, vandaar die ongemak om "suiwer" Afrikaans met hul vriende te praat.


By Groep 5-skole, wat die hoogste persentasie aangedui het, bestaan daar ook 'n teenstrydigheid by vrae 1.6 en 1.8. Hierdie skynbare teenstrydigheid mag dalk te make hê met hierdie groep se gevoel van patriotisme, aangesien hulle oorwegend in skole is waar daar 'n meerderheid Afrikaanssprekendes is. Hulle toon verreweg die hoogste persentasie by vraag 1.37 (die identiteit van die respondent): 60% (vr. resp.) en 65,3% (ml. resp.) sien

hulself as Afrikaners, teenoor die gemiddelde van 47,3% (vr. resp.) en 44,4% (ml. resp.) van die totale respondentekorps.

By hierdie vraag wat handel oor die gemak of die ongemak wat respondente ervaar wanneer hulle suiwer Afrikaans met hul Afrikaanse maats praat, het die navorser opsie A (op my gemak) as die opsie geïdentifiseer wat 'n positiewe houding weerspieël


VRAAG 1.9 WANNEER EK SUIWER AFRIKAANS MET MY VRIENDE PRAAT, VOEL EK ...

- A. op my gemak
- B. ongemaklik



VRAAG 1.13 AS EK VLOEK OF STRY, DOEN EK DIT IN ...

- A. Afrikaans
- B. Engels
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



1.13 *Vloek of stry*

Die navorser het nie voorsien dat die respondente hierdie vraag problematies sal vind nie, maar het verwag dat die grootste persentasie respondente sal aantoon dat hulle in Afrikaans vloek of stry.

Tydens die invul van die vraelys het 'n groot persentasie van die respondente egter te kenne gegee dat hulle nie vloek en stry binne een verband sien nie. Die navorser kon uit mondelinge besprekings aflei dat talle respondente, veral vroulike respondente, die "vloek"-gedeelte weggelaat of geskei sou wou gesien het. Heelwat respondente meen dat hulle nie vloek nie, maar soms slegs kragwoorde uiter. Die vraag is soms as "beledigend" ervaar.

Nieteenstaande bogenoemde feit, het slegs 6,2% (vr. resp.) en 3,1% (ml. resp.) verkies om geen respons te lewer nie. Verreweg die meeste respondente verkies om 'n kombinasie van Afrikaans sowel as Engels te gebruik wanneer hulle vloek of stry: 44% (vr. resp.) en 54,2% (ml. resp.). Manlike respondente maak in vergelyking met vroulike respondente 10,2% keer meer gebruik van 'n kombinasie van die twee tale, en vloek en stry ook 7,4% meer as die vroulike respondente in Engels. Uit die aard van die verskuilde kompleksiteit van hierdie vraag, kan die afleiding gemaak word dat dogters moontlik minder vloek of waarskynlik dus minder gebruik maak van ontleende Engelse vloekleksikon, en dus meer in hul eie taal (Afrikaans) stry.

Dit is opmerklik dat hoewel Groep 3-skole (oorwegend bruin leerlinge) aangedui het dat hulle die ongemaklikste voel om suiwer Afrikaans met hul Afrikaanse vriende te praat, hulle verreweg die hoogste persentasie aandui ten opsigte van vloek en stry in Afrikaans, naamlik 78,3% (vr. resp.) en 42,3% (ml. resp.). Die navorser twyfel of hierdie data op betroubare wyse aansluit by dié by vraag 1.8 (of respondente poog om nie hul taal te meng nie). Vroeëre opmerkings oor die betroubaarheid van hierdie groep as respondente is ook

hier van toepassing.

'n Paar van die skriftelike opmerkings was:

Ek vloek nie.	(4 keer)
As ek kwaad is, dink ek net in Afrikaans.	(1 keer)
Ek vind hierdie vraag beledigend.	(3 keer)
Die vraag is moeilik om te beantwoord, want ek stry in Afrikaans, maar vloek meestal in 'n kombinasie van tale.	(1 keer)

By vraag 1.13 wat handel oor watter taal die respondente aanwend wanneer hulle vloek of stry, het die navorser opsie A (Afrikaans) as die positiewe opsie beskou.

1.27 Watter taal met Afrikaanse vriende gepraat word in 'n groep waar daar ook Engelse vriende teenwoordig is

Die navorser het die aanname gemaak dat Engels 'n groot rol in die kommunikasieproses tussen tieners in KwaZulu-Natal sal speel. Die meeste respondente het aangedui dat hulle 'n kombinasie van Afrikaans en Engels praat wanneer daar oorwegend Afrikaanse tienervriende met een of meer Engelse vriende in die geselskap is, naamlik 56,4% (vr. resp.) en 49,8% (ml. resp.). Die meeste van die respondente wat bogenoemde opsie gekies het, het aangedui dat hulle sowat 50% Afrikaans praat en wanneer hulle in 'n groep is waar beide Afrikaanse en Engelse vriende teenwoordig is.

Die rede waarom 'n relatief hoë persentasie Engels gepraat word in 'n groep waar daar meer Afrikaanse as Engelse vriende teenwoordig is, mag waarskynlik die feit wees dat Engelssprekende persone in KwaZulu-Natal oor die algemeen minder geneë (of dalk te skaam) is om Afrikaans te praat, vandaar die tegemoetkoming aan die kant van die Afrikaanse vriende in die groep om dan eerder Engels te praat, al is daar baie Afrikaanssprekendes teenwoordig. Afrikaanssprekendes in KwaZulu-Natal is voorts ook gewoon daaraan dat Engels meer algemeen in hierdie provinsie


gepraat word; Afrikaanssprekendes is waarskynlik ook oor die algemeen beter tweetalig as Engelssprekendes.

Van die respondente het by bogenoemde vraag aangetoon dat hulle skuldig voel dat hulle nie eerder Afrikaans praat nie. Hierdie opmerking dui daarop dat sommige van die respondente bewus is van die feit dat hulle Engels praat wanneer daar meer Afrikaanssprekendes teenwoordig is, en dat hulle voel dat dit nie eintlik reg laat geskied aan Afrikaans nie. Dit mag dalk lei tot 'n meer doelbewuste poging om meer Afrikaans te praat, wat waarskynlik 'n positiewer houding teenoor Afrikaans kan skep.


Groep 5 (Tegniese/landbouskole) het aangedui dat hulle die meeste Afrikaans in bogenoemde situasies praat, 'n tendens wat aansluit by hul respons by vrae 1.6, 1.9, 1.10, 1.11, 1.23, 1.25, 1.27 sowel as 1.37 (data wat handel oor kommunikasie met vriende, die praat van suiwer Afrikaans, skriftelike kommunikasie, om jou beter in Engels te kan uitdruk as in Afrikaans, die aanvaarding van sommige Engelse en ander woorde en met watter identiteit geassosieer word). Die groep wat die minste Afrikaans praat in genoemde groep, is Groep 2 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is), waar die meeste "Engels as huistaal" aangeteken is. Ook in hierdie geval sluit die data by hierdie vraag aan by vorige data ten opsigte van hierdie groep, naamlik vrae 1.6, 1.10, 1.11, 1.16, 1.20, 1.21 en 1.27 (data wat handel oor mondelinge en skriftelike kommunikasie, keuse van taal van leesstof en die vrae of Engels 'n mooier of meer "sexy" taal as Afrikaans is) waar Engels ten koste van Afrikaans gekies is.

By hierdie vraag wat handel oor watter taal die respondente met hul Afrikaanse vriende praat wanneer daar ook Engelse vriende teenwoordig is, is opsie A (oorwegend Afrikaans in die groep) as die positiewe opsie beskou.

VRAAG 1.27 WANNEER ONS BYMEKAARKOM EN DAAR IS OORWEGEND AFRIKAANSE TIENERMAATS, MET EEN OF MEER ENGELSE MAATS, PRAAT ONS:
 A. oorwegend Afrikaans in die groep
 B. oorwegend Engels in die groep
 C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



VRAAG 1.28 AFRIKAANSE TIENERS VERKIES AFRIKAANSE MAATS:
 A. Ek stem saam
 B. Ek stem nie saam nie



1.28 Word Afrikaanse vriende verkies?

Die aanname was dat Afrikaanse maats verkies sal word, omdat dit waarskynlik vir die respondente gemakliker sal wees om in hul huistaal te kommunikeer. 'n Paar respondente het aangedui dat dit afhang van die maats, en dat die taal nie 'n verskil maak nie. Dit dui daarop dat KwaZulu-Natalse tieners gemaklik voel in die geselskap van Engelse persone, en geen negatiewe konnotasie aan "Engelswees" heg nie.

Die meeste respondente het nie saamgestem dat Afrikaanse maats deur Afrikaanse tieners verkies word nie: 57,5% (vr. resp.) en 55,6% (ml. resp.). Groep 1 (Afrikaansmediumskole) toon die hoogste persentasie hier aan, naamlik 64,8% (vr. resp.) en 58,1% (ml. resp.), 'n tendens wat aansluit by data by vrae 1.6, 1.7, 1.16, 1.17, 1.18, 1.19, 1.20, 1.21, 1.23, 1.24 en 1.25. (vrae oor kommunikasie, keuse van taal van fiksie en televisiestories en liedjies, of Engels 'n mooier of meer "sexy" taal as Afrikaans is en mens jou beter daarin kan uitdruk, die rede waarom Engelse woorde gebruik word en die aanvaarbaarheid van Engelse en ander woorde in Afrikaans). Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n redelike groot persentasie van hierdie respondentgroep (Afrikaansmediumskole) in koshuise woon en dat baie, of amper ál hul medeleerlinge wat ook in die koshuis woon waarskynlik Afrikaanssprekend is, dit bring mee dat hul keuse van vriende beperk is. Die keuse van vriendskap sal dus nie noodwendig op persoonlike voorkeur by die betrokke respondente dui nie.

Die manlike respondente by die skole wat as Groep 2 bekend staan (Dubbel/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) vertoon 'n besonder hoë persentasie, naamlik 78,3% (hulle stem nie saam dat Afrikaanse tieners Afrikaanse maats verkies nie). Hierdie data sluit waarskynlik aan by die feit dat hierdie groep die grootste persentasie Engels as huistaal aangetoon het, dit sluit ook aan by vrae 1.6, 1.10, 1.11, 1.16, 1.20, 1.21 en 1.27. (vrae oor sommige skriftelike en mondelinge kommunikasie, keuse van taal van fiksie en of Engels 'n mooier of meer "sexy" taal as

Afrikaans is).

Die feit dat die respondente oor die algemeen tuis voel by Engelse vriende, en nie hul vriende aan hul taal uitkies nie, dui op goeie sosiale aanpassing, maar kan veroorsaak dat Afrikaans uiteindelik afgeskeep word. Die feit dat Engelse maats gemaak word, kan daartoe lei dat ook die potensiële huweliksmaat Engelssprekend kan wees, wat weer kan lei tot taalverplasing in die huwelik. In KwaZulu-Natal is die moontlikheid waarskynlik groot dat Engels die uiteindelijke gekose taal sal wees, en die toekomstige kinders in Engels opgevoed sal word. Holmes (1992:68) meen dat taalverplasing binne huwelike waar een van die lede die dominante taal van die land praat, gewoonlik uitloop op die verwaarlosing van die minderheidstaal. Indien die moeder se taal die minderheidstaal is, sal die kans volgens Holmes groter wees dat die kind in daardie taal opgevoed sal word.

Totale taalverplasing (na die dominante taal) is volgens Holmes (1992:68) egter 'n groot moontlikheid in taalgemengde huwelike.

By hierdie vraag wat handel oor die keuse van vriende, hetsy Afrikaanse of Engelse vriende, het die navorser opsie A (Afrikaanse vriende verkies Afrikaanse maats) as die opsie geïdentifiseer wat 'n positiewe houding by die respondente teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal illustreer.

4.2.3 Portuurgroepkommunikasie; vrae 1.10, 1.11 en 1.12

1.10 en 1.11 Liefdes- en ander briewe


Altesaam 54,2% (vr. resp.) en 52% (ml. resp.) gebruik meestal Afrikaanse troetelwoorde as hulle Afrikaanse liefdesbriewe skryf, en 42,1% (vr. resp.) en 54,2% (ml. resp.) skryf slegs Afrikaans in hul briewe aan hul Afrikaanse vriende. Dit toon 'n positiewe houding teenoor die spontane, gemaklike gebruik van Afrikaans in skriftelike kommunikasie.

Die Groep 2-skole (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) se persentasies is die laagste by albei die vrae, met 40% (vr. resp.) en 43,2% (ml. resp.) by vraag 1.10 en 34,2% (vr. resp.) teenoor 45,9% (ml. resp.) by vraag 1.12. Hierdie tendens sluit aan by die data wat by vraag 1.6 verkry is, naamlik die lae persentasie Afrikaans wat deur hierdie groep met hul Afrikaanse vriende gepraat word. Die dorpe waar hierdie soort skole gevind word, is gewoonlik oorwegend Engels, en die feit dat die respondente daagliks in hul skole en dorpe oorwegend Engels hoor, mag 'n rede wees waarom hulle Engelse woorde meer gereeld gebruik. Hul vriendekring sluit dikwels ook Engelssprekendes in. Hierdie tendens kan waarskynlik gesien word as 'n mate van taalverplasing, wat dui op 'n negatiewe houding teenoor die handhawing van Afrikaans.


Groep 5 (Tegniese/landbouskole) toon weer die hoogste persentasie met 84% (vr. resp.) en 57,1% (ml. resp.) by vraag 1.10 en 52% (vr. resp.) en 57,1% (ml. resp.) by vraag 1.11. (Kyk vraag 1.9 hierbo). Die groot persentasie van 12% (vr. resp.) en 15% (ml. resp.) wat geen respons op hierdie vraag gelewer het nie, kan te wyte wees aan die feit dat nie almal liefdesbriewe skryf nie. Hierdie opmerking is telkens deur respondente gemaak. Respondente het ook hardop te kenne gegee dat dit afhang van die taal van die persoon aan wie hulle skryf. Dit word deur die navorser as 'n geldige argument aanvaar.

By hierdie vrae wat handel oor die taal waarin die respondente liefdesbriewe en ander briewe aan hul maats skryf, het die navorser opsies A (meestal Afrikaanse troetelwoorde en slegs Afrikaans) as die positiewe opsies aanvaar.

VRAAG 1.10 AS EK AFRIKAANSE LIEFDESBRIEWE SKRYF, GEBRUIK EK
 A. meestal Afrikaanse troetelwoorde
 B. meestal Engelse troetelwoorde



VRAAG 1.11 AS EK AAN MY AFRIKAANSE MAATS BRIEWE SKRYF, GEBRUIK EK ...
 A. slegs Afrikaans
 B. meestal Afrikaanse woorde, met heelwat Engelse woorde en uitdrukkings en ander slengwoorde.



1.12 Graffiti

Ten opsigte van die taal waarin graffiti geskryf word, voldoen dit aan die verwagting dat baie meer Engelse as Afrikaanse graffiti verkies word; dit kan waarskynlik gewyt word aan die feit dat die meeste graffiti deur die Engelse of Amerikaans-ingestelde media aangewend en deur tieners nageboots word. Die feit dat die inwoners van KwaZulu-Natal ook oorwegend Engelssprekend is, mag ook hierdie tendens bevorder.

Baie meer seuns as meisies maak gebruik van Engelse graffiti. Slegs 11% (vr. resp.) en 9,3% (ml. resp.) wend Afrikaanse graffiti aan, teenoor 47,3% (vr. resp.) en 53,8% (ml. resp.) wat Engelse graffiti verkies. 'n Redelik groot persentasie het geen respons getoon nie, naamlik 7% vroulike sowel as manlike respondente.

Van die respondente het opmerkings¹³ bygeskryf soos:


Net gekke en dwase skryf op deure en glase.	(2 keer)
Ek skryf nie op my pennekas of elders nie.	(4 keer)
Wat is graffiti?	(1 keer)
Ek skryf nie graffiti nie.	(2 keer)

By hierdie vraag wat handel oor die taal waarin die respondente graffiti op hul pennekasse of elders skryf, het die navorser opsie A (Afrikaans) as die opsie voorgehou wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal weerspieël.

¹³ Aanmerkings van respondente word geredigeer om meer omvattend te wees. Verteenwoordigende en relevante aanmerkings word weergegee. Daar word nie onderskei tussen groepe nie.


VRAAG 1.12 AS EK GRAFFITI OP MY PENNESAK/ELDERS SKRYF, IS DIT...

- A. Afrikaans
- B. Engels
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



VRAAG 1.14 DIE KOERANTE WAT EK DIE GRAAGSTE LEES, IS ...

- A. Afrikaans
- B. Engels
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



4.2.4 Ontspannings- of mediataalvoorkeur; vrae 1.14, 1.15, 1.16, 1.17, 1.18 en 1.19

1.14 Taal van koerante en tydskrifte

Data by hierdie vraag toon dat respondente omtrent ewe veel Afrikaanse as Engelse koerante en tydskrifte lees, sowel as 'n kombinasie van die twee tale, naamlik 39,2% (vr. resp.) en 32,9% (ml. resp.). Vroulike respondente lees egter minder Engelse koerante en tydskrifte as manlike respondente. Laasgenoemde kan waarskynlik te wyte wees aan die feit dat meisies oor die algemeen meer belangstel in vrouetydskrifte, en dit maklik in Afrikaans bekombaar is, terwyl seuns se tydskrifte oor oorweeglik "manlike" aktiwiteite, soos motorsport, visvang, bergklim, en so meer, dikwels hoofsaaklik of slegs in Engels beskikbaar is.

Die navorser hou hier in gedagte dat baie oorsese tydskrifte (veral oor die vermaaklikheidswêreld) beskikbaar is, en aangesien die respondentgroep (tieners) se belangstelling gewoonlik die vermaaklikheidswêreld insluit, hulle hierdie tydskrifte, wat slegs in Engels beskikbaar is, graag sal lees.

By hierdie vraag oor die taal van koerante en tydskrifte wat deur die respondente gelees word, is opsie A (Afrikaans) as die positiewe opsie beskou.

1.15 Keuse van tydskrifte en koerante

Hierdie vraag staaf die data verkry by die vorige vraag, naamlik dat die respondente beide Afrikaanse en Engelse tydskrifte en koerante lees. Huisgenoot word deur byna ewe veel vroulike as manlike respondente gelees, naamlik 78,4% en 78,2%. Rapport word deur 46,2% (vr. resp.) en 48,9% (ml. resp.) gelees. *Cosmopolitan* kom tweede wat tydskrifte betref by die vroulike respondente, met 35,6%, en *Keur* (24%) is die tydskrif wat die tweede meeste deur die manlike respondente gelees word.

'n Paar respondente het name van tydskrifte wat hulle graag lees, by die lys gevoeg:

Sarie, Blush, Big Blue, Fair Lady, Top 40, Surfing, Die Boer, Farmer's Weekly en Joy.

Hoewel die navorser meen dat die lys tydskrifte en koerante by vraag 1.15 redelik verteenwoordigend is, kan bogenoemde aanvulling ook dien om 'n meer realistiese beeld van Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal se leesstof te vorm. Dis opvallend dat daar 'n groot verskeidenheid tydskrifte gelees word. By die kusskole (uit Groep 1-skole - Afrikaansmediumskole), soos Richardsbaai Hoërskool, Dirkie Uys en Port Natal Hoërskool, het sowat 15% respondente aangedui dat hulle Surfing lees. Die ander tydskrifte word deur 'n minder beduidende persentasie respondente gelees, naamlik gemiddeld sowat 4%, en daarom word daar nie so 'n groot waarde aan hierdie uitslag geheg nie.

Die feit dat so 'n hoë persentasie respondente, manlik en vroulik, Huisgenoot, Rapport en Keur lees, mag gewyt word aan die feit dat hierdie tydskrifte waarskynlik al 'n instelling in die meeste Afrikaanstalige huishoudings is en dat die kinders dit lees wat beskikbaar is (moontlik word die tydskrifte deur die ouers aangekoop). Cosmopolitan is 'n baie moderne, Engelse vrouetydskrif, wat waarskynlik aanklank vind by die moderne tiener. (Tydskrifte en koerante wat in die Afrikaans leesprogram op skool gebruik word is nie ingesluit by hierdie opname nie, aangesien dit nie die persoonlike keuse van die respondente weerspieël nie).

Die beskikbaarheid van 'n groter verskeidenheid Engelse tydskrifte en die afwesigheid van 'n groot verskeidenheid Afrikaanse tydskrifte op die Suid-Afrikaanse mark moet ook in aanmerking geneem word wanneer die data by hierdie vraag beoordeel word.

1.16 Fiksie

By die vraag oor watter fiksie die respondente verkies om te lees, het beide manlike sowel as vroulike respondente aangedui dat hulle verkies om fiksie in albei tale te lees (49,5% vr. resp. en 37,3% ml. resp.), maar die vroulike respondente lees 4,8% meer Engelse fiksie as Afrikaanse fiksie, terwyl die seuns 7,1% meer Engelse fiksie as Afrikaanse fiksie lees. Die verklaring hiervoor mag wees dat daar waarskynlik 'n wyer verskeidenheid Engelse romantiese fiksie (iets wat gewoonlik veral in die smaak van die tiener val) in biblioteke en boekwinkels beskikbaar is.


Alhoewel daar oor die algemeen meer Engelse fiksie as Afrikaanse fiksie gelees word, is dit opmerklik dat die vroulike respondente in dubbel/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is, skole waar daar oorwegend bruin leerlinge is en tegniese/landbou-skole (groepe 2, 3 en 5) meer Afrikaanse fiksie lees. By Groepe 3 en 5 is die verskille aansienlik, naamlik 26,1% en 28% meer Afrikaanse fiksie. By Groep 3 lees die vroulike én manlike respondente meer Afrikaanse fiksie, naamlik 11,6%. Ook Groepe 4 en 5 (Dubbel-/parallelmediumskole waar Afrikaans in die meerderheid is en tegniese/landbou-skole) lees onderskeidelik 7,9% en 2% meer Afrikaanse as Engelse Fiksie. Groep 2 se manlike respondente lees verreweg die meeste Engelse fiksie, naamlik 48,6% - 25,8% meer as Afrikaanse fiksie. Groep 1 se manlike respondente lees ook baie meer Engelse fiksie as wat van Afrikaansmediumskole vermoed sou word, naamlik 21,6% meer Engelse as Afrikaanse fiksie. By die vroulike respondente (Groep 1) is die verskil 15,2% ten gunste van Engelse fiksie. Die gevolgtrekking is dat die Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal dit verkies om Engelse fiksie te lees. Die rede hiervoor mag waarskynlik wees dat daar 'n werklike behoefte aan lekkerlees Afrikaanse fiksie bestaan wat in die tieners se smaak val.

By hierdie vraag oor die taal waarin die respondente graag fiksie lees, het die navorser opsie A (Afrikaanse stories)

as die opsie gekies wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.


VRAAG 1.16 EK VERKIES OM DIE VOLGENDE FIKSIE TE LEES:

- A. Afrikaanse stories
- B. Engelse stories
- C. Albei tale, ek skat sowat ...% Afrikaans



VRAAG 1.17 EK HOU DIE MEESTE VAN DIE VOLGENDE TELEVISIEPROGRAMME:

- A. Afrikaanse stories
- B. Engelse stories
- C. 'n Kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



1.17 Televisieprogramme

By hierdie vraag verkies die grootste persentasie respondente om na Engelse televisieprogramme, of 'n kombinasie van Engelse en Afrikaanse programme te kyk. Van die manlike respondente verkies slegs 6,2% om na Afrikaanse programme te kyk, terwyl 12,1% vroulike respondente Afrikaanse programme verkies. Hierdie data sluit aan by vraag 1.16, waar respondente aandui dat hulle verkies om Engelse fiksie te lees.

Slegs by Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) kyk respondente 34,8% (vr. resp.) en 30,8% (ml. resp.) graag meer Afrikaanse as Engelse televisieprogramme. Hierdie groep het ook aangedui dat hulle baie meer Afrikaanse as Engelse fiksie lees (vraag 1.16).

Ook by Groep 1 (Afrikaansmediumskole) sluit vraag 1.17 aan by die data wat by vraag 1.16 verkry is, naamlik dat Engelse televisieprogramme bo Afrikaanse programme verkies word. Die vroulike respondente het aangetoon dat 9,6% van hulle na Afrikaanse televisiestories kyk, terwyl die manlike respondente glad nie na Afrikaanse televisiestories kyk nie. Daar is slegs 'n paar 0-persentasies tydens die navorsing aangetoon, almal deur manlike respondente. By Groep 1 is die keuse by albei gevalle ten gunste van Engels gemaak, al is Groep 1 'n Afrikaansmediumskoolgroep. Hierdie groep lees ook baie minder Afrikaanse as Engelse fiksie. (Kyk vraag 1.16 sowel as die bespreking daarvan).

Die navorser meen dat hierdie vraag, in aansluiting by 1.16 en 1.18 (fiksie en TV-stories) aantoon dat hierdie groep respondente, wat verteenwoordigend is van tieners in KwaZulu-Natal, meer vreugde daaruit put om na Engelse fiksie te kyk of dit te lees. Dit dui daarop dat hulle Engels baie goed verstaan en gemaklik voel om dit te lees, daarna te kyk en daarna te luister. Lees is een van die belangrikste aspekte vir die uitbreiding en ontwikkeling van woordeskat. Indien te min Afrikaans gelees word, sal hierdie groep se

Afrikaans daaronder ly. Die navorser glo dat Afrikaanse televisieprogramme ook dieselfde doel dien.

Die respondente mag voorts dalk die interessante karakters en gebeure met Engels assosieer, en sodoende 'n positiewe assosiasie met Engels opbou. Rolmodelle word in "glamour context" (Holmes 1992:61) gesien as Engelssprekend - so 'n positiewe assosiasie kan lei tot 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans; die begeerte om soos die rolmodel te wees en op te tree, kan ook die taal van die rolmodel insluit, in hierdie geval Engels, ten koste van Afrikaans.

By hierdie vraag oor watter televisieprogramme die respondente die meeste van hou, het die navorser opsie A (Afrikaanse stories) as die positiewe opsie geïdentifiseer.

1.18 Oorgeklankte TV-stories

By hierdie vraag of respondente oorgeklankte TV-stories in Afrikaans bo Engelse of ander klankbane verkies, het 68,1% vroulike respondente en 68,9% manlike respondente aangedui dat hulle nie oorgeklankte klankbane verkies nie.

In aansluiting by die data by die vorige twee vrae, is dit weer Groep 1 wat die hoogste persentasieverskil ten opsigte van Afrikaanse of Engelse klankbane aantoon, naamlik 56,8% meer vroulike respondente en 67,6% meer manlike respondente verkies dat televisieprogramme nie in Afrikaans oorgeklank moet word nie.

Die vroulike respondente by Groep 3 en 5 (skole met oorwegend bruin leerlinge en Tegniese/landbouskole) verkies onderskeidelik 4,4% en 12% meer Afrikaanse oorgeklankte televisieprogramme. Hierdie data sluit aan by data by vrae 1.16 en 1.17 naamlik die lees van Afrikaanse fiksie en die kyk na Afrikaanse televisieprogramme.

Heelwat mondelinge sowel as skriftelike opmerkings is gemaak, waarvan almal min of meer dieselfde strekking het:

Ek haat absoluut oorgeklankte stories op televisie.
Ek hou niks van stories wat uit Duits oorgeklank is
nie.
Ek skakel eerder af, as om na oorgeklankte stories te
kyk.
Die oorspronklike tale klink soveel meer natuurlik.
Beslis nie !!!!

Dr. Stoffel Blaauw, sowel as meneer Eben Engelbrecht, wat albei werksaam is by Rapport en voorheen gemoeid was met navorsing of die skryf van artikels oor Afrikaans en die SABC, het telefonies te kenne gegee dat hoewel daar nie volgens hulle statistiek bestaan wat spesifiek handel oor oorgeklankte Afrikaanse televisieprogramme nie, die mening algemeen onder TV-kykers heers dat dit nie so aanvaarbaar is as oorspronklike Afrikaanse programme nie. Volgens dr. Blaauw is die algemene gevoel by kykers dat die karakters nie Afrikaans "lyk en optree" nie.

Dit wil voorkom asof 'n deel van die 7% (ml. resp.) wat nie 'n respons gelewer het nie, moontlik nie verstaan het wat "oorgeklankte" stories beteken nie, aangesien opmerkings soos: "Alle stories het klank" (3 keer) gemaak is.


Sommige respondente het ook gemeen dat dit afhang van die programinhoud, en dat die taal nie so 'n belangrike faktor is nie. Dit is 'n aanvaarbare argument, aangesien taal by dokumentêre televisieprogramme 'n kleiner rol speel as by rolprente. Aangesien die navorser egter die klem spesifiek wou laat val op die keuse van taal, is onderskei tussen dokumentêre programme en televisiefiksie, deur die woord "televisiestories" in plaas van "televisieprogramme" te gebruik, sodat die taal 'n meer prominente rol sal speel by die beoordeling daarvan. Hierdie onderskeiding is tydens die oriënteringsperiode aan die respondente uitgewys en verduidelik. Daar was dus nie rede vir onduidelikheid oor watter programme bedoel is nie.

By hierdie vraag of die respondente oorgeklankte TV-stories

in Afrikaans bo die Engelse of ander klankbane verkies, het die navorser opsie A (Ja) gekies as die opsie wat by die spesifieke vraag, 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal weerspieël.


VRAAG 1.18 EK VERKIES OORGEKLANKTE TV-STORIES IN AFRIKAANS BO DIE ENGELSE OF ANDER KLANKBANE:

- A. Ja
- B. Nee



VRAAG 1.19 EK GENIET MEESTAL

- A. Afrikaanse liedjies
- B. Engelse liedjies
- C. Afrikaanse en Engelse liedjies ewe veel



1.19 Liedjies

Soos deur die navorser voorsien, verkies verreweg die meeste respondente Engelse liedjies bo Afrikaanse liedjies: 'n verskil van 60,4% (vr. resp.) en 61,3% (ml. resp.). Hoewel besonder hoog, korreleer hierdie data met dié in vrae 1.16, 1.17 en 1.18. (die taal van geskrewe en televisiefiksies.). Groep 1 (Afrikaansmediumskole) se persentasie ten gunste van Engelse liedjies is weer die hoogste: 72,8% (vr. resp.) en 79% (ml. resp.) verkies Engelse liedjies bo Afrikaanse liedjies. Geen respondente het by groep 1 aangetoon dat hulle ewe veel van Afrikaanse en Engelse liedjies hou nie.

Groep 1 is die groep Afrikaansmediumskole. Dit mag wees dat hierdie groep respondente, omdat hulle nie daaglik met Engelse persone in kontak kom by hul skole nie, nie beleef dat daar 'n "bedreiging" vir Afrikaans bestaan nie, en dus nie bewustelik of onbewustelik hiervoor probeer kompenseer deur na Afrikaanse liedjies te luister, Afrikaans te lees, en so meer nie.

Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) se vroulike respondente sluit by hierdie vraag aan by die tendens wat voorheen raakgesien is, deur die kleinste verskil tussen hul keuse vir Afrikaanse of Engelse liedjies te toon. Hoewel hierdie respondente ook Engelse liedjies verkies, is die verskil tussen Afrikaanse en Engelse liedjies 30,5%. Die persentasies wat Groep 3 aangegee het is 53,5% (vr. resp.) en 57,7% (ml. resp.) ten gunste van Engelse liedjies. Die navorser vermoed dat die groter persentasie wat hierdie groep ten gunste van Afrikaanse liedjies aangetoon het, aansluit by die moontlike tendens van "antisipering" wat vroeër by hierdie groep opgemerk is. Hiervolgens mag die respondent die verwagting van die navorser antisipeer en doelbewus of onbewustelik "lean over backwards" (Insko 1967:7) om die navorser tevrede te stel en dus die "regte" antwoord te verskaf. (Sien in aansluiting hierby die bespreking by vraag 1.8 in hierdie hoofstuk).

'n Besonder hoë persentasie het by Groep 1 geen respons getoon nie, naamlik 26,4% (vr. resp.) en 21% (ml. resp.). Hierdie groep was die enigste wat van die "geen respons"-opsie gebruikgemaak het. Dit is naamlik 12,1% (vr. resp.) en 5,8% (ml. resp.). Dit mag wees dat 'n gevoel van patriotisme 'n gedeelte van hierdie groep respondente daarvan weerhou het om eerlik te antwoord op hierdie vraag. Hierdie patriotisme word ook deur die navorser beskou as 'n moontlike manifestasie van 'n soort "antisipering", soos wat dit hierbo bespreek is. In hierdie geval mag dit wees dat die respondente aan hul gevoel van patriotisme wil gehoorsaam wees, en dus bewustelik of onbewustelik nie eerlik wil antwoord op hierdie vraag nie.

Indien die "geen respons"-persentasie aan 'n onbewustelike soort patriotisme gewyt kan word, kan hierdie feit dus as 'n positiewe houdingsaspek ten opsigte van taalbehoud beskou word.

Daar moet egter ook in aansluiting by bogenoemde vraag in gedagte gehou word dat die navorser bewus is van die feit dat Afrikaanse liedjies 'n besonder klein persentasie van die liedjie-genre in Suid-Afrika uitmaak. Die plaaslike Engelse liedjiemark, sowel as die liedjies wat van oorsee af ingevoer word, vind waarskynlik groter aanklank by tieners - ook die Afrikaanse tieners in Suid-Afrika, en dalk selfs meer spesifiek Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal (die respondente wat by hierdie studie betrek is).

Afgesien van die feit dat daar nie spesifiek ruimte op die vraelys verleen is by hierdie vraag waar die respondente hul menings kon lug nie, het 'n paar tog skriftelike opmerkings gemaak. Hierdie opmerkings was onder andere as volg:

Afrikaanse musiek is vervelig.

Ons kan na oorsese musiek op video kyk, dit maak die musiek nog meer interessant.

Afrikaanse musiek is nie vir tieners nie.

Afrikaanse sangers sing nie oor die goed waarvan

tieners hou of van hul probleme nie.

Uit bogenoemde opmerkings kan die navorser aflei dat baie Afrikaanse tieners oor die algemeen nie aanklank vind by Afrikaanse musiek nie, moontlik omdat dit nie tot hulle spreek nie; dit is nie vir hulle modern of aktueel genoeg nie, dit pas nie in by hul omwêreld nie. Dit wil ook voorkom asof die moderne tiener (dalk as gevolg van televisie) meer visueel ingesteld is en graag ook na musiekvideo's kyk. Sodoende word 'n beeld van die sanger of sanggroep by die tiener opgeroep wanneer hulle na musiek luister.

Dikwels word sangers deur tieners as moderne rolmodelle gesien. Die meer moderne (dikwels "interessant geklede") oorsese sangers vervul hierdie rol baie meer suksesvol as die gewone Afrikaanse sangers in Suid-Afrika. Engelse sangers of sangroepe word dan as rolmodelle gesien; dit versterk die positiewe houding jeens Engelse musiek, en die taal, Engels oor die algemeen.

Die navorser wil op grond van persoonlike ondervinding as hoërskoolonderwyser en moeder van tieners die veralgemeende stelling waag dat tieners van die laat twintigste eeu 'n veel meer gesofistikeerde musiekkennis het as vroeër - dit sluit ook die Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal in. Daar word met 'n meer kritiese oor geluister na lirieke sowel as na die instrumentale gedeelte van die musiek. Veral wat laasgenoemde betref, word die meeste Engelse (veral Amerikaanse) musiek bevoordeel deur die groter tegniese kennis waaroor dié musici en vervaardigers beskik. Oor die algemeen sluit die lirieke van Engelse musiek meer suksesvol aan by die belangstellingsveld van die gemiddelde tiener en word die mark waarskynlik in 'n groter mate gerig op hierdie teikengroep as wat dit in Suid-Afrika (veral wat die Afrikaanse musiek betref) die geval is.

Hierdie vraag handel oor die taal van die musiek waarna die respondente meestal luister. Opsie A (Afrikaanse liedjies)

is deur die navorser geïdentifiseer as die opsie wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.

4.2.5 Houding ten opsigte van gesproke Engels; vrae 1.20, 1.21, 1.22 en 1.23

1.20 Engels, 'n mooier taal as Afrikaans?

Die navorser se verwagting was dat die respondente waarskynlik Engels as 'n mooier taal as Afrikaans sal beskou, aangesien Engels so 'n prominente rol speel in die media en tieners mediapersoonlikhede dikwels as rolmodelle beskou. Die meeste respondente het egter aangetoon dat hulle voel dat Engels nie 'n mooier taal as Afrikaans is nie. Die verskil in persentasie tussen opsie A en B (dus ten gunste van Afrikaans as 'n mooier taal) by die manlike respondente is 34,2% terwyl die vroulike respondente 26,1% verskil tussen die twee opsies aangetoon het.

Die navorser is nie seker wat die rede is waarom meer vroulike respondente as manlike respondente aangetoon het dat hulle dink Engels is 'n mooier taal as Afrikaans nie. Die afleiding kan gemaak word dat vroulike tieners uit die aard van hul geslag en lewensstadium waarskynlik meer "romanties" as hul manlike eweknieë is, en daarom meer ingesteld is op die gebruik van "mooi" woorde. Hulle vereenselwig hulle met die romantiese karakters en die taal wat hulle op televisie sien en in boeke lees. Hierdie taal is oorwegend Engels, vandaar waarskynlik die assosiasie en die aanname by 20,1% van die vroulike respondente dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is.

Die rol wat taalonderwysers speel sowel as die inhoud van die vak (Afrikaans of Engels as tweede taal) mag ook 'n rol speel by die persepsies wat die leerlinge van die betrokke taal en kultuurinhoude ontwikkel. 'n Entoesiastiese taalonderwyser wat alle aspekte van die vak aangenaam en interessant maak, kan baie bydra tot die totstandkoming van 'n positiewe houding teenoor die betrokke taal.

Dit is opmerklik dat 33,7% (vr. resp.) en 30,2% (ml. resp.) aangedui het dat hulle onseker is of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is. Hierdie tendens kan daarop dui dat daar 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans bestaan, aangesien 'n aansienlik hoë persentasie van die respondente getoon het dat hulle dink Engels is 'n mooier taal as Afrikaans, naamlik 20,1% (vr. resp.) en 17,8% (ml. resp.). Bogenoemde "onsekerheid" spruit waarskynlik uit 'n onwilligheid of huiwering om standpunt in te neem of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is - dit kan aansluit by bogenoemde bespreking oor 'n soort antisipering (een van die gevare of nadele van vraelyste). Die respondente voel dalk (onbewustelik) dat hulle die navorser (of hulself!) sal teleurstel indien hulle sou aantoon dat hulle voel dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is.

Van die respondente stem Groep 1 (Afrikaansmediumskole) die meeste saam dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, naamlik 24,8% vroulike respondente en 30,6% manlike respondente. Groep 2 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) se vroulike respondente toon die kleinste persentasie by hierdie opsie, naamlik 5,7%. Groep 5 (Tegniese/landbouskole) se persentasie was op een na die kleinste en toon die grootste verskil ten opsigte van opsies A en B. Die persentasie respondente wat "onseker" is, is ook hier die kleinste, naamlik 16% (vr. resp.) en 18,4% (ml. resp.). Hierdie tendens sluit aan by die positiewe houding teenoor Afrikaans wat hierdie groep oor die algemeen getoon het tydens die navorsing. Die feit dat Groep 1 die meeste saamstem dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, kom as vreemd voor (alhoewel dit aansluit by die tendens van negatiewiteit teenoor Afrikaans wat hierdie groep respondente deurgaans getoon het), omdat hierdie respondente in Afrikaansmediumskole is. Dit mag wees dat hierdie leerlinge as gevolg van hul skoolsituasie nie baie met Engelssprekendes kommunikeer nie, en hoofsaaklik "geromantiseerde" Engels op televisie hoor, waar hulle die taal met die karakters assosieer. Hierdie tendens het ook vroeër voorgekom by vrae 1.6, 1.7, 1.16, 1.17 en 1.19 (vrae

oor kommunikasie, geskrewe en televisiefiksie en liedjies) waar Engels ten koste van Afrikaans gekies is.

Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) se manlike respondente het die kleinste persentasie aangetoon wat voel dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, naamlik 0%. Dit wil voorkom asof daar by hierdie groep nie 'n deurlopende tendens voorkom ten opsigte van die houding teenoor Afrikaans nie. Die navorser se afleiding is dat daar by bruin leerlinge waarskynlik nog 'n identiteitsonsekerheid bestaan, hierdie stelling word gestaaf deur die uitslag van die laaste vraag, waar slegs 26,9% manlike respondente aangedui het dat hulle hulself in die eerste plek as "Afrikaners" beskou.

Die feit dat hierdie groep respondente grootgeword het binne 'n sekere politieke raamwerk, naamlik tydens die apartheids-era, kon waarskynlik ook bygedra het tot 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans. Die navorser is egter van mening dat respondente se ouers hulle eerder deur middel van Engels sou laat opvoed het indien daar by hulle (en hul kinders) 'n politiek-gegronde negatiewe houding jeens Afrikaans sou bestaan het. Hierdie manifestasie, waar bruin leerlinge wat Afrikaanssprekend is deur middel van Engels opgevoed word, word betreklik gereeld deur die navorser waargeneem. Engels word waarskynlik ook in 'n groot mate deur hierdie groep respondente gesien as die taal van sukses oftewel die elite-taal in Suid-Afrika.

By hierdie vraag of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, het die navorser opsie B (Ek stem nie saam nie) as die opsie geïdentifiseer wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.

1.21 Is Engelse woorde meer "sexy?"

Hierdie data toon dat 52% (vr. resp.) en 55,6% (ml. resp.) saamstem dat 'n mens iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans kan sê, 'n verwagting wat by die navorser bestaan

het voor die verwerking van die data.¹⁴ Die tendens dat Engels as meer "sexy" beskou word deur die respondente mag dalk spruit uit die feit dat die respondente Engels assosieer met die karakters op veral die Engelse televisiemedium sowel as video's en romantiese fiksie. Baie van hierdie karakters word deur veral tieners (bewustelik of onbewustelik) as rolmodelle gesien. Baie van hierdie karakters sal met die woord "sexy" beskryf kan word: hulle is gewoonlik mooi, slim, trek goed of uitdagend aan, is aantreklik vir die teenoorgestelde geslag en het 'n wil van hul eie. Dit mag ook wees dat die meer openlike seksualiteit wat die Engelse media (televisie, video's en fiksie) vertoon, 'n aantreklikheid vir die respondente inhou; 'n aspek wat as een van die fasette van "sexy" beskou kan word. 'n Groot persentasie van die respondente is onseker, naamlik 20,5% (vr. resp.) en 20% (ml. resp.).

Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) toon hier die hoogste persentasie respondente wat dink 'n mens kan iets meer "sexy" in Engels sê, naamlik 60,9% (vr. resp.) en 69,2% (ml. resp.). Hierdie data sluit waarskynlik aan by die feit dat hierdie groep die hoogste persentasie toon ten opsigte van die vermenging van tale (vraag 1.8). Groep 3 het ook getoon dat hulle minder op hul gemak voel om suiwer Afrikaans met hul vriende te praat (vraag 1.9). Hoewel bogenoemde groep gemiddeld die hoogste persentasie aantoon, is dit opmerklik dat Groep 2, wat Dubbel- of parallelmediumskole is, waar Afrikaans in die minderheid is, se manlike respondente die hoogste persentasie aangetoon het, naamlik 70,3%. Daar kan in gedagte gehou word dat Groep 2 se manlike respondente die meeste Engels as huistaal aanwend, naamlik 10,8% (vraag 1.4). Afrikaanse leerlinge is ook in die minderheid by hierdie groep skole, en die navorser (wat by só 'n soort skool skoolhou) het dit telkens waargeneem dat Afrikaanse seuns graag met Engelssprekende meisies uitgaan, terwyl hulle steeds goed bevriend bly met die (beperkte aantal) Afrikaanse meisies. Die rede hiervoor

¹⁴ Die woord "sexy" is gekies omdat dit tienerjargon is, en baie deur tieners gebruik word.


mag dalk wees dat daar 'n groter keuse bestaan wat Engelssprekende meisies betref, aangesien daar baie meer van hulle is; daar mag dalk selfs 'n prestigewaardegeheg word aan die feit dat hulle as Afrikaanse seuns deur Engelse meisies aanvaar word - 'n verskynsel wat dikwels deur die navorser waargeneem is by skole waar sy skoolgehou het.

Alhoewel daar nie besonder groot waarde aan die permanensie van skoolverhoudings geheg kan word nie, moet dit in gedagte gehou word dat dit die deur oopmaak vir toekomstige verhoudings met die teenoorgestelde geslag. Indien dit dus vir die Afrikaanse tiener verkieslik en aanvaarbaar (en "gemaklik") is om met 'n Engelse maat van die teenoorgestelde geslag te kommunikeer, kan dit ook vir hom of haar later in sy of haar volwasse lewe ook geen probleem inhou nie en verkieslik of aanvaarbaar wees. Hierdie situasie kan lei tot taalverplasing wanneer die verhouding op 'n huwelik uitloop, aangesien dit dikwels gebeur dat die dominante taal (in hierdie geval Engels) ten koste van die minderheidstaal (in hierdie geval Afrikaans) deur die gesin gepraat sal word. Talle moontlike toekomstige sprekers van Afrikaans gaan verlore op hierdie manier, wanneer die kinders in so 'n huisgesin Engelssprekend grootgemaak word. Wanneer 'n taal se aantal sprekers nie konstant bly of toeneem nie, word so 'n taal al meer demografies 'n minderheidstaal, en word die moontlikheid van taalsterfte groter. Holmes (1992:66) beskou demografiese faktore as baie relevant wanneer daar na taalverplasing gekyk word. Taalverplasing is ook volgens Holmes 'n belangrike faktor wat 'n invloed kan hê op die voortbestaan van 'n taal.

By hierdie vraag of 'n mens iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans kan sê, het die navorser opsie B (Ek stem nie saam nie) as die positiewe opsie geïdentifiseer.


VRAAG 1.20 ENGELS IS 'N MOOIER TAAL AS AFRIKAANS:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek is onseker



VRAAG 1.21 'N MENS KAN IETS MEER "SEXY" Sê IN ENGELS AS IN AFRIKAANS:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek is onseker



1.22 *Engels klink meer intelligent as Afrikaans*

Die navorser het voorsien dat data by hierdie vraag in ooreenstemming met die vorige drie vrae se data sal wees, en dat die meeste respondente sal saamstem dat Engels meer intelligent klink as Afrikaans. Oor die algemeen stem slegs 28,9% (vr. resp.) en 27,1% (ml. resp.) saam dat persone wat Engels praat meer intelligent klink as diegene wat Afrikaans praat. By hierdie vraag het Groep 3 se vroulike respondente die hoogste persentasie aangetoon, naamlik 56,5%. Dit wil voorkom asof hierdie vraag aansluit by die feit dat hierdie groep respondente ook die hoogste persentasie getoon het ten opsigte van die vermenging van tale, dat hulle ongemaklik voel om suiwer Afrikaans te praat en dat hulle voel dat Engels meer "sexy" as Afrikaans klink. Dit vind ook aansluiting by die stelling wat by die bespreking van vraag 1.20 (of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is) gemaak is dat die vroulike respondente by hierdie groep in 'n groot mate aanklank vind en hul assosieer met die taal van televisiekarakters en karakters in romantiese lektuur; hierdie taal is oorwegend Engels, vandaar die assosiasie met Engels as 'n meer intelligente taal.

Groep 1 (Afrikaansmediumskole) vertoon amper 'n soortgelyke persentasie, naamlik 32% (vr. resp.) en 33,9% (ml. resp.). Hierdie tendens kan gesien word in die lig van onder andere vraag 1.20, waar hierdie groep die hoogste persentasie aangeteken het wat Engels as 'n mooier taal as Afrikaans beskou. Ook by vrae 1.6, 1.7, 1.16, 1.17 en 1.19 (vrae wat handel oor kommunikasie, geskrewe en televisiefiksie en liedjies) is hierdie tendens by Groep 1 waargeneem.


Die hoë mate van gunstige persentasies ten opsigte van die keuse van Engels toon 'n positiewe houding teenoor die aanwending sowel as die keuse van Engels by die respondente. Hierdie tendens is dus tekenend van 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans in hierdie betrokke situasie.

By hierdie vraag of Engels meer intelligent klink as

Afrikaans, het die navorser opsie B (Ek stem nie saam nie) beskou as die positiewe opsie.


VRAAG 1.22 ENGELS KLINK MEER INTELLIGENT AS AFRIKAANS:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek is onseker



VRAAG 1.23 'N MENS KAN JOU BETER UITDRUK IN ENGELS AS IN AFRIKAANS:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek is onseker



1.23 'n Mens kan jou beter uitdruk in Engels as in Afrikaans

By hierdie vraag het 'n beduidende 24% (vr. resp.) en 4,5% (ml. resp.) aangedui dat hulle voel mens kan jou beter in Engels as in Afrikaans uitdruk. Hierdie data bevestig die verwagting wat die navorser gehad het dat 'n groot persentasie respondente se houding sal wees dat 'n mens jou beter kan uitdruk in Engels as in Afrikaans. Sommige respondente het tereg opgemerk dat dit afhang van die situasie en die persoon met wie gepraat word.

Groep 1 (Afrikaansmediumskole) toon weereens die hoogste persentasie by hierdie vraag, naamlik 49,6% (vr. resp.) teenoor 51,6% (ml. resp.). Hierdie data sluit aan by vorige vrae, soos 1.6, 1.7, 1.16, 1.17, 1.18, 1.20 en 1.23 (kommunikasie, geskrewe en televisiefiksie, die vraag of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is en of mens jou beter kan uitdruk in Engels as in Afrikaans) en toon 'n negatiewe houding teenoor die kommunikatiewe funksie van Afrikaans.

Die laagste persentasie word (soos by vraag 1.22: Engels klink meer intelligent as Afrikaans), weer deur Groep 5 (Tegniese/landbouskole) aangetoon. Hierdie uitslag het waarskynlik te make met die feit dat daar meer Afrikaanse leerlinge by hierdie skole is as Engelse leerlinge, en dat twee van die skole in 'n oorwegend Afrikaanse gemeenskap geleë is. Hierdie groep het ook by die laaste vraag oor identiteit met die hoogste persentasie (60% vr. resp. en 60,3% ml. resp.) aangedui dat hulle hulle in die eerste plek as Afrikaners beskou. Dit klop egter nie met die feit dat Groep 1 aangedui het dat mens jou beter in Engels kan uitdruk as in Afrikaans nie, aangesien hierdie groep skole Afrikaansmediumskole is, en hul skoolgemeenskappe (soos in 'n groot mate by Groep 3-skole), Afrikaans is. As daar egter in gedagte gehou word dat Groep 1 telkens 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans toon, staaf hierdie vraag se data dié wat deurgaans deur hierdie groep se persentasies aangetoon word.

'n Onvermoë om jouself in jou eie taal te kan uitdruk is 'n manifestasie van taalverlamming, wat as een van die stadia van taalsterfte beskou kan word. Die feit dat 'n beduidende persentasie respondente getoon het dat hulle voel 'n mens kan jou beter uitdruk in Engels as in Afrikaans kan dus 'n negatiewe ingesteldheid teenoor Afrikaans toon sowel as 'n neiging tot taalverlamming, wat 'n stadium van taalsterfte kan wees.

By hierdie vraag of 'n mens jou beter kan uitdruk in Engels as in Afrikaans, het die navorser opsie B (Ek stem nie saam nie) beskou as die opsie wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.

4.2.6 Voorkeur aan die gebruik van sommige Engelse woorde; vrae 1.24, 1.25 en 1.26

1.24 Die rede waarom Engelse woorde gebruik word wanneer respondente Afrikaans praat

Dit word duidelik deur die data getoon dat die respondente Engelse woorde gebruik omdat dit makliker of lekkerder is, en nie omdat hul Engelse vriende dit verkies nie. Dit dui waarskynlik daarop dat die respondente 'n probleem ondervind om hulself in hul eie taal te kan uitdruk.¹⁵ Hierdie stelling word marginaal sterker deur die manlike respondente gestaaf wat 89,3% aangetoon het, teenoor die 86,4% van die vroulike respondente.

Wanneer 'n persoon dit moeilik vind om hom in sy eie taal uit te druk, mag dit dui op 'n onvermoë by die spreker om sy of haar taal reg aan te wend, dus taalverlamming, een van die stadia van taalsterfte. Die probleem kán egter ook daarop dui dat die taal of die spreker daarvan nie oor die nodige leksikon beskik om uitdrukking te kan gee aan dit wat

¹⁵ Dit mag wees dat hierdie "onvermoë" bloot 'n gewoonte of agterlosgheid aan die kant van die respondente kan wees, maar die navorser is van mening dat dit ernstiger afmetings aanneem, en eerder 'n gebrek is aan die vermoë om hulself in hul eie taal uit te druk - dit grens dus eerder aan taalverlamming as gewoonte of agterlosgheid.

'n persoon wil sê nie. In 'n mate beskik Afrikaans nie oor genoegsame woorde om die ervaringsveld van die tiener van die laat twintigste eeu bevredigend te kan beskryf nie.¹⁶ Die tiener maak dus gebruik van beskikbare Engelse woorde om uiting te gee aan sy of haar gedagtes - die media is vol voorbeelde en rolmodelle wat deur die tieners nagevolg kan en wil word.

Al die groepe se persentasies is baie hoog, maar Groep 1 (Afrikaansmediumskole) toon die hoogste persentasie, naamlik 92% (vr. resp.) en 90,3% (ml. resp.). Dit beklemtoon die feit die respondente nie voel dat hulle onder druk verkeer om Engelse woorde te gebruik omdat hul vriende dit verkies nie, maar bloot omdat dit vir hulle makliker of lekkerder is. Hierdie tendens sluit aan by vraag 1.23, en beklemtoon die feit dat die houding aangeneem word dat dit nie so "lekker" is om suiwer Afrikaans te praat nie, dus 'n negatiewe houding teenoor die kommunikatiewe waarde van Afrikaans.

Die volgende opmerkings is gemaak:

Ek sukkel om altyd regte Afrikaans te praat.

'n Mens kan nie altyd aan die regte woord dink nie.

'n Mens raak gewoon daaraan om Engelse woorde te gebruik. (3 keer)

'n Mens leer dit aan.

Ek kan nie anders praat nie, my tong haak vas.

Mens kom dit later nie meer agter dat jy Engelse woorde gebruik nie. (3 keer)

Die feit dat respondente die onvermoë besit om hulself kreatief in hul eie taal uit te druk (Markey 1987:6), of dat dit vir hul makliker of lekkerder is om die Engelse

¹⁶ Hier dink die navorser aan woorde wat die moderne tegnologie of belangstellingsveld van die hedendaagse tiener beskryf onder andere die leksikon van die musiekwêreld, kleremodes, rolprente en die rekenaartegnologie. Die meeste nuwe tegnologiese ontwikkelings en neigings word van oorsee verkry waar Engels hoofsaaklik die voertaal of die taal van tegnologiese vooruitgang is.

woorde en uitdrukkings in plaas van die Afrikaanse woorde en uitdrukkings aan te wend, kan dui op waarskynlike taalverlamming, een van die stadiums van taalsterfte.

Hierdie assimilasië van Engelse, half-Engelse, en/of slengwoorde, mag ook dui op een van die gevolge van taalverplasing (ook 'n stadium van taalsterfte). Die navorser stem egter saam met Markey (1987:8) wat beweer dat genoemde assimilasië nie noodwendig 'n aanwyser of gevolg van 'n sterwende taal hoef te wees nie, maar bloot 'n strategie waarmee die sprekers van die minderheidstaal hul taal "opkikker", meer aanvaarbaar maak vir die portuurgroep. Die groep respondente wat by hierdie ondersoek betrek is, is nog tieners, en hulle is nog baie afhanklik van die goedkeuring en aanvaarding van hul "ons"-groep. Konformerings met hul portuurgroep vind volgens Engelbrecht (1986:90) grootliks plaas deur kleredrag, haarstyle, en veral spraakstyl.

1.25 en 1.26 Aanvaarding en voorkeur aan sommige Engelse/half-Engelse en ander woorde, wat nie deel van "gewone" Afrikaans is nie

Alhoewel die meerderheid respondente Engelse woorde gebruik omdat hulle dit verkies en vorige data toon dat baie respondente graag Engels lees, daarna luister en dit praat, is daar nie 'n groot meerderheid wat verkies dat meer Engelse woorde en slengwoorde aanvaar moet word as Afrikaans nie. By die vroulike respondente kies 34,8% opsie A (die aanvaarding van meer Engelse en half-Engelse woorde, ens.) en 42,2% manlike respondente kies hierdie opsie.

Groep 5 (Tegniese/landbouskole) toon die hoogste persentasie ten opsigte van opsie A (dat Afrikaans gerus die gebruik van meer Engelse, half-Engelse en/of slengwoorde aanvaarbaar moet maak), naamlik 48% (vr. resp.) en 36,7% (ml. resp.). Daar is voorheen daarna verwys dat Engels die taal van die tegnologie is. Dit mag die rede wees waarom hierdie groep respondente (veral dié by die tegniese skole) dit verkies

dat Afrikaans meer moet gebruik maak van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde; hulle hoor en maak daaglik gebruik van tegniese terme waarvan die meeste waarskynlik Engels is.

Alhoewel Groep 1 nie die hoogste persentasie aangedui het nie, verkies die meeste respondente in hierdie groep om genoemde woorde as deel van Afrikaans te aanvaar. Hierdie tendens sluit aan by die bogenoemde vrae 1.6, 1.7, 1.16, 1.17, 1.18, 1.20, 1.23 en 1.24 (vrae oor kommunikasie, geskrewe en televisiefiksie, die vraag of Engels mooier as Afrikaans is en of mens jou beter in Engels kan uitdruk as in Afrikaans en die rede vir die gebruik van Engelse woorde).

Vraag 1.26 wat te make het met die keuse om Engelse/half-Engelse woorde te gebruik, word as voortsetting van vraag 1.25 beskou. In aansluiting by bogenoemde vraag verkies 51,3% vroulike respondente en 55,1% manlike respondente soms sekere Engelse woorde bo hul Afrikaanse ekwivalente.

Groep 1 toon in ooreenstemming met die bogenoemde vrae die hoogste persentasie ten opsigte van hierdie vraag, naamlik 31,2% (vr. resp.) en 67,8% (ml. resp.) verskil tussen opsie A en B (hulle verkies dus dat meer van bogenoemde woorde erkende Afrikaans moet word). Die persentasie manlike respondente wat ook so voel in Groep 3 (skole met hoofsaaklik bruin leerlinge) is besonder hoog vergeleke met die vroulike respondente by dieselfde groep, naamlik 65,3% teenoor 21,8%. Groep 1 (Afrikaansmediumskole) se uitslag hou verband met die tendens wat deurgaans deur hulle getoon word, naamlik dat hulle ten gunste van die gebruik van Engels is.

Woorde wat hier herhaaldelik genoem is, is die volgende:

ice cream	teenoor	roomys
chutney	teenoor	blatjang
sweets	teenoor	lekkers

samies	teenoor	toebroodjies
hotdogs	teenoor	warmbrakke
hamburgers	teenoor	frikkadelbroodjies
speedcop	teenoor	verkeersbeampte
moenie	teenoor	moenie jou
worry nie		bekommer nie
computer	teenoor	rekenaar
skateboard	teenoor	skaatsplank
cd	teenoor	kompakskyf
no way	teenoor	nee/glad nie
having a fit	teenoor	woedend
surf	teenoor	branderplankry
bike	teenoor	fiets/motorfiets
songs	teenoor	liedjies
band	teenoor	orkes
belt	teenoor	gordel
skirt	teenoor	romp
jersey	teenoor	trui
earrings	teenoor	oorkrabbetjies
necklace	teenoor	halssnoer
anyway	teenoor	in elk geval
scheme	teenoor	dink
tjek daai girl	teenoor	kyk daardie meisie
sexy	teenoor	sensueel
how's life?	teenoor	hoe gaan dit?
weird	teenoor	vreemd/snaaks
dis cool	teenoor	dis oulik/lekker
okay, yes	teenoor	goed, ja
disco	teenoor	dans/sokkie

Bogenoemde woorde kan beskou word as verteenwoordigend van alledaagse tienerterme en segswyses wat as "in" bestempel word deur die respondente. Alhoewel die meeste van bogenoemde woorde deur die navorser as " tienerterme " beskryf is, word dit algemeen in die Afrikaanse omgangstaal gehoor.

Die feit dat die respondente dit verkies en aanvaar om sekere Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde in gewone Afrikaanse kommunikasie te gebruik, kan dui op


taalverlamming, wat beteken dat die respondente nie hulself gemaklik in hul eie taal kan uitdruk nie. Dit kan ook 'n teken wees van taalversteuring wat volg op kontakvariasie. Kontakvariasie ontstaan as gevolg van die sprekers van 'n spesifieke taal se kontak met 'n ander, gewoonlik dominante taal. Volgens Du Plessis (1988:25) gebeur dit selde dat die kontaktale mekaar ewe veel beïnvloed. Dit is dus die meerderheidstaal, of die dominante taal (in die geval ter sprake Engels) wat gewoonlik ten koste van die minderheidstaal (in hierdie geval Afrikaans) die meeste invloed uitoefen.

By hierdie vrae wat onderskeidelik handel oor die gebruik en aanvaarding van meer Engelse woorde, sleng-woorde, en so meer, en of die respondente Engelse/half-Engelse woorde bo sommige Afrikaanse woorde verkies, het die navorser opsies B as die positiewe opsies geïdentifiseer.


VRAAG 1.24 EK GEBRUIK ENGELSE WOORDE AS EK AFRIKAANS PRAAT...

A. omdat my vriende dit verkies


B. bloot omdat dit vir my makliker/lekkerder is



VRAAG 1.25 AFRIKAANS KAN GERUS DIE GEBUIK VAN MEER ENGELSE WOORDE, SLENG-WOORDE, ENS. AANVAARBAAR MAAK:
 A. Ek stem saam
 B. Ek stem nie saam nie
 C. Ek is onseker



VRAAG 1.26 EK VERKIES ENGELSE/HALF-ENGELSE WOORDE BO SOMMIGE AFRIKAANSE WOORDE, BV. "howzit?" eerder as "hoe gaan dit?":
 A. Ek stem saam; voorbeelde is.....
 eerder as
 B. Ek stem nie saam nie; voorbeelde is
 eerder as
 C. Ek is onseker



4.2.7 Droomtaal; vraag 1.29

1.29 In watter taal word daar gedroom?

Die navorser het geen probleme voorsien by hierdie vraag nie, en die verwagting was dat die meeste respondente in hul moedertaal of huistaal, Afrikaans, sal droom. Die manlike respondente het egter probleme ondervind met die vraag, en dit as verwarrend beleef. 'n Interessante verskynsel het by hierdie vraag vorendag gekom. 'n Hele paar van die manlike respondente het aangedui dat hulle nie die vraag kan invul nie, omdat hulle nie in woorde (taal) droom nie. Hierdie verskynsel het by byna elke skool voorgekom. Sommige het opmerkings geskryf soos:

Ek droom in prentjies.

Ek praat nie as ek droom nie.

?????!

"Stupid" vraag.

Ai, ek weet nie.

"Weird" vraag.

Nadat die navorser aan die manlike respondente verduidelik het dat hulle mooi moet nadink, het hulle die vraag ietwat onwillig ingevul. By die vroulike respondente was daar weinig huiwering.

Dis opvallend dat die manlike respondente by elke groep minder in enige taal, hetsy Afrikaans of enige ander taal droom as die vroulike respondente. Hierdie vraag word dus nie deur die navorser beskou as 'n goeie barometer vir die respondente se houding teenoor Afrikaans nie, hoewel die tendens dat Groepe 1 en 2 (Afrikaansmediumskole en Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) die minste in Afrikaans droom, tog aansluit by die feit dat hierdie groepe telkens hierbo voorkeur aan Engels verleen het deur hul keuses.


Wanneer daar na die spontane opmerkings hierbo gekyk word,

is dit opvallend dat woorde soos "stupid" en "weird" gebruik is. Hierdie woorde is tipiese woorde wat in die alledaagse Afrikaanse kommunikasie gebruik word. Dit kan ook as tienerjargon beskryf word, en is deel van tieners se alledaagse omgangstaal. Die gebruik van hierdie woorde sluit aan by die afleiding wat hierbo gemaak is dat Afrikaanse tieners nie bedag is daarop, of juis omgee om hul taal suiwer te hou nie.

By hierdie vraag waardeur die navorser wou bepaal in watter taal die respondente droom, is opsie A (meestal in Afrikaans) as die positiewe opsie geïdentifiseer.

VRAAG 1.29 AS EK DROOM, DROOM EK...

- A. meestal in Afrikaans
- B. meestal in Engels
- C. 'n kombinasie; ek skat sowat ...% Afrikaans



4.2.8 Begeerte om eerder Engels te wees; vrae 1.30 en 1.31

1.30 Wens die respondente dat hulle eerder Engelssprekend was?

Hierdie vraag word deur die navorser as baie belangrik beskou, aangesien dit 'n aanduiding kan gee van die mate waarin die respondente tuis en geborge voel om Afrikaanssprekend te wees. Dit sal die respondente se houding teenoor Afrikaans illustreer. Die navorser het 'n goeie korrelasie verwag tussen data verkry by vraag 30 en dié by vraag 31 wat handel oor die moontlike verleentheid wat respondente dalk kan ondervind omdat hulle Afrikaanssprekend is. 'n Hoë mate van verleentheid sal waarskynlik saamval met 'n begeerte om meer soos die Engelssprekendes te wees - dit kan 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans weerspieël.

Van die respondente wens slegs 13,9% (vr. resp.) en 16,4% (ml. resp.) dat hulle eerder Engelssprekend was. Dié wat nie saamstem nie, is 37,4% vroulike respondente en 52,4% manlike respondente, hoewel die grootste persentasie vroulike respondente (48,7%) soms wens dat hulle Engelssprekend was.

Groep 1 (Afrikaansmediumskole), wat deurgaans ten gunste van Engels was, toon ook by hierdie vraag die hoogste telling: 17,6% (vr. resp.) teenoor 29% (ml. resp.). Die oorgrote meerderheid by hierdie groep stem egter nie saam met die stellingvraag nie. Gesien in die lig van vorige data, by vrae 1.6, 1.7, 1.16, 1.17, 1.18, 1.19, 1.20, 1.23, 1.24, 1.25, 1.28 en 1.29 (vrae oor kommunikasie, geskrewe en televisiefiksie, liedjies, of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, 'n taal waarin mens jou beter kan uitdruk as Afrikaans, die gebruik van meer Engelse woorde, die keuse van Afrikaanse maats en die taal van drome), is dit teenstrydig dat slegs 25,8% van die manlike respondente by Groep 1 soms wens dat hulle Engelssprekend kan wees.

Dit is ook teenstrydig met vorige data dat die Groep 2-skole

(Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) die kleinste persentasie aangedui het ten opsigte van die keuse of hulle eerder Engelssprekend wil wees, aangesien hierdie groep by vorige vrae 'n meer negatiewe houding teenoor Afrikaans getoon het. Hierdie groep se houding teenoor Afrikaans kan op grond van die data by vraag 30 as positief beskou word.

Soos wat daar by 4.2.6 genoem is, mag die aanwending van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde bloot die mag van die gewoonte wees, maar die navorser is van mening dat dit eerder 'n mate van agterloosigheid kan wees of te meer nog 'n keuse wat (bewustelik of onbewustelik) gemaak word om te praat soos die "in-groep" (die portuur van die respondent). Engelbrecht (1986:90) en Holmes (1992:203) meen dat die adolessent 'n baie groot behoefte het om te behoort, vandaar die konformering ten opsigte van kleredrag, haarstyle, gedragswyses en veral spraakstyl.

Die rede waarom die respondente eerder die sosiolek van hul portuurgroep praat, is nie vir die navorser die belangrikste aspek van taalverlamming nie, aangesien taalverlamming deur bewustelike of onbewustelike taalverplasing vererger kan word. Eerstens mag die sprekers van die spesifieke taal moontlik nie oor die nodige woordeskat of uitdrukkingsvermoë beskik om hulself in hul eie taal uit te druk nie, en tweedens mag die gedurige aanwending van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde gewoontevormend wees, wat taalverlamming aan die hand kan werk.

Dit mag egter ook wees dat die sensitiewe aard van hierdie vraag 'n mate van "patriotisme" by die respondente wakker gemaak het en hulle dalk nie ten volle eerlik, of betroubaar was tydens die invul van die spesifieke vraag nie. Hierdie stelling word gegrond op die feit dat daar 'n teenstrydigheid bestaan by veral Groepe 1 en 2, wat hierbo duidelike tendense getoon het. Daar is reeds hierbo verwys na antispering of navorsingsvooroordeel wat te make het met die feit dat respondente die "regte" antwoord (die antwoord

wat hulle dink hulle behoort te kies) wil weergee, om die navorser en ook hulself tevrede te stel. So 'n keuse aan die kant van die respondente mag veroorsaak dat die data minder betroubare afleidings teweegbring.

Vraag 1.30 word beskou as een van die belangrikste vrae om die respondente se houding teenoor Afrikaans te toets. Daar word oor die algemeen deur hierdie vraag 'n oorwegend positiewe houding by die meerderheid respondente openbaar.

By hierdie vraag word gevra of die respondente wens dat hulle eerder Engelssprekend was. Die opsie wat as positief beskou word, is opsie B (Ek stem nie saam nie).

1.31 Is dit soms 'n verleentheid om Afrikaans te wees?

Gesien in die lig van vorige data het bo verwagting min respondente saamgestem dat dit soms 'n verleentheid is om Afrikaans te wees, naamlik 30,8% (vr. resp.) en 40% (ml. resp.).

Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) is die enigste groep waar 'n beduidende aantal respondente saamstem dat dit soms 'n verleentheid kan wees om Afrikaans te wees. Hulle persentasies is uitsonderlik hoog: 60,9% (vr. resp.) en 80,8% (ml. resp.). Hierdie groep het hierbo aangetoon dat hulle die minste Afrikaans met Afrikaanse vriende praat, die minste gemaklik voel om suiwer Afrikaans met hul vriende te praat, dat mens iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans kan sê en die vroulike respondente het aangedui dat hulle voel dat Engels meer intelligent as Afrikaans klink, maar teenstrydig hiermee dat hulle die minste hul tale wil meng, die meeste in Afrikaans vloek, meer Afrikaanse fiksie lees en verkies om meer na Afrikaanse as Engelse televisiestories te kyk.

Die teenstrydigheid mag dalk gewyt word aan die moontlikheid dat hierdie groep (bruinmense) hul nog nie geheel en al identifiseer met die identiteit van "Afrikaner"-wees nie.

Die navorser staaf hierdie opmerking deur te verwys na die resultate wat by vraag 37 (identiteit) verkry is. Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) het die laagste persentasie aangedui ten opsigte van die opsie A (Ek beskou myself in die eerste plek as 'n Afrikaner). Gesien in die lig van die vorige politieke bedeling wat apartheid voorgestaan het, is dit moontlik om die afleiding te maak dat hierdie groep respondente hulself nog nie ten volle kan vereenselwig met "Afrikaanswees" nie.

Die feit dat relatief min respondente aangedui het dat dit vir hulle soms 'n verleentheid is om Afrikaans te wees, toon 'n beduidende positiewe houding teenoor Afrikaans.

Die volgende opmerkings is geskryf deur respondente wat meen dat hulle nie verleë voel om Afrikaans te wees nie:

Ek is trots daarop om Afrikaans te wees.

Ek voel vry as ek my eie taal praat.

Ek is bly ek is Afrikaans.

Afrikaans is my moedertaal, daar is niks om my oor te skaam of om oor sleg te voel nie.

Elke persoon het die reg om sy moedertaal te kan praat.

Ek voel trots daarop dat ek tweetalig is.

Ek is met my taal gebore en daarom op my gemak daarmee.

Ek is lief vir my taal.

Mense dink wat hulle wil, as hulle my nie wil aanvaar omdat ek Afrikaans is nie, soek ek nie hul geselskap nie.

Ek voel vir Afrikaans.

Ek praat net Engels as mense my glad nie kan verstaan nie.

Dis die Afrikaner self wat Afrikaans laat ondergaan, deur skaam te wees vir sy taal.

Ek voel vere vir dié wat sê Afrikaans is die taal van die onderdrukker.

Afrikaanssprekendes het gewoonlik hoë sedelike waardes.

Dit is 'n voorreg om Afrikaans te kan wees.

Sommige van die opmerkings oor wanneer die respondente verleë voel omdat hulle Afrikaanssprekend is:

Wanneer ek my meisie huis toe bring en my ma praat Afrikaans met haar.

Wanneer Afrikaners spektakels van hulself maak.

Wanneer jy, omdat jy Afrikaans is, met sekere ekstremistiese politieke partye geassosieer word.

Ek voel sleg as mense Afrikaanssprekendes afmaak as Dutchmen, en Afrikaans as 'n skuimtaal.

Dit is vir my 'n verleentheid as ek tussen Engelse vriende is, en iemand praat met my Afrikaans.

Wanneer iemand 'n kwaai Afrikaanse aksent het, skaam ek my om ook Afrikaans te wees.

As vriende/familie bymekaar is en net ek is Afrikaans, voel ek nie asof ek altyd aanvaar word nie, ek word gesien as Afrikaans, en dit is dit!

Wanneer ek vir iemand iets in Afrikaans sê en die persoon my nie verstaan nie.

As ek oor my eie taal struikel en die woord eerder in Engels sê. As musiek gepraat word.


In aansluiting by wat hierbo by 4.2.7 ten opsigte van die spontane gebruik van Engelse en/of sleng-woorde gesê is, kan daar ook verwys word na die spontane gebruik van die anglisistiese spreekwyses hierbo ("...soek ek nie hul geselskap nie." en "Ek voel vir Afrikaans." ens.). Dit illustreer dat tieners dit nodig vind om gebruik te maak van woorde wat nie as Standaardafrikaans beskou word nie om hul volledig te kan uitdruk, 'n manifestasie van taalverlamming, een van die stadia van taalsterfte.¹⁷

Vraag 1.30 bevraagteken dit of dit soms vir die respondente 'n verleentheid is om Afrikaans se wees. Opsie B (Ek stem nie saam nie) word as die positiewe opsie beskou.

¹⁷ Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat die respondente nie bewus is van die feit dat sommige van die woorde wat hulle gebruik anglisisties of nie Standaardafrikaans is nie, maar dit verander nog nie aan die feit dat die taal nie suiwer aangewend word nie. Hierdie aanwending van anglisismes, Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde word deur die navorser beskou as 'n manifestasie van taalverplasing sowel as een van die oorsake van taalverlamming, albei stadia van taalsterfte.


VRAAG 1.30 EK WENS EK WAS EERDER ENGELSSPREKEND

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek wens net soms ek was Engelssprekend



VRAAG 1.31 DIT IS SOMS VIR MY 'N VERLEENTHEID OM AFRIKAANS TE WEES:

- A. Ek stem saam, veral wanneer.....
- B. Ek stem nie saam nie, ek voel



4.2.9 Afrikaans en die toekoms; vrae 1.32, 1.33, 1.34, 1.35 en 1.36

1.32 Engels as voertaal

By hierdie vraag, of die land Engels as voertaal behoort te gebruik, stem 21,2% (vr. resp.) en 27,6% (ml. resp.) saam. Hierdie persentasie stem min of meer ooreen met die hoeveelheid wat onseker is.

Die verwagting van die navorser was dat respondente wat in groter Afrikaanse gemeenskappe woon en/of enkelmedium Afrikaanse Hoërskole bywoon 'n meer positiewe houding sal hê ten opsigte van die toekoms en die gebruik van Afrikaans. Bogenoemde is gegrond op die aanname dat daar by hierdie respondente waarskynlik 'n groter mate van taaltrots sal bestaan as gevolg van groepsolidariteit (omdat hulle as Afrikaanssprekendes gegroepeer is), en die afwesigheid van Engelse invloed op skoolvlak en dikwels ook waar hulle tuisgaan (in baie gevalle koshuise).

Bogenoemde aanname word deur die data weerlê, aangesien 'n aansienlike persentasie van die Groep 1-respondente (Afrikaansmediumskole) saamstem dat Engels die voertaal in Suid-Afrika moet word. Hierdie groep toon weereens die hoogste persentasie, naamlik 26,4% (vr. resp.) en 'n besonder hoë 45,1% by die manlike respondente. Dit is veral opmerklik dat slegs 35,5% manlike respondente nie saamstem dat Engels die voertaal moet wees sodat alle Suid-Afrikaners tot 'n eenheidsnasionale gesnoer kan word nie. Hoewel dit tot nadenke stem, is hierdie syfers in ooreenstemming met die tendens soos wat dit al hierbo uitgewys is, dat hierdie groep respondente, al is die skole Afrikaansmediumskole, oor die algemeen die hoogste persentasies aangetoon het ten gunste van die gebruik van Engels in verskillende situasies.

Groep 4 en 5 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die meerderheid is, en tegniese/landbouskole) voel die sterkste daarvoor dat Engels nie as die voertaal gebruik moet word nie. Hierdie uitspraak korreleer ten opsigte van Groep

5 met vroeëre data en onderstreep hierdie respondente se vorige keuse ten gunste van Afrikaans in verskillende situasies - beslis 'n positiewe houding teenoor Afrikaans.

'n Relatiewe hoë persentasie respondente, naamlik 21,2% vroulike en 27,6% manlike respondente stem saam dat die land Engels as voertaal moet gebruik om alle Suid-Afrikaners as 'n nasie-eenheid saam te snoer. Die feit dat so 'n beduidende persentasie respondente gewillig is om in die toekoms 'n ander taal as hul moedertaal as voertaal te aanvaar, is 'n teken van negatiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan. Langeveld noem taal die "bedding" waarin die "denke vloei" (Engelbrecht 1986:140). Die taal waarin 'n persoon kommunikeer word dus die medium waarin en waardeur hy sy denke organiseer en homself uitdruk. Taal is die medium waardeur 'n persoon se aard, kultuur en identiteit vasgelê word. Indien Engels die voertaal van Suid-Afrika sou word, sou taalverplasing - een van die stadia van taalsterfte - van die minderheidstaal tot die dominante voertaal 'n algemene en logiese gevolg hiervan wees.

By hierdie vraag wat handel oor die kwessie of die land Engels as voertaal moet gebruik om alle Suid-Afrikaners tot 'n nasie-eenheid saam te snoer, het die navorser opsie B (Ek stem nie saam nie) as die positiewe opsie geïdentifiseer.

1.33 Om 'n goeie werk te kry, moet jy Engels magtig wees

Soos wat deur die navorser voorsien is, stem die meeste respondente saam dat 'n mens Engels magtig moet wees om 'n goeie werk te kan kry, naamlik 72,5% (vr. resp.) en 72,9% (ml. resp.). In die lig van vorige data, is dit nie verbasend dat Groep 1 weer die hoogste persentasie aandui nie, naamlik 80,8% (vr. resp.) en 77,4% (ml. resp.). Alhoewel al die respondente se persentasies hoog is, is Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) se persentasie die laagste, naamlik 69,6% (vr. resp.) en 57,7% (ml. resp.). Hierdie persentasie sluit aan by vorige data, maar

is ook in 'n mate teenstrydig met sommige van die vroeëre data wat deur hierdie groep verskaf is. Alhoewel hierdie groep se keuses in 'n groot mate ten gunste van Afrikaans is by die meeste vrae, en hul houding dus as meer positief as veral die Groep 1-respondente beskou kan word, bestaan daar teenstrydigheid omdat sommige vrae weer 'n positiewe houding teenoor Engels openbaar.

Die hoë persentasie respondente wat glo dat mens Engels magtig moet wees om 'n goeie werk te kan kry, kan gesien word in die lig van die vrees vir werkloosheid en regstellende aksie wat tans in die land ervaar word. Laasgenoemde mag die rede wees waarom Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) 'n laer persentasie aangedui het. Hulle voel dalk meer positief oor die moontlikheid van werk in die toekoms.


Die algemene gevolgtrekking kan gemaak word dat Engels 'n sekere "sekuriteitswaarde" vir die respondente inhou. Hierdie sekuriteitswaarde was tydens die ou politieke bedeling¹⁸ nie so 'n groot faktor nie, aangesien enige persoon maklik kon werk kry indien hy of sy een van die twee amptelike landstale magtig was. Om Engels magtig te wees, was nie een van die belangrikste kwalifiserende faktore nie (alhoewel dit 'n sterk aanbeveling was, afhangende van die pos waarvoor aansoek gedoen is). Die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, is dus deeglik bewus van die feit dat waar dit om werkseleentehede gaan, om Afrikaans magtig te wees nie meer 'n saakmakende faktor is nie.

By hierdie vraag wat getoets het of die respondente voel dat 'n mens Engels magtig moet wees om 'n goeie werk te kan kry, het die navorser opsie B (Ek stem nie saam nie) as die positiewe opsie geïdentifiseer.

¹⁸ Met die "ou politieke bedeling" word bedoel die tyd voor die algemene verkiesing in 1994, toe Engels en Afrikaans op gelyke voet gestaan het as die enigste twee amptelike tale van Suid-Afrika. Geen vrees het bestaan oor die moontlike afskaffing van Afrikaans as amptelike taal nie, en tweetaligheid (Engels en Afrikaans) is as 'n besliste voordeel beskou wanneer daar om werk aansoek gedoen moes word.


VRAAG 1.32 DIE LAND BEHOORT ENGELS AS VOERTAAL TE GEBRUIK OM ALLE SUID-AFRIKANERS TOT 'N NASIE-EENHEID SAAM TE SNOER:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek is nie seker nie



VRAAG 1.33 OM 'N GOEIE WERK TE KRY, MOET 'N MENS ENGELS MAGTIG WEES:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie
- C. Ek is nie seker nie



1.34 Diskriminasie in die toekoms

Hierdie vraag kan in samehang met die vorige twee (Engels as voertaal en om 'n goeie werk te kry moet jy Engels magtig wees) en die volgende twee (die opvoeding van toekomstige kinders en positiwiteit/negatiwiteit teenoor die toekoms van Afrikaans) gesien word - 70,3% vroulike respondente en 67,6% manlike respondente is bang dat daar in die toekoms teen Afrikaanssprekendes gediskrimineer gaan word. Groep 5 (Tegniese/landbouskole) toon die grootste persentasie, naamlik 76% (vr. resp.) en 77,6% (ml. resp.); twee van die respondente in hierdie groep meen dat dit klaar die geval is. Hierdie groep se houding teenoor die gebruik van Afrikaans was deurgaans positief, dit is dus nie verbasend dat hulle die grootste vrees toon wat diskriminasie betref nie.

Die hoë persentasie wat oor die algemeen aan hierdie opsie (vrees vir diskriminasie) toegeken is, is volgens die navorser 'n positiewe houding teenoor Afrikaans, aangesien dit toon dat die respondente waarde heg aan hul taal, en nie graag sou wou sien dat daar teen Afrikaans gediskrimineer word nie. Natuurlik is dit ook 'n subjektiewe vrees dat hulle as persone benadeel sal word, bloot op grond van hul taal. So 'n vrees kan lei tot taalverplasing, omdat die argument kan wees dat daar minder gediskrimineer sal word teen persone wat Engels kan praat.

1.35 In watter taal sal respondente hul kinders eendag opvoed indien Afrikaans sy amptelike status ontnem sou word?

Die navorser het voorsien dat die data by hierdie vraag sal aansluit by dié by die vorige drie vrae, naamlik Engels as voertaal, om Engels magtig te moet wees om 'n goeie werk te kan kry en diskriminasie teen Afrikaanssprekendes. Hierdie aanname word wel in 'n mate deur die data by vraag 1.35 gestaaf, maar die persentasies is hoër by vrae 1.33 en 1.34 as by 1.35. Dit mag dus wees dat die respondente wél vrees dat hul kinders eendag 'n probleem sal hê om werk te kan kry

omdat hulle Afrikaanssprekend is en dat daar teen hulle gediskrimineer kan word, maar dat 'n groter persentasie respondente nogtans hul toekomstige kinders in Afrikaans sal opvoed.

Die meerderheid respondente sal hul kinders tweetalig grootmaak, indien Afrikaans sy amptelike status ontnem sou word: 57,9% (vr. resp.) en 50,2% (ml. resp.). Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) toon hier die grootste persentasie, naamlik 73,9% (vr. resp.) en 80,8% (ml. resp.). Die hoë persentasie kan miskien toegeskryf word aan die feit dat hierdie groep as bruinmense hulself moontlik voorheen nie as deel van die Afrikaanse gemeenskap beskou het nie. Engels word ook waarskynlik as 'n elite-taal beskou, een wat in die toekoms dalk meer moontlikhede as Afrikaans sal bied.

Ponelis wys daarop dat talle bruinmense hulle waarskynlik in die situasie bevind dat Afrikaans, wat hul huistaal is, deur Engels tot 'n "klein bestaanshoekie" verdring word (Van Rensburg 1984: 33). Afrikaans word slegs aangewend by die huis en binne vriendekringe en ander laerorde gebruiksfrekwensies, terwyl Engels die taal is wat vir belangrike saketransaksies aangewend word, en waaraan hoër waarde toegeken word as die moedertaal, Afrikaans. Ponelis meen dat die gebruik van Engels as werkstaal lei tot die hoër status daarvan; dat die werkstaal "met groter reg sy eerste taal kan heet". Dit word as't ware as elite-taal beskou, want dit is die taal waarin werkgewers en ander meerderes aangespreek word.

Dit kan dus nie as vreemd beskou word dat die kinders van hierdie bruinmense ook elite-status aan Engels verleen nie. Die feit dat slegs 13% vroulike respondente en 11,5% manlike respondente in hierdie groep aangedui het dat hulle hul kinders steeds in Afrikaans sal opvoed indien Afrikaans sy amptelike status sou verloor, bevestig bogenoemde stelling dat daar meer toekoms waarde en status aan Engels verleen word.

Groep 5 (Tegniese/landbouskole) se tendens om besonder positief teenoor Afrikaans te wees, word hier voortgesit. Hierdie groep is die enigste groep waar die grootste persentasie respondente aangedui het dat hulle hul kinders steeds in Afrikaans sal opvoed, al word die taal sy amptelike status ontnem: 56% (vr. resp.) en 67,3% (ml. resp.) het vir die opsie: "Beslis" gestem.

By hierdie vraag wat handel oor die toekomstige opvoedingstaal indien Afrikaans sy amptelike status ontnem sou word, het die navorser opsie A (Beslis) as die positiewe opsie geïdentifiseer.

1.36 Positiewiteit/negatiewiteit oor die toekoms van Afrikaans

'n Oorgrote meerderheid van die respondente voel positief oor die toekoms van Afrikaans en glo dat dit 'n lewende taal is, naamlik 62,3% (vr. resp.) en 58,2% (ml. resp.).


Groep 1 (Afrikaansmediumskole) is die minste positief oor die toekoms van Afrikaans: 59,2% (vr. resp.) en 46,8% (ml. resp.). Hierdie persentasie strook met die tendens wat hierbo uitgewys het, dat hierdie groep die minste positief is oor die toekoms van Afrikaans, en dus ook 'n negatiewe houding teenoor die gebruik en toekoms van die taal openbaar.

Soos wat Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) ook hierbo meestal 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die gebruik van Afrikaans binne sekere situasies getoon het, toon hierdie groep ook by hierdie vraag die positiefste houding teenoor die toekoms van Afrikaans: 78,3% (vr. resp.) en 65,4% (ml. resp.).

By hierdie vraag of die respondente positief voel oor die toekoms van Afrikaans, het die navorser opsie A (Ek stem saam, Afrikaans is 'n lewende taal) as die positiewe opsie geïdentifiseer.


VRAAG 1.34 EK IS BANG DAT DAAR IN DIE TOEKOMS TEEN AFRIKAANSSPREKENES GEDISKRIMINEER GAAN WORD:

- A. Ek stem saam
- B. Ek stem nie saam nie



VRAAG 1.35 AL WORD AFRIKAANS SY AMPTELIKE STATUS ONTNEEM, SAL EK STEEDS EENDAG MY KINDERS IN AFRIKAANS OPVOED

- A. Beslis
- B. Ek sal hulle tweetalig grootmaak
- C. Ek sal hulle in Engels grootmaak



4.2.10 Identiteit; vraag 1.37

1.37 Met watter identiteit assosieer die respondente hulself?

Die verwagting was dat 'n groot meerderheid respondente, veral dié in Groep 1-skole (Afrikaansmediumskole) hulself as Afrikaners sou beskou. Hierdie aanname is in 'n groot mate weerlê, aangesien slegs 47,3% (vr. resp.) en 44,4% (ml. resp.) van al die respondente aangetoon het dat hulle hulself in die eerste plek as Afrikaners beskou. By die manlike respondente het 46,7% aangetoon dat hulle hulself as Suid-Afrikaners beskou teenoor die 45,8% van die vroulike respondente.

Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) toon die laagste persentasie wat hulself as Afrikaners beskou, met 43,5% (vr. resp.) en 'n baie lae 26,9% (ml. resp.). Hierdie data kan moontlik te wyte wees aan die feit dat bruinmense nog nie gemaklik voel om hulself "Afrikaners" te noem nie. Groep 1 vertoon ook 'n baie klein persentasie, as daar in ag geneem word dat hierdie skole Afrikaansmediumskole is, naamlik: 48,8% (vr. resp.) en 40,3% (ml. resp.), terwyl die Groep 5-respondente (Tegniese/landbouskole) die hoogste persentasie toon, met 60% (vr. resp.) en 65,3% (ml. resp.).


Die tendense wat deur Groep 1 getoon is by die grootste deel van die vraelys, word ook by hierdie vraag voortgesit, naamlik 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans sowel as 'n gebrek aan vertroue in die gebruik, aanwending en toekoms van Afrikaans. Groep 2 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) se houding sluit baie nou aan by dié van Groep 1.

Du Plessis beklemtoon die verband tussen taal en identiteit. Die verlies van kennis (en aanwending) van die taal van jou groep hang saam met 'n verlies van jou oorspronklike identiteit (Prinsloo 1984: 165).¹⁹

¹⁹ Hierdie moontlike identiteitsverlies of -verplasing mag egter volgens die navorser slegs te wyte wees aan 'n vorm van patriotisme teenoor die land, vandaar die keuse van "Suid-Afrikaner", en nie noodwendig 'n rugkeer teen die


VRAAG 1.36 EK VOEL BAIE POSITIEF OOR DIE TOEKOMS VAN AFRIKAANS:

- A. Ek stem saam, Afrikaans is 'n lewende taal
- B. Ek glo nie Afrikaans sal nog baie lank bestaan nie
- C. Ek voel onseker



VRAAG 1.37 EK BESKOU MYSELF IN DIE EERSTE PLEK AS 'N...

- A. Afrikaner
- B. Suid-Afrikaner
- C. wêreldburger



taal, Afrikaans, nie. Genoemde identiteitsverplasing kan egter uiteindelijke taalverplasing aan die hand werk wat mag lei tot taalstagnasie en taal-agteruitgang.

Indien die volgende tendense onder andere by die respondente voorkom, kan die afleiding gemaak word dat hul identiteit as Afrikaanssprekendes verdag is:

- * indien die respondente hulself nie as Afrikaners sien nie, maar hulself as Suid-Afrikaners of wêreldburgers beskou;
- * eerder hul kinders tweetalig sal grootmaak indien Afrikaans sy amptelike status sou verloor;
- * graag Engelse woorde gebruik in sekere situasies.

Vraag 1.37 is die laaste vraag op die vraelys, en handel oor hoe die respondente hul identiteit beskou. Die navorser het by hierdie vraag opsie A (Afrikaner) as die opsie geïdentifiseer wat 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan weerspieël.

4.3 ALGEMENE OPMERKINGS

Die volgende opmerkings is verteenwoordigend van dit wat die respondente agter op hul vraelyste geskryf het:

4.3.1 Positiewe opmerkings

Ek is trots dat ek deel kan wees van hierdie studie oor Afrikaans. Ons moenie sommer gryp na Engelse woorde nie, maar ons eie woorde skep, byvoorbeeld "droomys" vir "float".

Byt vas vir Afrikaans.

Ek voel dat Engelse kinders moet leer om Afrikaans te praat, soos wat die Afrikaners in KwaZulu-Natal Engels kan praat.

Afrikaans moet nie pote in die lug gaan lê nie.

Ek is bly daar word geworstel aan my taal, sodat ek dit ook in die toekoms nog sal hê.

Afrikaans se toekoms is in ons hande, ons moet dit nie laat val nie.

Viva Afrikaans!

Afrikaans sal moet aanpas om te oorleef.

Lank leef Afrikaans.

Taal moenie met ras geassosieer word nie.

Afrikaans is spif, okay en nommer een!

Afrikaans is cool.

Ons is dankbaar dat ons ook kan sê wat ons dink, dat dit nie net altyd die grootmenere is wat die sê het nie.

Afrikaans sal nog lank voortbestaan, indien die taal oop en binne die bereik van alle bevolkingsgroepe is.

Afrikaans is soos 'n erfstuk, dit moet met sorg en liefde hanteer word.

Die oordrewe formaliteit moet laat vaar word, Engelse mense skep en gebruik nuwe woorde en wag nie totdat dit in 'n boek opgeteken staan nie.

Ek wens Afrikaans was 'n taal wat elkeen op sy eie manier kon praat.

Afrikaners sal nooit toelaat dat hul taal verdwyn nie.

Dis jammer mense sien die taal as 'n apartheidstaal, dit is nie!

Afrikaans is die taal van vandag en môre.

Afrikaans is my taal en ek sal Afrikaans praat tot ek eendag my kop neerlê.

Afrikaans is bakgat.

Al gebeur wat, ek sal altyd Afrikaans bly praat.

Ek is Afrikaans en klaar!

Ons mag mos nou in ons "nuwe" land enige taal praat.

Dink elke persoon nie maar sy/haar taal is die heel mooiste nie?

Die vrae oor Afrikaans laat mens nadink oor die saak.

4.3.2 Negatiewe opmerkings

Afrikaans is maar net nog 'n taal.

Ek hou nie van Afrikaans nie en verkies Engels.

As Afrikaans moet uitsterf, dan moet dit maar so wees.

Ek glo dat as Afrikaans wegval, ons maar moet "go with the flow".

Die meeste opmerkings wat die respondente agter op hul vraelyste geskryf het, kan gesien word as die uitdrukking van 'n positiewe houding teenoor Afrikaans. Dit wil voorkom asof die respondente oor die algemeen trots daarop

is om Afrikaanssprekend te wees, Afrikaans geniet en bereid is om hul taal te verdedig. Hulle besef waarskynlik tot 'n mate ook dat aanpassings en verandering noodsaaklik is om die taal te laat oorleef, aangesien die taal broos is binne die huidige politieke situasie in Suid-Afrika.

Die feit dat die respondente in so 'n mate positief gereageer het op die vraelys, maar tog uiteindelik baie naby aan 'n negatiewe resultaat getoon het ten opsigte van hul houding teenoor Afrikaans, die toekoms van die taal en die aanwending van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde, kan dui op 'n agterloosigheid, 'n onverskilligheid of onkunde oor die rede van hul houding en dus ook hul gedrag teenoor die taal. Die navorser het hierbo reeds aangedui dat sy van mening is dat agterloosigheid, onverskilligheid of onkunde ten opsigte van die aanwending van die taal beslis negatiewe nagevolge vir die voortbestaan van die taal kan inhou indien doelbewuste optrede en 'n mate van opbou van die taal nie sou plaasvind nie.

HOOFSTUK 5

5 BEVINDINGS

5.1 ALGEMENE BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN TENDENSE WAT AS OORWEGEND NEGATIEF OF POSITIEF BESKOU KAN WORD

Sommige van die vrae op die vraelys kan as neutrale vrae beskou word, terwyl ander óf relatiewe positiewe óf relatiewe negatiewe houdings²⁰ weerspieël. By die vrae wat 'n positiewe of 'n negatiewe houding kán weerspieël, het die navorser twee opsies aangebied wat volgens haar onderskeidelik 'n positiewe of 'n negatiewe houding by die respondente sal kan verteenwoordig. Hierdie opsies wissel; soms is dit opsie A, maar ander kere weer opsie B. Hierdie wisseling dra volgens die navorser daartoe by dat die respondente nie byvoorbeeld deurgaans opsie A kies bloot omdat hulle agtergekom het dit wat die navorser "wil hê" gewoonlik opsie A (of B) is nie. Die antisipering van die navorsingsverwagting van die navorser deur die respondente word hierdeur in 'n mate vermy en sodoende word die betroubaarheid van die navorsing vergroot.

Wanneer daar vraaggewys na die persentasies gekyk word, kan sekere bevindings as oorwegend positief beskou word, terwyl ander weer meer as oorwegend negatiewe bevindings ten opsigte van die houding teenoor Afrikaans beskou kan word. Die oorwegend positiewe bevindings toon (by sekere vrae) dat Afrikaans by die betrokke respondente redelik sterk staan; dat moontlike taalverlamming, taalverplasing en uiteindelijke taalsterfte nie in die geval van die betrokke respondente 'n wesenlike gevaar inhou nie. Daarenteen toon 'n oorwegend negatiewe houding dat die moontlikheid van bogenoemde taalafbreking wel bestaan. Wanneer die uitslag van die

²⁰ Wanneer daar na "positiewe" of "negatiewe" houdings of bevindings verwys word, word daarby bedoel gevolgtrekkings waartoe die navorser gekom het wat die houdings van die respondente by die betrokke vrae as positief of negatief klassifiseer.

houding van die respondente wat by hierdie navorsing betrek is in die geheel in oorweging geneem word, en die persentasie van die relatiewe positiewe houding teenoor die negatiewe houding opgeweeg word, sal die navorser kan bepaal of die respondente se houding hoofsaaklik positief of negatief is teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan.

5.2 NEIGINGS BY VRAE

5.2.1 Neutrale vrae

Hierdie vrae was óf nie bedoel om 'n spesifieke neiging te toon nie, byvoorbeeld inligtingsvrae, óf die uitslag van die vrae kon nie gekategoriseer word as spesifiek negatief neigende of positief neigende vrae nie.

(Vraagnummers wat hieronder volg is nie noodwendig in chronologiese volgorde nie)

1.1 Geslag en ouderdom van respondente

Hierdie vraag was bloot 'n inligtingsvraag en toon dus nie enige spesifieke neiging nie. Hiervolgens kon die navorser bepaal dat die gemiddelde ouderdom van die respondente 16 jaar was. Dit het verder ook gedien om aan te toon watter spektrum die ouderdomme van die respondente dek. Alhoewel al die respondente tieners en die gemiddelde ouderdom 16 was, was daar ook respondente wat jonger, en ander wat ouer was. Hierdie ouderdomspektrum, sowel as die feit dat vroulike sowel as manlike respondente by die navorsing betrek is, verbreed die navorsingswydte, en onderskraag dus die betroubaarheid van die empiriese navorsing.

1.2 Skoolmedium

Geen spesifieke neiging is by hierdie vraag verwag nie, aangesien die navorser bloot wou vasstel by watter soort skole die respondente is. Alhoewel hierdie vraag self as 'n neutrale vraag beskou word, het die resultate van sommige

vrae 'n verskil in houding getoon ten opsigte van die verskillende skoolgroepe.

Die indeling van skoolgroepe word as funksioneel beskou, aangesien sekere tendense (soos wat in Hoofstuk 4 gesien kan word) by hierdie verskillende groepe waargeneem is. Groep 1-skole (Afrikaansmediumskole) het byvoorbeeld byna deurgaans 'n negatiewe of onverskillige houding teenoor Afrikaans en die voortbestaan daarvan getoon, terwyl die data wat verkry is van die Groep 5-skole (Tegniese of landbouskole, wat oorwegend dubbelmediumskole is) 'n oorwegend positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal getoon het.

1.24 Die redes waarom Engelse woorde gebruik word wanneer respondente Afrikaans praat

Die respondente het by hierdie vraag aangedui dat hulle Engelse woorde gebruik omdat hulle dit verkies, en omdat dit vir hulle makliker en/of lekkerder is, nie omdat hul vriende dit verkies nie. Al gaan dit hier om die rede waarom Engelse woorde deur die respondente gebruik word, toon die vraag tóg die neiging dat Engelse woorde soms ten koste van Afrikaanse woorde verkies word. Die vraag word egter nie as een met 'n negatiewe uitslag uitslag beskou nie, aangesien dit slegs meer inligting verskaf oor die rede vir die keuse.

5.2.2 Positiewe bevindings

Die vrae wat hieronder volg, toon oor die algemeen 'n positiewe neiging, dit weerspieël met ander woorde 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die gebruik en voortbestaan daarvan. 'n Persentasie van 50% of meer, of 'n laer persentasie met die voorwaarde dat dit méér as die negatiewe neiging se persentasie is, word as positief beskou. Laasgenoemde uitslag word as "redelik positief" beskou.

In sommige gevalle toon die een groep (byvoorbeeld die vroulike respondente) 'n positiewe neiging, terwyl die ander groep (die manlike respondente) 'n negatiewe neiging toon. Uit laasgenoemde tendens blyk dit dat daar soms verskillende houdings by die manlike as by die vroulike respondente bestaan. Alhoewel die navorser se doel nie was om die verskil in houding tussen die twee geslagte te bepaal nie, is daar by die klassifikasie van die vrae (positief of negatief) daarvoor voorsiening gemaak om 'n verskil in houdingsuitslag - wat die twee geslagte betref - by sommige vrae in ag te neem. Waar daar 'n aantoonbare verskil ten opsigte van houding bestaan tussen die manlike en die vroulike respondente, is dit in aanmerking geneem en ook só geklassifiseer. In die besprekingshoofstuk is hierdie ambivalensie van die uitslag dan ook in ag geneem en as sodanig bespreek.

1.3 Taal van ouers

By hierdie vraag was die verwagting dat die meeste respondente se ouers Afrikaanssprekend sou wees, aangesien die respondente op skool deur die medium van Afrikaans onderrig word. Hierdie aanname is bevestig: 82,8% (vr. resp.) en 83,6% (ml. resp.) het aangetoon dat hul ouers albei Afrikaanssprekend is. Die positiewe bevinding is dat 17,2% (vr. resp.) en 16,4% (ml. resp.) wie se ouers nie albei Afrikaans is nie, ook in die Afrikaansmedium is - 5 van die respondente, oftewel 2,2%, se ouers is albei anderstalig.

In al die dorpe en stede waaruit die respondentskole gekies is, bestaan daar skole waar onderrig deur middel van Engels (of 'n ander taal) plaasvind. Die afleiding kan dus gemaak word dat die ouers wel 'n keuse gehad het om hul kinders eerder in 'n Engelsmediumskool te plaas (of in die Engelsmedium in 'n dubbelmediumskool), maar dat hulle verkies het om hul kinders deur die medium van Afrikaans te laat onderrig. Laasgenoemde feit toon dat die respondente se ouers (en die respondente self) positief voel

teenoor Afrikaans en vertrou die in die toekoms van Afrikaans, aangesien hulle hul kinders deur die medium van Afrikaans laat onderrig.

'n Mate van negatieweiteit kan hier opgemerk word in die feit dat hoewel 82,8% (vr. resp.) en 83,6% (ml. resp.) se ouers albei Afrikaans is, net 78% (vr. resp.) en 76,9% (ml. resp.) se huistaal slegs Afrikaans is. Dit wil dus voorkom asof daar huise is waar albei ouers Afrikaanssprekend is, maar waar die huistaal nie Afrikaans is nie. Hierdie neiging toon 'n mate van 'n negatiewe houding. Alhoewel dit op die ouers van die respondente van toepassing is, kan dit ook betrekking hê op hul kinders (die respondente), aangesien die taal wat die ouers met hul kinders praat ook waarskynlik deur die kinders in die hede en die toekoms as hul voertaal aanvaar sal word. So 'n voertaal kan dan as die huistaal van die kinders beskou word, en sal waarskynlik ook die taal wees waarin hulle hul kinders eendag sal opvoed.

1.4 Huistaal

Alhoewel 78% (vr. resp.) en 76,9% (ml. resp.) se huistaal Afrikaans is, praat 85% (vr. resp.) en 77,3% (ml. resp.) se ouers albei Afrikaans met hulle (vraag 1.5). Die afleiding kan gemaak word dat daar in enkele huise (7% vr. resp. en 0,4% ml. resp.) Afrikaans gepraat word met die respondente, al is die huistaal nie Afrikaans nie. 'n Mate van taalverplasing ten gunste van Afrikaans vind dus hier plaas by die ouers van die respondente. Die betrokke neiging by vraag 1.4 is dus positief. Die positiewe houding van bogenoemde ouers sal waarskynlik meebring dat hul kinders ook 'n positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan sal inneem.

Beide 'n positiewe sowel as 'n matige negatiewe uitslag word dus deur die uitslag by hierdie vraag waargeneem, afhangend vanuit watter perspektief die inligting beskou word (in samewerking met ander vrae, soos onder andere vraag 1.5). Die hoë persentasie wat aangetoon is ten opsigte van die

praat van Afrikaans as huistaal kwalifiseer vraag 1.4 egter om as 'n positiewe uitslag bestempel te word.

Die rede vir die teenstrydighede ten opsigte van die persentasies wat aangetoon is by vrae 1.3, 1.4 en 1.5 (taal van ouers, huistaal van respondente en die taal wat respondente se ouers met hulle praat), is nie volgens die navorser duidelik nie. Die rede mag wees dat die respondente maksimale vereenvoudiging toegepas het en/of nie totaal eerlik met die vraelys te werk gegaan het nie.

1.5 Taal wat respondente se ouers met hulle praat

Soos wat by die bespreking hierbo gesien kan word, kan die neiging dat 7% (vr. resp.) en 0,4% (ml. resp.) se ouers Afrikaans met hul kinders praat, al is húl moedertaal nie Afrikaans nie, as positief beskou word. Die afleiding kan gemaak word dat dit waarskynlik hiérdie respondente is wat ook in Afrikaans onderrig ontvang op skool.

1.6 Watter taal met Afrikaanse vriende gepraat word

Minder as die helfte van die respondente praat altyd slegs Afrikaans met hul Afrikaanse vriende, naamlik 43,6% (vr. resp.) en 47,6% (ml. resp.) - 18% van die vroulike respondente en 18,7% van die manlike respondente praat soms Engels met hul Afrikaanse vriende. Die uitslag van hierdie vraag kan dus ten opsigte van die vroulike sowel as die manlike respondente bestempel word as matig positief, aangesien die positiewe persentasies meer as die negatiewe persentasie, maar steeds minder as 50% is.

1.9 Gemak/ongemak wanneer suiwer Afrikaans met vriende gepraat word

Die data by hierdie vraag staan in skerp kontras met dié by die vraag oor die vermenging van tale wanneer Afrikaans met Afrikaanse vriende gepraat word (vraag 1.6). 'n Relatiewe groot persentasie van 61,9% (vr. resp.) en 53,3% (ml. resp.) het aangetoon dat hulle op hul gemak voel om suiwer

Afrikaans met hul vriende te praat, terwyl slegs 43,6% (vr. resp.) en 47,6% (ml. resp.) aangetoon het dat hulle altyd slegs Afrikaans met hul Afrikaanse vriende praat. Die afleiding kan gemaak word dat die respondente waarskynlik nie altyd daarvan bewus is dat hulle nie deurgaans "suiwer Afrikaans"²¹ praat nie.

Die navorser het as onderwyseres in haar daaglikse kommunikasie met Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal onder die indruk gekom dat die gebruik van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde spontaan deur hierdie groep aangewend word. Hulle ervaar dus nie hul spraak as nie-Afrikaans nie, vandaar moontlik die relatiewe hoë persentasie wat aangetoon is ten opsigte van die gemak/ongemak wanneer suiwer Afrikaans met Afrikaanse vriende gepraat word.

Die meerderheid respondente het egter by hierdie vraag aangetoon dat hulle gemaklik voel om suiwer Afrikaans met hul vriende te praat, daarom word hierdie vraag se uitslag as positief beskou.

1.10 Die taal van liefdesbriewe

Die persentasies wat by hierdie vraag aangedui is, kan as positief beskou word, aangesien 54,2% (vr. resp.) en 52% (ml. resp.) aangetoon het dat hulle meestal Afrikaanse troetelwoorde gebruik in hul Afrikaanse liefdesbriewe. Die persentasie respondente wat aangedui het dat hulle meestal Engelse troetelwoorde gebruik, is 41,4% (vr. resp.) en 41,3% (ml. resp.).

1.11 Die taal van briewe aan Afrikaanse vriende

By hierdie vraag toon die manlike respondente 'n positiewe neiging, aangesien 54,2% van hulle slegs Afrikaans gebruik in hul briewe aan Afrikaanssprekendes. Die vroulike

²¹ Hierby word bedoel dat Afrikaans gepraat word sonder die toevoeging van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde of enige ander nie-Afrikaanse woorde of uitdrukkings.

respondente dui egter 'n persentasie aan wat minder as 50% is, naamlik 42,1%. Hierdie vraag word as matig positief beskou, aangesien die persentasie wat by die manlike respondente aangetoon is, meer as 50% is, maar die persentasie wat die vroulike respondente aangetoon het, minder as 50% is, naamlik 15,4%. Opsie B word nie deur die navorser as heeltemal negatief beskou nie (die keuse: "meestal Afrikaanse woorde, met heelwat Engelse woorde en uitdrukkings en ander sleng-woorde" word hier aangegee).

1.13 *Vloek of stry*

Die grootste persentasie respondente vloek of stry in 'n kombinasie van Afrikaans en Engels, naamlik 44% (vr. resp.) en 54,2% (ml. resp.), terwyl 11,4% (vr. resp.) en 11,6% (ml. resp.) in Engels vloek of stry. Slegs 38,5% van die vroulike respondente en 31,1% van die manlike respondente het aangedui dat hulle in Afrikaans vloek of stry. Hierdie vraag het dus ook 'n matige positiewe neiging aangesien die positiewe persentasie meer is as die negatiewe persentasie, maar minder as 50% is.

1.14 *Taal van koerante en tydskrifte*

Die data by hierdie vraag word wat die vroulike respondente betref, as matig positief beskou. Alhoewel die persentasie ten gunste van Afrikaans nie hoër as 50% is nie, naamlik 39,6%, is dit meer as die negatiewe persentasie, naamlik 21,2%. By die manlike respondente het 31,6% aangedui dat hulle Afrikaanse koerante en tydskrifte lees. Die grootste persentasie manlike respondente verkies dus om Engelse koerante en tydskrifte te lees - 'n negatiewe uitslag.

Die data by hierdie vraag kontrasteer in 'n mate die data wat verkry is by die volgende vraag wat oor die keuse van tydskrifte en koerante wat gelees word, handel. By vraag 1.15 het die Afrikaanse koerante en tydskrifte 'n baie hoër persentasie lesers aangetoon as die Engelse koerante en tydskrifte; dit wil sê 'n hoër persentasie as by vraag 1.14

(taal van koerante en tydskrifte). Die rede vir die teenstrydigheid mag wees dat deur die sien van die name van die tydskrifte by vraag 1.15 (keuse van tydskrifte en koerante) die respondente onbewustelik daaraan herinner word dat hulle wel hierdie tydskrifte en koerante soms onder oë neem; dit is waarskynlik vir hulle bekende name. Die moontlikheid bestaan dus dat hulle respons aandui dat die koerante en tydskrifname aan hulle bekend is, en nie noodwendig dat hulle hierdie literatuur lees nie.

1.15 Keuse van koerante en tydskrifte

Alhoewel respondente sowel Afrikaanse as Engelse tydskrifte lees, is die eerste drie keuses wel Afrikaans, naamlik *Huisgenoot* (78,4% vr. resp. en 78,2% ml. resp.), *Rapport* (46,2% vr. resp. en 48,9% ml. resp.), en *Keur* (34,4% vr. resp. en 24% ml. resp.). Die Engelse tydskrifte en koerante toon oor die algemeen 'n baie laer leespersentasie, naamlik *You* (19,8% vr. resp. en 22,2% ml. resp.), *Cosmopolitan* 35,6% vr. resp. en 11,6% ml. resp.), *Sunday Times* (13,2% vr. resp. en 23,1% ml. resp.) en *Smash Hits* (20,1% vr. resp. en 24% ml. resp.). Die gemiddeld van die drie hoogste persentasies respondente wat aangetoon het dat hulle Afrikaanse leesstof lees, was 53% (vr. resp.) en 50,4% (ml. resp.), terwyl die Engelse leesstof se gemiddelde persentasies soos volg was: 25,2% (vr. resp.) en 19,6% (ml. resp.). Hierdie vraag het dus 'n positiewe uitslag getoon.

1.20 Engels, 'n mooier taal as Afrikaans?

By hierdie vraag het 46,2% van die vroulike respondente en 52% van die manlike respondente aangetoon dat hulle nie saamstem dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is nie. Die persentasie wat deur die vroulike respondente aangetoon is, (dié wat dink Engels is nie 'n mooier taal as Afrikaans nie) is minder as 50%. Aangesien dit meer is as die 20,1% wat gestem het dat Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, word die resultaat as matig positief beskou. Die manlike respondente se persentasie word as positief beskou.

1.22 Engels klink meer intelligent as Afrikaans

Alhoewel 'n positiewe uitslag by hierdie vraag aangetoon is, is die persentasies nie baie hoog nie, naamlik 52% (vr. resp.) en 49,8% (ml. resp.). In die geval van die manlike respondente, waar die persentasie minder as 50% is, is dit tog 22,7% meer as die negatiewe persentasie. Hierdie uitslag by die manlike respondente word dus as matig positief beskou, terwyl die vroulike respondente se uitslag as positief beskou word.

1.23 'n Mens kan jou beter uitdruk in Engels as in Afrikaans

Die manlike respondente toon 'n resultaat van minder as 50% positief, naamlik 40,9%. Hierdie persentasie is egter tog 5,8% meer as die negatiewe persentasie, daarom word dit as matig positief beskou. By die vroulike respondente het 0,3% meer respondente negatief as positief gestem. Die negatiewe persentasie is egter minder as 50%, naamlik 42,1%.

Die afleiding kan gemaak word dat, hoewel 'n gedeelte van hierdie vraag se uitslag as matig positief beskou kan word, die respondente nie baie vertrou het in die moontlikhede wat Afrikaans bied as taal waarin jy jou kan uitdruk nie. Soos voorheen getoon, kan hierdie tendens verband hou met taalagteruitgang, wat kan lei tot minimale taalverlamming. Laasgenoemde word deur Markey (1987:6) beskryf as die onvermoë om jouself kreatief in jou eie taal te kan uitdruk. Hierdie onvermoë word volgens Markey beskou as een van die eerste stadia van taalsterfte, 'n ernstige situasie wat deur taalstagnasie of -agteruitgang voorafgegaan kan word.

1.25 Aanvaarding van die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde

Alhoewel die uitslag by hierdie vraag oorwegend as negatief beskou kan word, kan die persentasie wat deur die vroulike respondente aangetoon is tog as matig positief beskou word, aangesien dit meer is as die negatiewe persentasie wat aangeteken is. Die afleiding kan gemaak

word dat die respondente dit moeilik vind om hulself bevredigend in suiwer Afrikaans uit te druk. So 'n situasie mag dui op die moontlike bestaan van minimale taalverlamming, wat indien dit ernstige afmetings sou aanneem, kan ontwikkel tot ernstige taalverlamming, volgens Markey (1987:6) een van die stadia van taalsterfte.

1.27 Watter taal met Afrikaanse vriende gepraat word in 'n groep waar daar ook Engelse vriende teenwoordig is

Die navorser voel baie huiwerig om hierdie vraag as positief te bestempel, aangesien die persentasies wat aangegee is ten voordeel van Afrikaans baie klein is, hoewel dit tog groter is as die negatiewe opsie (oorwegend Engels in die groep). Die persentasie wat aangegee is ten opsigte van opsie C, 'n kombinasie van die twee tale, is egter redelik hoog, naamlik 56,4% (vr. resp.) en 49,8% (ml. resp.). Wanneer al drie die persentasies in oorweging geneem word, kan hierdie vraag as baie matig positief beskou word.

1.29 In watter taal word daar gedroom?

Die taal waarin beide die manlike respondente en die vroulike respondente droom, is oorwegend Afrikaans. Aangesien die meeste respondente in Afrikaans droom, maak die navorser die afleiding dat Afrikaans vir hierdie respondente die natuurlikste en spontaanste uitdrukkingstaal is. Die taal waarin 'n mens droom is gewoonlik ook die taal waarin 'n mens jou die tuisste voel. Hierdie vraag word as ongetwyfeld positief beskou.

1.30 Wens die respondente dat hulle eerder Engelssprekend was?

Die manlike respondente toon by hierdie vraag 'n redelike beduidende positiewe houding met 52,4% wat gestem het dat hulle nie saamstem dat hulle wens dat hulle eerder Engelssprekend was nie. Die vroulike respondente toon ook 'n positiewe respons aangesien die positiewe opsie 23,5% meer as die negatiewe opsie is. Laasgenoemde se positiewe

persentasie is egter glad nie baie hoog nie, daarom word hierdie vraag (veral wat die vroulike respondente betref) as matig positief beskou.

Die matige positiewe houding wat by hierdie vraag aangetoon is, sluit aan by die uiteindelijke bevindings van die totale navorsingsresultate, naamlik 'n matige positiewe houding teenoor die gebruik van Afrikaans en die toekoms daarvan.

1.31 Is dit soms 'n verleentheid om Afrikaans te wees?

Hierdie vraag toon ten opsigte van die vroulike sowel as die manlike respondente 'n besliste positiewe bevinding. Daar bestaan 'n beduidende verskil in persentasies tussen die positiewe en die negatiewe opsies. Die positiewe bevinding is onderskeidelik 37,3% (vr. resp.) en 17,3% (ml. resp.) meer as die negatiewe bevinding. Die positiewe bevinding is naamlik 68,1% (vr. resp.) en 57,3% (ml. resp.).

1.32 Engels as voertaal

By hierdie vraag het 56,8% van die vroulike respondente duidelik getoon dat hulle nie saamstem dat Engels as voertaal in Suid-Afrika gebruik behoort te word nie. Die manlike respondente se positiewe persentasie is minder as 50%, maar meer as die persentasie wat die negatiewe opsie gekies het. Hierdie vraag word dus as positief/matig positief beskou aangesien die meerderheid respondente nie graag Engels as voertaal in Suid-Afrika sou wou sien nie.

1.34 Diskriminasie in die toekoms

Die hoë persentasie van 70,3% (vr. resp.) en 67,6% (ml. resp.) toon dat respondente saamstem dat hulle bang is daar gaan in die toekoms teen Afrikaans gediskrimineer word. Die resultaat van hierdie vraag kan enersyds in 'n mate as positief beskou word, aangesien die bevinding daarop dui dat die respondente bedag is daarop dat daar diskriminasie kan plaasvind. Andersyds kan die hoë persentasie daarop dui dat

die respondente bang is vir diskriminasie, en moontlik deur taalverplasing sulke diskriminasie sal probeer vryspring - ten koste van Afrikaans. Die uitslag by hierdie vraag is dus positief en deels negatief, hoewel die positiewe uitslag volgens die navorser waarskynlik swaarder weeg. Die vraag word dus as matig positief geklassifiseer.

1.36 Positiewe/negatiewe oor die toekoms van Afrikaans

Die vroulike sowel as die manlike respondente voel volgens die resultate van hierdie vraag positief oor die toekoms van Afrikaans, aangesien 'n beduidende 62,3% (vr. resp.) en 58,2% (ml. resp.) aangetoon het dat hulle baie positief voel oor die toekoms van Afrikaans. Hierdie vraag word dus as beduidend positief beskou.

5.2.3 Negatiewe bevindings

Indien die persentasie by die opsie wat dui op 'n negatiewe neiging groter is as dié by die persentasie wat dui op 'n positiewe neiging, sal die vraag geklassifiseer word as negatief, al toon die uitslag 'n negatiewe persentasie wat minder as 50% is.

Indien die persentasie by die positiewe opsie groter is as dié by die negatiewe opsie, maar die positiewe opsie kleiner as 50% is, word die uitslag van die vraag as matig positief beskou.

1.7 Watter taal met Engelse vriende gepraat word

'n Persentasie van 17,2% (vr. resp.) en 18,2% (ml. resp.) praat soms Afrikaans met hul Engelse vriende. 'n Groter persentasie (40,7% vr. resp. en 42,2% ml. resp.) praat 'n kombinasie van die twee tale. Die persentasies wat deur respondente aangegee is wat altyd slegs Engels met hul Engelse vriende praat, is 41,4% (vr. resp.) en 39,1% (ml. resp.). Hierdie negatiewe persentasie is hoër as die positiewe persentasie, daarom word hierdie vraag se uitslag

as negatief gekategoriseer.

Die navorser het egter verwag dat meer respondente slegs Engels met hul Engelse vriende sou praat, maar die navorsing het aangetoon dat hoewel die uitslag van hierdie vraag negatief was, minder as die helfte van die respondente slegs Engels met hul Engelse vriende praat.

1.8 Vermenging van tale wanneer Afrikaans met Afrikaanse vriende gepraat word

'n Baie klein persentasie, naamlik 16,1% (vr. resp.) en 12% (ml. resp.) het aangedui dat hulle probeer om nie hul tale te meng wanneer hulle met Afrikaanse vriende praat nie, terwyl 83,5% (vr. resp.) en 88% (ml. resp.) aangedui het dat hulle soms of dikwels Engelse woorde en uitdrukkings gebruik wanneer hulle Afrikaans praat - 'n aantoonbaar negatiewe neiging.

Bogenoemde groot persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle hul tale meng wanneer hulle Afrikaans met Afrikaanse vriende praat, kan dui op 'n ernstige onvermoë om hulself in hul eie taal (in hierdie geval Afrikaans) uit te druk - hierdie tendens kan as taalverlamming beskou word; 'n simptoom van taalagteruitgang wat kan lei tot uiteindelijke taalsterfte. Die moontlikheid dat genoemde vermenging van tale, soos ook graffiti, 'n manifestasie van tienerjargon kan wees, moet egter nie uitgesluit word nie. Die gebruik van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde mag moontlik deur die respondente as "tienertaal" beskou word; volgens die navorser toon hierdie onvermoë by die respondente om hulself kreatief in hul eie taal uit te druk, steeds op 'n mate van taalverlamming.

1.12 Graffiti

Slegs 11% (vr. resp.) en 9,3% (ml. resp.) het aangedui dat indien hulle graffiti skryf, dit in Afrikaans is, terwyl 86,5% (vr. resp.) en 87,6% (ml. resp.) aangedui het dat

hulle graffiti in Engels of 'n kombinasie van Afrikaans en Engels skryf.

Daar is hierbo daarna verwys dat graffiti 'n tipiese tieneraktiwiteit is. Dit is ook een van die wyses waarop groepsolidariteit uitgedruk word, aangesien dit gewoonlik in 'n soort tienerjargon of sosiolek geskryf word. Die grootste inspirasie vir hierdie graffiti kom waarskynlik van die oorsese, dikwels Amerikaanse vermaaklikheidsmedia waarvan die taalmedium Amerikaans/Engels is.

Die feit dat die respondente dit baie moeilik, dalk onmoonlik vind om kreatief te werk te gaan met hul moedertaal en dus Afrikaanse graffiti te skep in plaas daarvan om eenvoudig die Engelse graffiti net so oor te neem, dui op 'n negatiewe neiging wat kan bydra tot 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans en die voortbestaan van die taal.

1.14 Taal van koerante en tydskrifte

Alhoewel die vroulike respondente getoon het dat hulle Afrikaanse tydskrifte en koerante verkies, het die manlike respondente aangetoon dat hulle verkies om oorwegend Engelse tydskrifte en koerante, of 'n kombinasie van die twee tale te lees. Die persentasie vroulike respondente wat verkies om Afrikaanse koerante en tydskrifte te lees is minder as 50%, naamlik 39,6% - dit is dus 'n matig positiewe resultaat. Die feit dat 'n aansienlike persentasie van die respondente dit verkies om Engelse koerante en tydskrifte te lees (21,2% van die vroulike respondente en 33,3% van die manlike respondente), toon dat hierdie uitslag meer negatief as positief is.

1.16 Fiksie

Die uitslag van hierdie vraag toon dat die meerderheid respondente (alhoewel dit nie 'n groot meerderheid is nie) verkies om Engelse fiksie te lees. Die grootste persentasie

respondente het aangetoon dat hulle 'n kombinasie van die twee tale verkies. Daar moet egter voor oë gehou word dat die verskeidenheid Engelse fiksie baie groter is as die Afrikaanse fiksie.

1.17 Televisiefiksie

Die respondente het by hierdie vraag getoon dat hulle beslis Engelse televisiestories bo Afrikaanse televisiestories verkies. Besonder lae persentasies van 12,1% (vr. resp.) en 6,2% (ml. resp.) het aangetoon dat hulle steeds Afrikaanse televisiestories bo Engelse televisiestories verkies. Daar moet egter in ag geneem word dat die hoeveelheid Afrikaanse televisiestories baie min is vergeleke met Engelse televisiestories.

1.18 Oorgeklankte TV-stories

'n Besliste meerderheid respondente het by hierdie vraag aangedui dat hulle nie oorgeklankte TV-stories in Afrikaans bo die Engelse of ander klankbane verkies nie, naamlik 68,1% (vr. resp.) en 68,9% (ml. resp.). Hierdie persentasies ten gunste van Engelse of ander klankbane in plaas van oorgeklankte Afrikaanse klankbane toon 'n duidelike negatiewe neiging ten opsigte van oorgeklankte TV-stories. Die moontlikheid bestaan dat so 'n negatiewe respons by die respondente daarop dui dat hul houding teenoor die aanwending en die bruikbaarheid van Afrikaans ook as negatief beskou kan word.

1.19 Liedjies

Daar bestaan geen twyfel ten opsigte van die negatiewe neiging by hierdie vraag nie, aangesien 63% (vr. resp.) en 67,1% (ml. resp.) aangetoon het dat hulle Engelse liedjies bo Afrikaanse liedjies verkies. Alhoewel bogenoemde neiging wêreldwyd die geval is, beskou die navorser steeds die uitslag van hierdie vraag as negatief ten opsigte van die gebruik van Afrikaans.

1.21 Is Engelse woorde meer "sexy"?

'n Groot persentasie respondente (52% vroulike respondente en 55,6% manlike respondente) het aangetoon dat hulle saamstem dat mens iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans kan sê - dus 'n negatiewe neiging.

1.23 'n Mens kan jou beter uitdruk in Engels as in Afrikaans

Alhoewel die manlike respondente se persentasie baie laag was by hierdie vraag, is dit tog as matig positief beskou, aangesien dit meer was as die negatiewe persentasie (5,8% verskil ten gunste van die positiewe neiging). Die vroulike respondente toon daarenteen 'n negatiewe persentasie by hierdie vraag, naamlik 42,1% teenoor 41,8%; dus 0,3% ten gunste van 'n negatiewe neiging. Hierdie uitslag word as negatief beskou.

1.25 Aanvaarding van die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde

Alhoewel die vroulike respondente se persentasie baie laag was, kan dit tog as matig positief beskou word. Die manlike respondente se aanduiding is egter definitief 'n negatiewe bevinding.

Die bevinding by hierdie vraag kan nie as oortuigend positief beskou word nie. Daar het slegs 38,1% van die vroulike respondente positief gestem teenoor 34,8% negatief ('n verskil van 3,3%). Die verskil tussen die negatiewe en die positiewe persentasies by die manlike respondente (in die guns van die negatiewe persentasie) is 7,1%. Daar kan dus aanvaar word dat hoewel die respondente huiwerig was om toe te gee dat hulle Engelse en/of sleng-woorde sou wou aanvaar hê in Afrikaans, hulle dit tog verkies; dit toon 'n negatiewe teenoor die aanwending van suiwer Afrikaans.

Soos daar by vrae 1.8 (vermenging van tale, wanneer Afrikaans met Afrikaanse vriende gepraat word) en 1.12

(graffiti) genoem is, kan die keuse van die gebruik van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde daarop dui dat die respondente dit as 'n soort tienerjargon beskou; 'n manier om groepsolidariteit te versterk. Al is dit die geval (die navorser betwyfel dit nie dat daar wel waarheid in steek nie) word die uitslag van hierdie vraag steeds as 'n negatiewe een geklassifiseer, aangesien dit wil voorkom asof die respondente nie oor die vermoë/bereidwilligheid beskik om hulself kreatief in hul eie taal uit te druk nie.

1.26 Voorkeur aan sommige Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde

By hierdie vraag het 51,3% (vr. resp.) en 55,1% (ml. resp.) aangedui dat hulle Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde verkies. Dis dus sonder twyfel 'n negatiewe bevinding. (Die opmerking oor die keuse en aanwending van sommige Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde by vraagnommer 1.25 hierbo, geld ook vir die bevinding ten opsigte van hierdie vraag).

1.28 Word Afrikaanse vriende verkies?

By hierdie vraag het die meerderheid respondente (57,5% vr. resp. en 55,6% ml. resp.) aangetoon dat Afrikaanse vriende nie noodwendig verkies word nie. Hierdie uitslag word deur die navorser gekategoriseer as 'n negatiewe neiging, alhoewel dit hier streng gesproke oor mense en nie spesifiek oor taal gaan nie.

1.33 Om 'n goeie werk te kry, moet jy Engels magtig wees

Een van die heel grootste persentasies op die vraelys is ten opsigte van hierdie vraag aangetoon - 72,5% (vr. resp.) en 72,9% (ml. resp.) het naamlik aangedui dat hulle saamstem dat 'n mens Engels magtig moet wees om 'n goeie werk te kry.

Die oortuigende negatiewe persentasie wat by hierdie vraag se uitslag aangetoon is, toon 'n duidelike negatieweheid by die respondente. Hierdie vraag word dus as beslis negatief beskou.

1.35 In watter taal sal respondente hul kinders eendag opvoed indien Afrikaans sy amptelike status ontnem sou word?

Die grootste persentasie respondente (57,9% vr. resp. en 50,2% ml. resp.) het aangedui dat hulle hul kinders nie in Afrikaans sal opvoed indien Afrikaans sy amptelike status ontnem sou word nie, maar dat hulle dan hul kinders tweetalig sal opvoed. Daar is hierbo (1.10.2 Faktore wat 'n invloed kan hê op die voortbestaan van 'n taal) verwys na die nadelige invloede wat tweetaligheid op die voortbestaan van die minderheidstaal mag hê. Die besluit om hul kinders eerder tweetalig op te voed indien Afrikaans nie meer as amptelike taal erken sou word nie, sal waarskynlik lei tot taalverplasing ten koste van Afrikaans, en daarom word hierdie vraag as beslis negatief beskou.

1.37 Met watter identiteit assosieer die respondente hulself?

Die meerderheid respondente het aangedui dat hulle hulself nie as Afrikaners beskou nie, maar as Suid-Afrikaners. So 'n keuse kan daarop dui dat hulle hulle nie vereenselwig met 'n Afrikaanse identiteit nie; dit kan gesien word as 'n soort "identiteitsverplasing" ten koste van Afrikaans ten gunste van 'n nasionale identiteit. Soos wat daar by 4.2.10 (wat handel oor die keuse van identiteit) genoem is, kan hierdie moontlike verplasing van identiteit gesien word in die lig van nasionale patriotisme en nie soseer as 'n negatiewiteit teenoor Afrikaanse Suid-Afrikanerskap nie. Desnieteenstaande word hierdie vraag geklassifiseer as matig negatief op grond van die feit dat 46,3% respondente aangetoon het dat hulle hulself as Suid-Afrikaners beskou teenoor die 45,9% wat hulself as Afrikaners beskou.

5.3 EVALUASIE VAN BEVINDINGS

Soos hierbo aangetoon, word sekere bevindings as neutraal beskou (blote inligtingsvrae), ander word as positief beskou indien meer as 50% van die respondente aangetoon het dat hulle die opsie verkies wat deur die navorser as positief

geïdentifiseer is ten opsigte van die houding teenoor Afrikaans en die voortbestaan van die taal. Indien die positiewe opsie se persentasie minder as 50% is maar tog meer as die negatiewe opsie se persentasie, word die uitslag as matig positief beskou. Indien die negatiewe opsie se persentasie meer as die positiewe opsie se persentasie is, word die uitslag van die vraag as negatief beskou.

By feitlik elke vraag het die navorser een opsie gegee wat waarskynlik 'n positiewe houding aan die kant van die respondente sal weerspieël sowel as een wat waarskynlik 'n negatiewe houding sal weerspieël. Die ander opsies wat aangebied is, word deur die navorser beskou as meer neutraal en/of met die doel om meer inligting ten opsigte van die respondente se spreiding en/of ten opsigte van hul keuses te verskaf.

By vraag 1.15 is 'n negatiewe of positiewe bevinding aangeteken op grond van die drie tydskrifte of koerante waaraan die hoogste persentasie toegeken is. Die persentasies is onderling ten opsigte van die taal van die tydskrif vergelyk. Die taal wat die meeste gelees word (persentasiegewys) is dan op grond van die hoogste of laagste persentasie geklassifiseer as positief of negatief. Die keuse van Afrikaanse leesstof is as positief beskou terwyl die keuse van Engelse leesstof as negatief beskou is.

Die eerste drie keuses was al drie Afrikaanse tydskrifte of koerante. Die persentasies was soos volg: Die leesstof wat die meeste gelees word, is die *Huisgenoot* (78,4% vr. resp. en 78,2% ml. resp.). Die leesstof wat die tweede meeste gelees word, is *Rapport* (46,2% vr. resp. en 48,9% ml. resp.), terwyl *Keur* derde op die lys verkyn (34,4% vr. resp. en 24% ml. resp. lees hierdie tydskrif).

Wanneer die aantal respondente wat by al die verskillende vrae 'n positiewe opsie gekies het, bymekaargetel word, toon die vroulike respondente 'n totaal van 2282 (dit is 44,4% van die totale aantal vroulike respondente). 'n Totaal van

717 vroulike respondente se antwoordkeuses kan as matig positief beskou word (14% van die totale aantal vroulike respondente), terwyl 2066 van hierdie respondente die negatiewe opsies gekies het (40,2% van die totale aantal vroulike respondente).

By die manlike respondente het 'n totaal van 1840 die positiewe opsie verkies (43,2% van die manlike respondente), terwyl 636 (14,9%) van hierdie respondente die matige positiewe opsie gekies het. Die hoeveelheid manlike respondente wat die negatiewe opsies gekies het, is 1781 (41,8% van die manlike respondente).

Die totale aantal respondente wat die positiewe opsie gekies het, is 4122 (44,2%); 1353 (14,5%) van die respondente het die matige positiewe opsie gekies. Die totale aantal respondente wat die negatiewe opsie gekies het, is 3847 - dit is 41,3% van die respondente.

Indien die persentasies vir die positiewe opsie sowel as die negatiewe opsies in berekening gebring word, dui hierdie puntetoekenning daarop dat die respondente oor die algemeen 'n redelike positiewe houding openbaar teenoor Afrikaans, die gebruik daarvan en die voortbestaan van die taal, alhoewel die 14,5% respondente wat die matige positiewe houding aangedui het, tog volgens die navorser 'n huiwering toon om 'n positiewe houding aan te dui.²²

Die redelike groot persentasie respondente (41,3%) wat 'n positiewe ingesteldheid of houding teenoor Engels, half-Engelse en/of sleng-woorde aangetoon het, is opvallend. Hierdie negatiewe houding teenoor Afrikaans word in die gedrag van die respondente openbaar, naamlik deur hul

²² Daar word telkens by elke groep kennis geneem van die "matige positiewe" persentasies (dit is positiewe opsies waarvan die persentasies meer is as dié van die negatiewe opsies se persentasie, maar minder as 50% is). Hierdie matige positiewe persentasies word nie in ag geneem by die klassifikasie van die groepe as negatief of positief nie, aangesien die navorser voel dat hierdie uitslae (soms heelwat laer as 50%), nie altyd beduidend of deurslaggewend genoeg is nie.

spraakpatrone en die onverskillige of agterlosige houding wat hulle teenoor die gebruik van suiwer Afrikaans inneem.

Die vraag kan gevra word of die respondente bewus is van die feit dat hul spraakpatroon in 'n groot mate verskil van Standaardafrikaans? Dit wil voorkom asof die respondente dikwels spontaan (dalk onbewustelik?) Engelse woorde en uitdrukkings aanwend tydens Afrikaanse kommunikasie - 'n simptoom van taalarmoede, wat waarskynlik kan oorgaan in taalverlamming. Tweektaligheid en die oorskakeling van een taal na die ander (gewoonlik van Afrikaans na Engels) is 'n algemene verskynsel in KwaZulu-Natal. Hierdie oorskakeling word taalverplasing²³ genoem. Wolfson (1989:39) is ook bewus van hierdie tendens, en vra: "If speakers are unconscious of their own and others' switching from language to language, how much less likely is it that they will notice variation in the details of their pronunciation?". Sowel taalverlamming as taalverplasing word beskou as stadia van taalsterfte.

5.4 EVALUASIE VAN UITSLAG MET POSITIEWE/NEGATIEWE NEIGINGS

Die volgorde waarin die groepe bespreek word, sal van die laagste punt wat vir 'n positiewe houding aangeteken is tot by die hoogste positiewe punt wees.

Alhoewel die resultaat van die navorsing oor die algemeen toon dat daar 'n matige positiewe houding by die respondente bestaan teenoor Afrikaans, is die verskil in uitslag tussen die positiewe en negatiewe houdings relatief klein. By sommige groepe is daar opvallende tendense waargeneem.

²³ Volgens De Jong (1986:25) mag genoemde oorskakeling van een taal na die ander toegeskryf word aan diglossie. Alhoewel diglossie 'n spesifieke kommunikasiefunksie vervul (bv. kommunikasie by die werkplek, sosiaal, formeel of informeel), is die navorser van mening dat dit steeds 'n indikasie is van die onvermoë van die spreker om in sy of haar eie taal te kan kommunikeer. Dit mag ook moontlik aantoon dat die taal self nie oor voldoende leksikon beskik om binne alle sfere van die samelewing aangewend te kan word nie.

5.4.1 Groep 1-skole

Groep 1 en 2-skole - dit is die volgende skole: Afrikaansmediumskole en dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die meerderheid is - het oor die algemeen negatiewe houdings getoon. Gesien in die lig van die feit dat Groep 1 Afrikaansmediumskole in KwaZulu-Natal verteenwoordig, is dit opvallend dat 1729 (49,1%) van hierdie groep respondente negatief staan teenoor Afrikaans, die gebruik en die toekoms van die taal. Slegs 1282 (36,4%) van hierdie groep respondente staan positief teenoor Afrikaans; 511 (14,5%) van die respondente het aangetoon dat hulle 'n matige positiewe houding openbaar.

Die houding wat hierdie groep getoon het, het oor die algemeen redelik konstant gebly dwarsdeur die vraelys. By drie vrae het die houdings van die vroulike respondente en die manlike respondente só van mekaar verskil dat die een groep negatief en die ander 'n positiewe ingesteldheid getoon het. Dit was by vrae 1.11, 1.14 en 1.32 (hierdie vrae handel oor die taal van briewe aan Afrikaanse vriende, die taal van koerante en tydskrifte en Engels as voertaal). Die doel van hierdie navorsing is egter nie om die verskil in houding tussen die manlike en vroulike respondente te bepaal nie, maar om die algemene houding te bepaal van al die respondente, naamlik Afrikaanse tieners met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar in KwaZulu-Natal.

Vraag 1.11 handel oor die taal waarin briewe aan Afrikaanse maats geskryf word. By hierdie vraag het die vroulike respondente getoon dat hulle meestal Afrikaanse woorde gebruik, maar ook heelwat Engelse woorde en uitdrukkings en/of ander sleng/woorde - dus 'n negatiewe uitspraak. Die manlike respondente het daarenteen oor die algemeen verkies om slegs Afrikaanse woorde te gebruik. By vraag 1.14 wat gehandel het oor die taal van koerante en tydskrifte wat die respondente graag lees, het die vroulike respondente deur hul persentasie 'n positiewe houding getoon, terwyl die manlike respondente 'n negatiewe houding deur hul

persentasie getoon het - laasgenoemde lees dus liever Engelse koerante en tydskrifte. By vraag 1.32 oor die vraag of Suid-Afrika eerder Engels as voertaal moet aanwend om die land tot 'n nasie-eenheid te snoer, het die vroulike respondente 'n positiewe ingesteldheid getoon deur nie saam te stem nie, terwyl die manlike respondente saamgestem het met hierdie stelling, en dus 'n negatiewe ingesteldheid of houding aangetoon het.

Hierdie groep se algemene tendens was om 'n positiewe houding teenoor Engels en die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde te openbaar, daarom is die positiewe uitslae van veral die volgende vrae as inkonsekwentheid ervaar: 1.9, 1.10, 1.13, 1.20, 1.22, 1.27, 1.30, 1.31, 1.32 en 1.36. Hierdie vrae het gehandel oor die gemak/ongemak wat die respondente ervaar wanneer hulle suiwer Afrikaans praat, die gebruik van Afrikaans wanneer liefdesbriewe geskryf word of gevloek word, of Engels 'n mooier taal as Afrikaans is, of Engels meer intelligent as Afrikaans klink, watter taal tussen vriende gepraat word wanneer daar ook Engelse maats teenwoordig is, of die respondente wens hulle was eerder Engelssprekend, of dit soms 'n verleentheid is om Afrikaans te wees, of Engels die voertaal van die land behoort te word om nasie-eenheid te bewerk en of hulle positief voel oor die toekoms van Afrikaans. Dit mag wees dat bogenoemde vrae 'n mate van nasietrots of patriotisme by die respondente aangeroen het wat hulle dalk daarvan weerhou het om volkome eerlik met die vraelys om te gaan - vandaar die inkonsekwente uitslag wat kontrasteer met die negatiewe houding wat oorwegend by die ander vrae waargeneem is.

Groep 1-skole was die groep wat die hoogste negatiewe punte aangeteken het by die vraag of mens jou beter in Engels as in Afrikaans kan uitdruk (vraag 1.23). By die laaste vraag oor die identiteit (vraag 1.37) het twee groepe (vroulik sowel as manlik) beide negatiewe sowel as positiewe punte aangeteken, en dus nie 'n definitiewe stemming uitgebring ten opsigte van houding nie. Een groep se uitslag was positief, en twee groepe waaronder Groep 1-skole, se

uitslag was negatief. Groep 1-skole het by hierdie vraag die hoogste hoeveelheid aangetoon ten opsigte van die opsie "Wêreldbürger"; 9,6% van die vroulike respondente en 9,7% van die manlike respondente het aangedui dat hulle nie hulself as Afrikaners of Suid-Afrikaners beskou nie, maar as wêreldburgers.

5.4.2 Groep 2-skole

Groep 2-skole is dubbel- / of parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is. By hierdie groep skole het 527 respondente (40,8%) getoon dat hulle oor die algemeen 'n negatiewe houding het teenoor Afrikaans, terwyl 501 (38,3%) 'n positiewe houding getoon het; 264 (20,4%) van die respondente het aangedui dat hul houding matig positief is.

By hierdie groep was daar ook drie vrae, naamlik vrae 1.9, 1.11 en 1.16 wat beide positiewe sowel as negatiewe houdings deur hul persentasies aangetoon het. Vier van die ander respondentgroepe het ook by vraag 1.11 'n positiewe sowel as 'n negatiewe persentasie getoon. By vraag 1.9 wat gehandel het oor die gemak/ongemak wanneer daar suiwer Afrikaans gepraat word, het die vroulike respondente 'n negatiewe houding getoon, terwyl die manlike respondente 'n positiewe houding deur hul persentasie aangetoon het. By vraag 1.11, wat handel oor taal van briewe het die manlike respondente 'n positiewe houding getoon, terwyl die vroulike respondente 'n negatiewe houding deur hul persentasie aangedui het. Vraag 1.16 wat gehandel het oor die keuse van die taal van fiksie, het getoon dat die vroulike respondente meer Afrikaanse stories lees, terwyl die manlike respondente meer Engelse stories lees.

By hierdie groep kan daar nie spesifieke inkonsekwentheid waargeneem word nie. Soos by die volgende groep het Groep 2-skole byna ewe veel negatiewe as positiewe keuses gemaak.

5.4.3 Groep 3-skole

Groep 3-skole (skole met oorwegend bruin leerlinge) het getoon dat hulle ook negatief ingestel is ten opsigte van hul houding teenoor Afrikaans, die gebruik en die toekoms daarvan - 359 (40%) het 'n positiewe neiging getoon, terwyl 395 (44,1%) 'n negatiewe neiging en dus houding getoon het; 141 (15,8%) van die respondente in hierdie groep het getoon dat hulle 'n matige positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal inneem. Dit is opvallend dat hierdie groep meer positief staan teenoor Afrikaans as die bogenoemde twee skole (by Groep 1-skole het 36,4% 'n positiewe houding getoon en 38,3% het by die Groep 2-skole 'n positiewe houding getoon).

Hierdie groep het by nege vrae, naamlik 1.6, 1.8, 1.11, 1.14, 1.17, 1.18, 1.22, 1.23 en 1.28 gelyktydig 'n positiewe sowel as 'n negatiewe persentasie aangetoon. By vraag 1.6, wat gehandel het oor die taal wat met Afrikaanse vriende gepraat word, het die vroulike respondente 'n negatiewe respons getoon, terwyl die manlike respondente 'n positiewe respons getoon het. By vraag 1.8, oor die vermenging van tale, het die vroulike respondente weer 'n positiewe houding deur hul persentasie aangeteken, terwyl die manlike respondente 'n negatiewe houding deur hul persentasie aangetoon het. Hierdie groep is die enigste groep wat 'n negatiewe sowel as 'n positiewe respons gelever het by vrae 1.6 en 1.8. Al die ander groepe se respondente het slegs 'n positiewe neiging by hierdie vrae getoon; die manlike sowel as die vroulike respondente het dus 'n positiewe respons gelever.

Vraag 1.11 het gehandel oor die taal van die briewe wat deur die respondente geskryf word. Hier het die vroulike respondente 'n positiewe houding deur hul persentasie aangetoon, terwyl die manlike respondente 'n negatiewe houding deur hul persentasie aangetoon het. Al die ander groepe, behalwe groep 5 (Tegniese of landbouskole) het by vraag 1.11 beide 'n positiewe sowel as 'n negatiewe neiging

getoon. Laasgenoemde skool het slegs 'n positiewe persentasie getoon; 'n tendens wat aansluit by die uiteindelijke positiewe persentasie (die hoogste van al die groepe) wat by hierdie skoolgroep aangeteken is.

Vraag 1.14, 1.17 en 1.18 handel oor die taal van koerante en tydskrifte, televisie en oorklankings. By hierdie vrae het die vroulike respondente elke keer 'n positiewe persentasie aangetoon, terwyl die manlike respondente 'n negatiewe uitslag gelewer het. By vraag 1.14 stem hierdie groep se uitslag baie ooreen met die ander groepe (die groepe toon dieselfde kontrasterende neiging). By vraag 1.17 is groep 3 die enigste groep wat beide 'n positiewe sowel as 'n negatiewe houdingsneiging toon. By vraag 1.18 is daar slegs een ander groep wat dieselfde neiging ('n positiewe sowel as 'n negatiewe neiging) as groep drie getoon het.

Vraag 1.22 vra of Engels meer intelligent as Afrikaans klink. Hier het die vroulike respondente 'n baie groter negatiewe persentasie as die manlike respondente aangeteken, naamlik 56,5%. Die manlike respondente se houding was positief (53,8%), terwyl die vroulike respondente se houding duidelike negatief was. By hierdie vraag was hierdie groep (Groep 3-skole) weer die enigste groep wat onderskeidelik 'n positiewe sowel as 'n negatiewe neiging getoon het.

Die uitslag by vraag 1.23 oor die vraag of Engels meer intelligent as Afrikaans klink, sluit aan by die vorige tendens waar die vroulike respondente negatief gestem het en die manlike respondente positief gestem het.

Vraag 1.28 handel oor die keuse van Afrikaanse maats. Die vroulike respondente het hier getoon dat hulle saamstem dat Afrikaanse maats verkies word, dus 'n positiewe neiging. Die manlike respondente het 'n negatiewe houding getoon. Daar was slegs een ander groep wat, soos Groep 3 beide 'n positiewe as 'n negatiewe neiging by hierdie twee vrae getoon het.

Dit wil voorkom asof die respondente in Groep 3 (Skole met oorwegend bruin leerlinge) nie altyd konsekwent was met die beantwoording van die vrae nie. Hulle toon onder andere deur vraag 1.7 dat hulle soms Afrikaans met Engelse vriende praat (dus 'n positiewe houding teenoor Afrikaans), en toon by vraag 1.9 dat hulle soos die eerste twee groepe ongemaklik voel om suiwer Afrikaans te praat. Hulle lees egter meer Afrikaanse koerante en tydskrifte en verkies Afrikaanse fiksie (vrae 1.14, 1.15 en 1.16). Talle ander vrae toon ook inkonsekwentheid by die algemene houding van hierdie groep respondente. Dit wil voorkom asof hulle nie seker is van hul identiteit en hul houding teenoor Afrikaans nie, tog is die algemene tendens wat waargeneem kan word, dié van 'n onsekere, dog redelike positiewe houding teenoor Afrikaans.

5.4.4 Groep 4-skole

By hierdie skole, wat dubbel- of parallelmediumskole is, waar Afrikaans in die meerderheid is, het 1085 respondente (49,4%) 'n positiewe houding teenoor Afrikaans getoon, terwyl 827 respondente (37,7%) 'n negatiewe houding aangedui het; 284 van die respondente (12,9%) het 'n matige positiewe houding getoon. Hierdie groep het dus oor die algemeen 'n positiewe houding getoon teenoor Afrikaans.

By hierdie groep respondente is daar sewe vrae wat 'n onbesliste uitslag gelever het, met ander woorde waar die punte positief sowel as negatief was, naamlik vrae 1.11, 1.14, 1.16, 1.23, 1.25, 1.35 en 1.37. Hierdie vrae handel oor die taal van briewe aan Afrikaanse maats, taal van koerante en tydskrifte en fiksie wat graag gelees word, of mens jou beter in Engels kan uitdruk, die aanvaarbaarheid van meer Engelse woorde, en so meer, die toekomstige taal waarin die respondente hul kinders sal opvoed indien Afrikaans sy amptelike status ontnem sal word en met watter identiteit hulle hulself assosieer.

Daar is nie by hierdie groep respondente spesifieke

inkonsekwentheid te bespeur nie, alhoewel hulle soos die oorgrote meerderheid ander respondente ook meer van Engelse televisieprogramme en liedjies hou, voel dat mens iets meer "sexy" in Engels kan sê en voel dat Afrikaanse tieners nie spesifiek Afrikaanse maats verkies nie (vrae 1.17, 1.18, 1.19, 1.21 en 1.28).

5.4.5 Groep 5-skole

Hierdie groep, wat tegniese of landbouskole verteenwoordig, het die hoogste positiewe persentasie aangetoon, naamlik 332 (64,8%) van die respondente - terwyl 369 van die respondente (24,8%) 'n negatiewe houding getoon het. 'n Matige positiewe houding is deur 153 (10,3%) van die respondente aangetoon.

Hierdie groep het slegs drie onbesliste uitslae gehad, waar sowel 'n positiewe as 'n negatiewe punt aangeteken is. Hierdie vrae was soos volg: 1.18, 1.25 en 1.28 en het gehandel oor die keuse van die taal van oorgeklankte stories en die aanvaarding van meer Engelse, half-Engelse en/of sleng woorde as deel van Afrikaans.

Alhoewel hierdie groep die positiefste houding getoon het teenoor Afrikaans en die gebruik en die toekoms van die taal, kan dit tog as inkonsekwent beskou word dat hierdie groep nie probeer om nie hul taal suiwer te hou as hulle met Afrikaanse vriende praat nie, graffiti oorwegend in Engels skryf, die graagste na Engelse stories en liedjies kyk en luister, dink mens kan iets meer "sexy" in Engels as in Afrikaans sê en verkies om sommige Engelse of half-Engelse woorde bo sommige Afrikaanse woorde te gebruik (vrae 1.8, 1.12, 1.17, 1.19, 1.21 en 1.26).²⁴ Die navorser wil die afleiding maak dat hierdie groep respondente die bedreiging van Engels nie so akuit ervaar nie. Moontlik voel hulle dat hul skoolopleiding (tegnies of in die landbou rigting)

²⁴ Daar moet egter in gedagte gehou word dat bogenoemde aspekte (vrae oor die suiwer hou van die taal, graffiti in Engels, keuse van Engelse stories en liedjies, die keuse van sekere Engelse en/of sleng-woorde, ens.) waarskynlik op 'n baie groot gedeelte van die Afrikaanse gemeenskap toepasbaar is.

genoegsame beroepsopleiding verskaf wat hulle minder afhanklik sal maak van werkgewers wat die praat van Engels as 'n belangrike vereiste stel. Die bestaan van 'n soort onverskilligheid aan die kant van hierdie groep respondente teenoor Afrikaans en die moontlike bedreiging daarvan word egter nie deur die navorser onderskat nie.

Groep 5 is die enigste groep wat sonder twyfel hulself as "Afrikaners" sien, 'n tendens wat sterk aansluiting vind by die positiewe houding wat hierdie respondente oor die algemeen in hul vraelyste aangetoon het. Slegs Groep 5 en 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) het aangetoon dat hulle beslis oor die algemeen Afrikaanse fiksie verkies (vraag 1.16). By vraag 1.23, of mens jou beter in Engels as in Afrikaans kan uitdruk, het slegs Groep 5 en Groep 2 (Dubbel-/of parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) aangetoon dat hulle oor die algemeen beslis voel dat dit nie die geval is nie. Groep 5 het ook nie gehuiwer om 'n positiewe houding te toon by vraag 1.35 nie. Hierdie vraag het die respondente gevra of hulle nog steeds hul kinders in Afrikaans sal opvoed, al word die taal sy amptelike status ontnem. Groep 5 was die enigste groep waar beide die vroulike respondente sowel as die manlike respondente 'n positiewe respons gelever het. Twyfel het by twee skole bestaan oor die vraag na identiteit (1.37), en twee groepe het 'n negatiewe tendens deur hul persentasies aangetoon, maar groep 5 was die enigste groep wat slegs 'n positiewe tendens getoon het.

5.5 RESPONDENTE SE HOUDING - 'N SAMEVATTING

Die houding wat 'n persoon aanneem, toon sy of haar ingesteldheid teenoor 'n voorwerp, saak of simbool. Insko (1967:2) meen dat houding 'n relatiewe stabiele affektiewe respons teenoor 'n saak is, maar haal ook Rosenberg (1953) aan wat daarop wys dat kognitiewe prosesse ook 'n belangrike rol by houdingsvorming speel.

Die respondente wat by hierdie navorsing betrokke was se

houding teenoor Afrikaans, die gebruik en toekoms daarvan, sowel as hul houding teenoor Engels en die gebruik van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde is gevorm deur affektiewe respons sowel as kognitiewe prosesse.

Die navorser is van mening dat die affektiewe komponent die grootste rol gespeel het met betrekking tot houdingsvorming by die respondente. Die respondente het getoon dat hulle oor sekere emosionele of gevoelswaardes beskik ten opsigte van die gebruik van Afrikaans sowel as die gebruik van woorde wat nie deel is van Standaardafrikaans²⁵ nie.

By sommige respondente is 'n mate van taalpatriotisme of -trots waargeneem. Genoemde trots het geblyk uit sekere antwoorde op vrae, sowel as spontane skriftelike en/of mondelinge opmerkings deur sommige van die respondente. Hierdie positiewe ingesteldheid word egter geïnterpreteer as 'n emosionele of affektiewe respons (selfs 'n mate van skuldgevoel) wat volg op oordenking deur die respondente nadat vrae oor 'n persoonlike saak soos hul taalgebruik gevra is. Die afleiding waartoe die navorser gekom het, is dat hoewel daar heelwat negatiewe houdingsingesteldhede by die respondentkorps bestaan, en die gemiddelde houding grens aan die negatiewe, daar tog 'n matige positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan bestaan.

Die gebruik van woorde wat nie deel is van Standaardafrikaans nie, word egter nie toegeskryf aan 'n opsetlike negatiewiteit en moedswilligheid nie, maar dit is waarskynlik eerder te wyte aan 'n agterlosige of onverskillige houding aan die kant van die respondente. Die affektiewe aspek van groepdruk word ook deur die navorser beskou as een van die hoofredes vir die gebruik van sekere normafwykende woorde en uitdrukkings. Daar kan voorts ook van die veronderstelling uitgegaan word dat genoemde woorde

²⁵ By hierdie term word bedoel alle woorde wat nie deel is van die aanvaarde norm nie; woorde wat direk ontleen is aan Engelse, half-Engelse woorde, en/of sleng-woorde of ander woorde en uitdrukkings wat nie deel is van die standaardtaal nie.

en uitdrukkings deur die bemiddeling van groepdruk ontwikkel het in 'n unieke en gespesialiseerde jargon - 'n sosiolek eie aan Afrikaanse tieners. (Alhoewel hierdie navorsing slegs Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar betrek het, is die aanwending van normafwykende Afrikaans 'n algemene tendens by tieners dwarsdeur Suid-Afrika, trouens dis 'n wêreldwye tendens dat tieners onder andere deur hul taal "anders" wil wees, om daardeur solidariteit met hul portuurgroep te bewerkstellig).

Dit wil egter voorkom asof die respondente nie werklik bewus is daarvan dat hulle baie gebruik maak van Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde wanneer hulle Afrikaans praat nie. Wanneer hiërdie vorm van taalverarming sowel as taalverplasing voorkom, en op so 'n groot skaal binne die omwêreld van 'n persoon, is dit nie altyd so opsigtelik vir die sprekers nie. In Suid-Afrika, waar baie sprekers maklik van een taal na die ander oorskakel en die media hoofsaaklik Engels is, is Wolfson (1989:39) se vraag (of sprekers wat nie bewus is van hul en ander se oorskakeling van een taal na 'n ander nie, bewus sal wees van die variasie in die details van die uitspraak van hul eie taal?) beslis aktueel. Die navorsers wil by "variasie in die detail van hul eie uitspraak" ook ander afwykings ten opsigte van die normtaal insluit, soos onder andere die aanwending van woorde wat uit 'n dominante taal ontleen is. In die geval van die respondente wat by hierdie studie betrek is sal dit dus woorde wees wat uit Engels ontleen is asook half-Engelse, en/of sleng-woorde.

Die aard van die navorsing bepaal dat die antwoorde op party vrae inligting van persoonlike aard sal bevat; dit vergroot die gevoelswaarde-aspek, en dus ook die affektiewe aard van die navorsing. Hierdie gevoelswaarde-aspek manifesteer waarskynlik in die talle (moontlike) teenstrydighede wat by sommige van die respondentgroepe se response waargeneem is. Groep 3 (skole met hoofsaaklik bruin leerlinge) is die groep wat die meeste teenstrydighede opgelewer het. Daar is hierbo

verwys na hierdie groep se moontlike onsekerheid oor hul Afrikaans-identiteit. Alhoewel die navorsing baie swaar steun op 'n opname van die houding van die respondente soos dit deur affektiewe prosesse teweeggebring word, moes sekere kognitiewe prosesse ook waarskynlik by die respondente plaasgevind het tydens die invul van die vraelyste, aangesien 'n bewustelike voorraadopname van hul houding moes vorm aanneem in die antwoorde op die vrae van die vraelys. Die skriftelike vorm van die navorsing leen hom volgens Fishbein (1975:3)) goed tot die meting van "overt"-gedrag, en dus tot die ontstaan van die kognitiewe prosesse wat die oordenking en verskaffing van vrae op sekere antwoorde voorafgaan.

'n Persoon se houding en ingesteldheid teenoor 'n voorwerp, saak of simbool kan aangewend word om klaarheid ten opsigte van sy gedrag te verkry, of om sy/haar gedrag ten opsigte daarvan te voorspel. 'n Negatiewe respons of gedragspatroon teenoor 'n onderwerp (soos byvoorbeeld 'n onverskilligheid teenoor Afrikaans of die suiwer aanwending daarvan), kan volgens Fishbein (1975:336) lei tot 'n negatiewe houding. Eweneens kan die gedrag van 'n persoon teenoor 'n voorwerp, saak of simbool sy/haar houding beïnvloed.²⁶ Daar bestaan volgens die navorser 'n definitiewe interafhanklike en -veroorsakende verband tussen die houding en die gedrag van die respondente.

Wanneer 'n sekere houding ingeneem word en hierdie houding deur die persoon se gedrag teenoor 'n spesieke voorwerp, saak of simbool waarneembaar word, veroorsaak dit 'n mate van konformering met die groep wat dieselfde houding handhaaf. Die keuse van 'n spesifieke ingesteldheid of houding teenoor 'n voorwerp, saak of simbool verminder spanning. Dit kan dus wees dat respondente by sommige vrae antwoorde verskaf het wat konformeer met wat hulle dink hul

²⁶ Indien 'n persoon negatief optree, en dus negatiewe gedrag openbaar teenoor 'n voorwerp, saak of simbool (moontlik as gevolg van portuurdruk), kan dit sy houding uiteindelik ook beïnvloed, aangesien 'n verandering in houding deur gedragsvaslegging kan plaasvind.

portuurgroep sou kies.

Internalisering kom voor wanneer die individu 'n opinie aanvaar omdat dit ooreenstem met sy waardesiseem; dit verminder spanning by die individu self en die gunstige aanvaarding van die gekose houding deur ander mense, veral deur die "ons"-groep van die houdingsvormer bewerk sosiale aanvaarding binne die "ons"-groep -dit is veral van toepassing op onvolwassenes. By die respondente (Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar) speel groepdruk 'n baie groot rol, en sal die aanvaarding van 'n spesifieke houding (in hierdie geval die "soort" Afrikaans wat deur die groep gepraat word) spanning verminder, en groepsolidariteit verhoog. Daar is deur die navorser bevind dat portuurdruk wel 'n belangrike rol speel by die houding wat die respondente teenoor Afrikaans inneem.

Deur gereelde blootstelling aan sekere stimuli en brongeloofwaardigheid vind die individu algaande die stimulus en die bron daarvan meer aanvaarbaar, aantreklik of navolgbaar. In aansluiting by bogenoemde aanvaarding daarvan deur die "ons"-groep van die individu, word die individu (in die geval van die navorsing die respondente) waarskynlik ook minder bewus van die feit dat hulle afwyk van die standaardrespons (dus die mate waartoe hulle afwyk van Standaardafrikaans). Die respondente het aangetoon dat hulle minder sensitief is teenoor die gebruik van normafwykende Afrikaans of Engelse, half-Engelse en/of sleng-woorde. Hulle hoor en gebruik dit daaglik saam met hul vriende, en hoor daaglik Engels in hul omwêreld. Waarskynlik het hulle afgestomp geraak, vandaar die onverskilligheid of moontlik ook antipatie teenoor die korrekte aanwending van Afrikaans.

Deur die respondente se houding teenoor Afrikaans, die aanwending daarvan, die invloed van Engels en die gebruik van half-Engelse en/of sleng-woorde te toets, word die redes vir sekere gedragpatrone teenoor Afrikaans meer deursigtig. 'n Negatiewe houding sal meer negatiewe gedrag meebring en

omgekeerd. Deur die navorsing blyk dit dat die matige positiewe houding van die respondente onder andere manifesteer in die feit dat daar nie gepoog word om suiwerder Afrikaans te praat nie, of om minder Engels met Afrikaanse maats te praat nie - die houding van die respondente het dus daartoe gelei dat hulle nie "omgee" hoe hulle praat nie; hul gedrag teenoor Afrikaans is dus deur hul houding bepaal en ondersteun. Soos reeds hierbo genoem is hierdie onverskilligheid nie 'n opsetlike poging om Afrikaans te ondermyn nie, maar dit is 'n proses wat onbewustelik en spontaan plaasvind.

'n Positiewe houding ten opsigte van Afrikaans as minderheidstaal en die waarde wat sprekers daaraan heg vir toekomstige gebruik, word as 'n belangrike faktor vir taalbehoud beskou. Die redelike negatiewe (of 'n baie swak positiewe neiging) ten opsigte van die respondente se houding teenoor Afrikaans, mag dui op die feit dat taalverlamming, taalverplasing en uiteindelik die moontlikheid van toekomstige taalsterfte by hierdie respondente 'n waarskynlikheid is.

Al openbaar die respondente (tydens hul jeug) nie 'n sterk positiewe ingesteldheid of houding teenoor die voortbestaan van Afrikaans nie, is dit nie noodwendig 'n aanduiding dat die taal in KwaZulu-Natal binne 'n relatiewe kort tydskope sal uitsterf nie, maar dit illustreer dat die moontlikheid van taalagteruitgang (veral deur taalverplasing) groot is. Die agteruitgang van 'n taal ('n hierdie geval Afrikaans) kan waarskynlik binne 'n geslag of twee toeneem, en uiteindelik lei tot 'n mate van taalsterfte in die spesifieke provinsie, KwaZulu-Natal.

Oor die algemeen kan die afleiding gemaak word dat hoewel twee groepe, Groep 1 en 2 (Afrikaansmediumskole en dubbel-/of parallelmediumskole waar Afrikaans in die minderheid is) baie negatiewe tendense toon, en hul houding teenoor Afrikaans ten opsigte van die gebruik en toekoms daarvan, en die gebruik van Engelse, half Engelse en/of sleng-woorde

betref, as hoofsaaklik negatief beskou kan word, daar tog oor die algemeen en in die geheel van die vraelys gesien, 'n matige positiewe houding teenoor Afrikaans, die toekoms en die gebruik daarvan bestaan.

Die navorser het bevind dat daar wel by die respondente sprake is van taalverwaarlosing wat manifesteer as minimale taalverlamming. Die respondente ondervind probleme om hulself binne alledaagse kommunikatiewe situasies in hul moedertaal, Afrikaans uit te druk. Wanneer hulle deur middel van die vraelys van die feit bewus gemaak word dat taalverwaarlosing by hulle alledaagse spraak voorkom, bestaan daar by sommige van die respondente 'n matige gevoel van taalbewustheid of "spyt" dat hulle nie hul taal reg aanwend nie, terwyl die meerderheid hierdie taalverwaarlosing glad nie as negatief beskou nie. Die algemene indruk wat die navorser gekry het, is dat die respondente dit verkies, dit vir hulle "lekker" is om die normafwykende Afrikaans te praat waarvan daar sprake is in hierdie verhandeling.

Taalverplasing en die moontlikheid van 'n toename daarvan in die toekoms kom ook by die respondente voor. By talle vrae het respondente aangetoon dat hulle eerder Engelse, half-Engelse en/of sleng-taalfrases aanwend in plaas van Afrikaanse leksikon. By vraag 1.35 (die vraag of die respondente steeds hul kinders in Afrikaans sal opvoed indien Afrikaans sy amptelike status in Suid-Afrika sou verloor) het 54,1% van die respondente getoon dat hulle hul kinders eerder tweetalig sal grootmaak (7,6% het getoon dat hulle hul kinders eerder in Engels sal opvoed). Claassen (1983:27) meen dat tweetaligheid waarskynlik sal lei tot taalverplasing - hoogs waarskynlik ten gunste van die meerderheidstaal. Die afleiding kan gemaak word dat die voorkeurtaal in KwaZulu-Natal heel waarskynlik Engels sal wees, aangesien dit die dominante taal in hierdie provinsie is.

Taalverlamming en veral taalverplasing word deur Holmes

(1962:62) beskou as een van die faktore wat aanleiding kan gee tot taalsterfte. Soos reeds hierbo genoem, het die navorser definitiewe sprake van taalverwaarlosing, taalagteruitgang, taalverlamming en ook taalverplasing by die respondente waargeneem. Daar was veral twee groepe, naamlik die Groep 1-skole (Afrikaansmediumskole) en die Groep 2-skole (Dubbel-/of parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) waar hierdie tendens duidelik sigbaar is. By die ander groepe kom dit ook voor, maar in 'n mindere mate. Die afleiding kan gemaak word dat 'n onrusbarende hoë persentasie respondente tekens van bogenoemde taalstagnasie en agteruitgang toon, alhoewel daar tog 'n matige positiewe houding teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal bestaan.

Hoewel respondente in 'n mate tog bewus is van die invloed van Engels op die taal, sowel as die gevare wat die taal waarskynlik bedreig, is die navorser van mening dat hulle nie genoeg bedag daarop is nie. Die navorser wil beklemtoon dat daar by "negatiewe houding" nie 'n antipatie bedoel word nie, maar eerder 'n onverskilligheid oor die gebruik van woorde en uitdrukkings wat nie Afrikaans is nie, en 'n indikasie wat die navorser lei tot die afleiding dat hierdie groep die gebruik van Engelse, half-Engelse en/of slengwoorde verkies in die verskillende situasies waar verbale kommunikasie plaasvind. Dit het ook opgeval dat die respondente veral tydens portuurgroepkommunikasie graag gebruik maak van normafwykende taal.

Daar moet in ag geneem word dat hierdie groep respondente tieners is en nog as onvolwasse beskou kan word. Maksimale vereenvoudiging van idees en daarom ook antwoorde op die navorsingsvrae is dus volgens Osgood en Tannenbaum (Insko:113) 'n moontlikheid wat nie geïgnoreer kan word nie. Die vraelysmetode van navorsing hou verder ook die nadeel in dat skryfruimte beperk is, en dat skriftelike data nie altyd al die nuanses van mondelinge interaksie tydens kommunikasie kan ondervang nie, dit kan dus 'n inhiberende faktor wees wat veroorsaak dat die volle potensiaal van die

navorsing beperk is (Wolfson 1989:70). Die ontspanne atmosfeer tydens die invul van die vraelys en aanmoediging van die kant van die navorser om enige op- of aanmerkings agter op die vraelys te skryf, het volgens die navorser daartoe bygedra om 'n betroubare toetsresultaat daar te stel.

Groep 5 (Tegniese/landbouskole) staan in skerp kontras met Groep 1 (Afrikaansmediumskole), aangesien hierdie groep skole baie positief staan teenoor Afrikaans in genoemde situasies en Groep 1-skole 'n meer negatiewe of onverskillige houding toon. Groep 3 (skole met oorwegend bruin leerlinge) toon positiewe sowel as negatiewe tendense. Die algemene houding is egter negatief, hoewel hierdie groep meer positief ingesteld is as Groep 1-skole (Afrikaansmediumskole) en Groep 2-skole (Dubbel-/ of parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is).

Groep 4 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die meerderheid is) het nie by enige vraag die hoogste of die laagste persentasie aangetoon nie, maar het tog getoon dat hulle op een na die positiefste is oor Afrikaans, die gebruik en die toekoms daarvan. Die rede vir hierdie groep se positiewer houding mag dalk wees dat hulle in teenstelling met Groep 1 (Afrikaansmediumskole) tog die moontlike negatiewe invloed van Engels waarneem omdat daar ook Engelse leerlinge in hul skool is. Hulle mag dalk meer bedag wees hierop. Groep 2 (Dubbel-/parallelmediumskole, waar Afrikaans in die minderheid is) het ook 'n meer negatiewe houding getoon, maar nie so negatief soos Groep 1-skole wat Afrikaansmediumskole is nie. Daar is hierbo daarna verwys dat laasgenoemde groep dalk as gevolg van die feit dat hulle nie juis Engels by hul skool hoor nie, nie so bewus is van die moontlikheid dat daar 'n bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans bestaan nie.

Die navorser meen dat die feit dat sommige respondente, veral dié by Groepe 1 en 3 (Afrikaansmediumskole en skole waar daar hoofsaaklike bruin leerlinge is) heelwat

inkonsekwentheid getoon het, gewyt kan word aan (in die geval van Groep 1) hul "taalgewete of -patriotisme". By hierdie groep (Afrikaansmediumskole) is die respondente waarskynlik ook bewus van die ongunstige situasie waarin Afrikaans verkeer as 'n taal met die reputasie van politieke onderdrukking in die verlede.

Die respondente in Groep 3 mag nog as gevolg van die politieke verlede van Suid-Afrika hulself nie ten volle as "Afrikaners" beskou nie, en die navorser (as blanke Afrikaanssprekende) moontlik as intimiderend ervaar het, al is daar doelbewus 'n gemaklike, ontspanne klimaat probeer skep tydens die invul van die vraelyste.

Die houding van 'n persoon bepaal sy gedrag teenoor 'n sekere voorwerp, saak of simbool. In die geval van hierdie navorsing is die saak die taal, Afrikaans, die moedertaal van 82,8% van die vroulike respondente en 83,6% van die manlike respondente. Die gedrag van die respondente toon dat hulle oor die algemeen nie juis bekommerd is oor die toekoms van Afrikaans nie, daarom word daar nie 'n groot poging aangewend om die taal suiwer te hou of om die aanwending daarvan te promoveer nie.

Die houding van die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, kan nie as ten volle positief beskou word nie. Die navorser sal die houding eerder as matig positief beskou, maar 'n positiwiteit wat grens aan die negatiewe. Die groot mate van negatiwiteit word volgens die navorser grootliks veroorsaak deur 'n onverskilligheid teenoor Afrikaans aan die kant van die respondente sowel as die ander Afrikaanssprekendes met wie hulle daagliks te doen kry.

5.6 AANBEVELINGS

Aangesien baie van 'n individu se houdingsgedrag - in hierdie navorsing die houding van Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar

teenoor Afrikaans - binne sosiale konteks manifesteer, is dit hierdie aspek wat ook die grootste verandering van houding sal kan fasiliteer. Volgens Robinson (1972:73) is spraak een van die belangrikste bronne van inligting ten opsigte van sosiale identiteit. Indien daar verandering teweeggebring moet word om dus 'n meer positiewe houding teenoor Afrikaans te kweek, sal daar by die tuisomgewing van die respondente, die groep waarmee die respondente hulle identifiseer, naamlik die portuurgroep sowel as die omwêreld van die respondente begin moet word.

Die belangrikste aspek wat houdingsverandering sal fasiliteer is 'n verandering ten opsigte van eiewaarde en taaltrots by die respondente self.

Indien 'n identiteitstrots by die jongmense van 'n nasie sou ontwikkel en groei, sal dit waarskynlik bly voortbestaan by die toekomstige kinders van die spesifieke groep. Dit bly dus noodsaaklik dat alle betrokkenes by die jongmense sowel as by die taal 'n bydrae sal lewer om 'n positiwiteit teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan te openbaar.

5.6.1 Tuisomgewing

Die tuisomgewing waarin 'n persoon, veral die volwassewordende (waarvan die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, verteenwoordigend is) hom of haar bevind, speel 'n belangrike rol ten opsigte van toekomsoriëntasie en houdingsvorming. Indien 'n positiewe houding in die respondent se tuisomgewing waargeneem sou word, en veral die opvoeders (ouers en ander belanghebbende volwassenes) 'n positiewe houding inneem ten opsigte van 'n spesifieke voorwerp, saak of simbool, sal 'n positiewe invloed waarskynlik op die onvolwassene of volwassewordende binne die spesifieke tuisomgewing uitgeoefen word.

Daar is in hoofstuk 2 van hierdie verhandeling daarna verwys dat die navorser bewus is van 'n hele aantal ouers wat hul kinders in die Engelsmedium geplaas het omdat hulle nie meer

glo dat hul kinders, indien hulle Afrikaanssprekend sou bly, en die taal, Afrikaans self, 'n toekoms in Suid-Afrika het nie. Hulle glo dat hul kinders 'n beter toekoms sal kan beding indien hulle deur die medium van Engels skoolopleiding (en opvoeding) sou ontvang.

Dr. Karel Prinsloo, die uitvoerende direkteur van die Stigting vir Afrikaans meen dat meer as 25% van alle Afrikaanssprekende ouers in die land hul kinders na Engelsmediumskole toe stuur en dat die syfer jaarliks toeneem.²⁷ Hierdie feit het volgens Prinsloo aan die lig gekom in 'n ondersoek deur die Stigting vir Afrikaans in samewerking met die SA Onderwysersunie (SAOU). Die Stigting sal in September 1997 'n "bewusmakingsdokument" uitreik waarin die belangrikheid van moedertaalonderrig beklemtoon word. Dit is van groot belang dat Afrikaanssprekendes (veral opvoeders) dit onder die aandag van Afrikaanse ouers bring dat moedertaalonderrig noodsaaklik is vir akademiese sowel as sosiale ontwikkeling en sukses. Prinsloo meen dat as 'n kind se taalvermoë (in die taal waarin hy onderrig moet ontvang) swak is en hy hom nie behoorlik kan uitdruk nie, sy sosiale ontwikkeling ook beïnvloed word: "'n Kind leer eenvouding beter in die taal waarin hy dink." (Prinsloo in Erlank 1997:8).

Volgens Dr. P. Joubert, projekteier en lid van die SAOU in KwaZulu-Natal, is 'n sesjarige kind se moedertaalwoordeskat gemiddeld 2 500 en 'n agtjarige s'n 20 000. Daarteenoor wissel sy woordeskat in 'n tweede taal tussen 200 en 500 woorde. Dr. Joubert meen dat slegs 4% van alle jong kinders nie probleme sal ondervind as hulle so jonk in 'n tweede taal onderrig word nie (Joubert in Erlank 1997:8).

Alhoewel 82,8% (vr. resp.) en 83,6% (ml. resp.) se ouers albei Afrikaans is, het 78% (vr. resp.) 76,9% (ml. resp.) aangedui dat hul huistaal Afrikaans is. Daar het dus deur

²⁷ Die navorser wat by 'n dubbelmediumskool skoolhou, is bewus daarvan dat die meeste kleurlingkinders in die Engelsmedium is, al is hul huistaal Afrikaans.

taalverplasing 'n verlies van onderskeidelik 4,8% (vr. resp.) en 6,7% (ml. resp.) ten opsigte van huistaal plaasgevind. Indien ouers meer positief sou optree teenoor die toekoms van Afrikaans, sal hul kinders waarskynlik ook 'n positiewer houding aankweek.

'n Positiewe houding kan egter slegs gekweek word indien 'n persoon geborge voel binne sy land, voel dat sy menswees - wat taal en eiebelange insluit - nie aangetas gaan word nie. Die onsekerheid wat ten tye van die skrywe van hierdie verhandeling ten opsigte van die afskaffing al dan nie van talle van die hoër funksies van Afrikaans bestaan, dra waarskynlik by tot hierdie onsekerheid wat grootliks deur die respondente se amper negatiewe (hoogstens baie matig positiewe) houding weerspieël word.

Die belangrikste aspek wat houdingsverandering sal fasiliteer is 'n verandering ten opsigte van eiewaarde en taaltrots by die respondente self. Indien 'n identiteitstrots by die jongmense van 'n nasie sou ontwikkel en groei, sal dit waarskynlik bly voortbestaan by die toekomstige kinders van die spesifieke groep.

5.6.2 Taal buite tuisomgewing

Die omwêreld waarin persone hulle bevind kan ook 'n baie belangrike rol speel by die verandering van houding. In hierdie geval kan die houding van die respondente wat by hierdie navorsing betrek is, grootliks beïnvloed word deur die taal wat hoofsaaklik in hul omwêreld gepraat word.

Indien 'n persoon gewoon raak daaraan dat meer ekonomiese en sosiale deure oopgemaak word wanneer hy of sy eerder Engels in plaas van Afrikaans praat, is dit moeilik om daarop aan te dring om Afrikaans te bly praat. Dit is verstaanbaar dat dit vir die Afrikaanssprekende tiener in KwaZulu-Natal (die groep waaruit die respondente gekies is) makliker is om dan maar eerder Engels te praat, vandaar die situasie dat twee Afrikaanssprekendes soms 'n hele ruk met

mekaar Engels praat voordat hulle besef dat hulle eintlik albei Afrikaans is! Om Afrikaans op verskillende vlakke en in verskillende situasies te bevorder en sodoende die taal se behoud te help bewerk, moet Afrikaanssprekendes aangemoedig word om die taal sonder voorbehoud te praat. Tieners moet aktief deel hê aan hierdie opheffende aksie deur nie skaam te wees om die taal te praat nie. Taaltrots word daardeur bewerk. Een van die skole wat by hierdie navorsing betrek is, naamlik Richardsbaai Hoërskool in Richardsbaai het onlangs 'n boek met Afrikaanse neologismes die lig laat sien. Die nuwe woorde is deur leerlinge self geskep; 'n uitstekende voorbeeld van skeppende medewerking deur die jeug self. Sulke pogings skerp die aandag op die skeppende moontlikhede, aanpasbaarheid sowel as die bruikbaarheid van die taal.²⁸

Afrikaanssprekendes moet al meer tot die besef kom dat die taal nie die alleeneiendom van dié is wat 'n redelike mate van Standaardafrikaans praat en/of blank is nie. Die Klein Karoo Kunstefees wat elke jaar in Oudtshoorn plaasvind, doen baie om te bewys dat Afrikaans in al sy kulturele en sosiale variante aanvaarbaar, vermaaklik en skeppend kan wees, voordelig vir baie van die land se mense - nie net vir Afrikaanssprekendes (en veral slegs vir blanke Afrikaanssprekendes) nie, maar ook vir anderstaliges. Deur Afrikaans op hierdie manier as 'n vriendelike, nie-rassistiese, veelsydige,²⁹ skeppende taal voor te stel, sal baie gedoen word om die politieke stigma wat aan die taal kleef te besweer.

Moderne Afrikaanse musiek en literatuur wat nie onder 'n té streng sensuurbeleid gekniehalter word nie, is een van die goeie middele om veral die Afrikaanse jeug te bereik en om

²⁸ Wilde Woordeboek, wat deur tieners in samewerking met onder andere Mnr. F. van Niekerk (voorheen vakadviseur van Afrikaans Eerstetaal in KwaZulu-Natal), saamgestel is (Van Niekerk 1997).

²⁹ By "veelsydige" taal bedoel die navorser nie die onnodige vermenging van tale nie, maar die aanwending daarvan binne die verskillende sosiolektiese sfere en die praat van die natuurlike dialekte van die taal.

'n beter houding teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan te skep.

Skeppende en vermaaklike televisiereekse, waar die Afrikaanssprekendes nie slegs as sukkelaars of agterlikes voorgestel word nie, maar ook as vooruitstrewendes, kan veel doen om taal- en nasietrots te ontwikkel. Goeie televisiereekse word waarskynlik nie slegs deur Afrikaanssprekendes gevolg nie, maar ook deur anderstaliges, wat dan ook 'n beter siening van Afrikaanssprekendes kan ontwikkel.

Die feit dat 'n Afrikaans tydskrif soos Huisgenoot en 'n koerant soos Rapport deur so baie Afrikaanssprekendes gelees word (kyk: bylaag B, bladsy B.61), dui daarop dat Afrikaanssprekendes tog Afrikaans wil lees. Hierdie tydskrifte en koerante bevat gewoonlik berigte en artikels wat pas by die lewensomstandighede en die tydvak wat by die moderne Afrikaanse tiener aanklank vind; dit is relevant, kort en in 'n gemaklike styl geskryf. Dikwels bevat baie van hierdie literatuur ook materiaal wat die lesers daaraan herinner dat Afrikaans ook deur baie meer mense gepraat word as waarvan hy of sy bewus is. Die lesers sal deur middel van die artikels sien dat Afrikaans ook toegang verleen tot situasies waar hoër taalfunksies verlang word, sodoende sal 'n taaltrots by die Afrikaanssprekendes ontwikkel. Opvoeders kan dit hulle ten doel stel om dit onder die aandag van tieners te bring dat talle hoë poste in die sakewêreld steeds deur Afrikaanssprekendes gevul word. Die gereelde lees van koerante en ander kontemporêre leesstof in die klaskamer kan die respondente op hoogte hou van taalverwikkelinge.

In KwaZulu-Natal word Afrikaans nie in dieselfde mate gepraat en gehoor as in die meeste ander provinsies van Suid-Afrika nie. Die Afrikaanse tieners in hierdie provinsie kom dus onder die verkeerde indruk dat Afrikaans as huistaal in Suid-Afrika verreweg in die minderheid is ten opsigte van huistaalsprekers. Hierdie afleiding mag veroorsaak dat hulle

voel dat dit tog nie die moeite werd is om Afrikaans te praat nie, en dat die taal tog nie 'n kans tot oorlewing het nie. Ouers en ander belanghebbende volwassenes, Afrikaanse elektroniese en gedrukte media sowel as Afrikaanse kultuur- en ander organisasies moet dit hulle ten doel stel om dit onder die aandag van alle Afrikaanssprekendes (veral die jeug) tuis te bring dat Afrikaans wel 'n taal is wat wyd gehoor, gepraat en in 'n groot verskeidenheid situasies en frekwensies aangewend word in Suid-Afrika.

Wat die letterkunde-program op skool betref, was dit volgens die navorser (Afrikaans Eerstetaalonderwyser) nog altyd opvallend hoe die leerlinge, veral in hul matriekjaar 'n antipatie teenoor lees ontwikkel wanneer hulle gekonfronteer word met óf moeilik verstaanbare, óf geweldige dik boeke wat deurgewerk en letterkundig bespreek moet word. Sedert die nuwe boeke en kortverhale gebruik word wat in die Tussentydse geprovisialiseerde sillabus vir Afrikaans Eerstetaal (met implimenteringsdatum: Januarie 1996) voorgeskryf is, en die klem ook nie meer soveel val op 'n letterkundige studie van die voorgeskrewe werke nie, geniet die Afrikaanse leerlinge hul letterkunde-program meer.³⁰

Volgens die navorser moet die doel van die voorgeskrewe program val op die genot van lees. Die onderwyser moet die leerlinge lei om self genot te kan put uit al die aspekte wat 'n roman, kortverhaal, drama of gedig kan bied. 'n Positiewe benadering, sonder onnodige letterkundige dieptestudie sal baie daartoe bydra om 'n liefde vir lees (en in baie gevalle die skep van gedigte of kortverhale) te

³⁰ Die twee novelles wat vir die KwaZulu-Natalse matrieks voorgeskryf is, is naamlik *Die vyfletterwoord* (Van Rooyen 1994) en *Die dag toe my ma begin sing het* (Ferreira 1988). Hierdie novelles is volgens die navorser steeds nie heeltemal geskik as voorgeskrewe werke nie, aangesien dit as te ingewikkeld beskou word deur die gemiddelde leerling, en nie genoeg "storie" of "aksie" bevat nie. Dit is weliswaar korter as die romans wat voor 1996 voorgeskryf is - 'n aspek wat wel in ag geneem moet word indien die genot van lees by (soms nie-leesgierige) tieners aangemoedig wil word. Die leerlinge geniet die drama *Siener in die Suburbs* (du Plessis 1979). Sommige van die kortverhale uit die bundel *Kortgolf* (T. Gouws 1993), word ook deur die leerlinge geniet.

bewerkstellig. Deur onder andere 'n verskeidenheid gedigte in die verskillende variante van die taal voor te lees, maak dit die leerlinge ook meer bewus van die feit dat daar nie slegs "een regte manier van praat" is nie. Die sleutel wat die letterkunde-program op skool betref, is volgens die navorser 'n positiewe houding aan die kant van die onderwyser om die genot van die letterkunde aan die leerlinge te openbaar. Daar moet by die leerlinge geen vrees bestaan om self te probeer, self te eksperimenteer met hul eie interpretasies en selfs hul eie letterkundepogings nie.

Die praktiewe aard van die stelwerk-program wat deur die nuwe Tussentydse ge-provinsialiseerde sillabus vir Afrikaans Eerstetaal (1996) voorgeskryf word, is volgens die navorser baie nuttig om die leerlinge voor te berei op praktiese situasies, soos hoe om 'n brief te skryf om aansoek te doen om 'n werk, hoe om 'n sakelys op te stel, hoe om 'n ervaringslys op te stel, en talle ander praktiese skryfwerk. Hoewel die nuwe taalwerk-program ook prakties ingestel is en klem onder andere gelê word op redigering, en praktiese taalaanwending sowel as samevattinge, kan taalwerk 'n meer praktiese en bruikbare vorm aanneem, sodat die leerlinge nie voel dat Afrikaans in 'n vakuum aangebied word nie - dat dit bruikbaar is en 'n toekomsdoel het. Daar kan steeds meer gekonsentreer word op dit wat die leerlinge in hul alledaagse omwêreld sal teëkom.

Indien die kwessie van identiteitstrots (wat taaltrots sal insluit) ernstig aangespreek wil word, sal kulturele organisasies en die Kerk weer in 'n groot mate betrek moet word. Veral tradisionele Afrikaanse kerke sal hulself al meer daarop moet toespits om die jeug te betrek om sodoende 'n sosiale forum te skep, waar jongmense hul godsdiens kan beoefen sowel as hul portuurgroep beter kan leer ken. Daar is reeds telkens in hierdie verhandeling genoem dat tweetaligheid kan lei tot taalverplasing ten gunste van die dominante taal (in KwaZulu-Natal sal hierdie taal sonder twyfel Engels wees). Indien Afrikaanse tieners se sosiale

kring in 'n groter mate deur Afrikaanse kultuurorganisasies of hul (Afrikaanse) kerk bepaal kan word, sal vriendskappe (en uiteindelijke huwelike) waarskynlik in 'n groter mate eentalig en Afrikaans wees. Dit sal taalverplasing as gevolg van tweetaligheid binne die gesin in 'n groter mate besweer.

5.6.3 Die werksituasie

Die swak ekonomiese toestand in die land, sowel as regstellende aksie wat kan lei tot 'n groot mate van werkloosheid by Afrikaanssprekende persone (veral blanke mans) is 'n groot bron tot kommer by talle respondente. 'n Groot persentasie van die respondente, naamlik 72,5% (vr. resp.) en 72,9% (ml. resp.) het aangetoon dat hulle voel dat 'n mens Engels magtig moet wees om 'n goeie werk te kan kry; 70,3% (v. resp.) en 67,6% (ml. resp.) is bang dat daar in die toekoms teen Afrikaanssprekendes gediskrimineer gaan word. Hierdie vrees kan tot gevoelens van onsekerheid en magteloosheid lei.

Gevoelens van onsekerheid en magteloosheid kan volgens Schlemmer (1997:14) siektes en selfs 'n verkorte lewensduur veroorsaak; dis ook dikwels selfversterkend en kan prestasievermoë ondermyn. Hierdie negatiewe aspekte is volgens Schlemmer nie slegs op die mens as individu van toepassing nie, maar kan ook in gemeenskaps- en politieke verband plaasvind. Magtelose minderhede, wie se situasie beperk of ondermyn word, se vermoëns om mee te ding en te presteer, daal - minderhede kan volgens hom in hul magteloosheid hulself begin vernietig. Schlemmer waarsku voorts dat indien Afrikaanssprekendes nie 'n nuwe inisiatief laat ontstaan nie, hulle as minderheidstaalgroep sal begin verbrokkel. Hierdie inisiatief moet buite die politiek bestaan, maar tog die politici beïnvloed. Dit moet ook volgens hom alle Afrikaanssprekendes saamtrek, afgesien van kleur. Schlemmer stel voor dat 'n trustfonds vir ontwikkeling op tegniese en kleinsakegebied moet gestig word om spesifiek die Afrikaanssprekende finansieel te ondersteun

(Schlemmer 1997:14).

Paradoksaal kan die feit dat Afrikaanssprekendes goed Engels kan praat, nie slegs daartoe lei dat moontlike (negatiewe) taalverplasing kan plaasvind nie, maar kan dit ook 'n groot faktor wees om hul van werk te verseker. Hierdie feit sal dus meewerk tot die Afrikaanssprekende se ekonomiese stabiliteit en groei, wat weer kan lei tot werkskepping vir ander Afrikaanssprekendes.

Die vryemarkstelsel in die arbeidsmark moet as alternatiewe werksverskaffer ondersoek word. Afrikaanse entrepreneurs kan selfversorgend raak en ook werk verskaf aan ander Afrikaanssprekendes. Sodoende kan die Afrikaanssprekende groter ekonomiese mag en onafhanklikheid van die staat ontwikkel, waardeur selfwaarde en taaltrots aangemoedig sal word.

5.7 SLOTSOM

Die houding van Afrikaanssprekendes (soos dit verteenwoordig word deur die respondente wat by hierdie navorsing betrek is) teenoor Afrikaans en die toekoms van die taal sal meer positief raak indien Afrikaanssprekendes 'n baie groter selfwaarde sou aankweek. Alle Afrikaanssprekendes, afgesien van ras, moet die taal praat! Afrikaans moet aktief aangewend word in soveel moontlike opsette, situasies en gebruiksfrekwensies - om dit te kan bewerk moet alle Afrikaanssprekendes tuis en geborge voel in hul taal.

Aktiewe meewerking om skeppingsgeleenthede vir kreatiewe taalontwikkeling te bied, sal die forum skep waar Afrikaanssprekendes die taal kan laat groei, verkieslik sonder die kniehalter van oordrewe sensuur. Die skep van werkgeleenthede wat gerig is op Afrikaanssprekendes van albei geslagte en alle rasse, sal meewerk tot die sosiale en materiële opheffing van Afrikaanssprekendes en ook tot stabiliteit en groei van 'n positiewe houding teenoor die

taal - 'n belangrike faktor wat weer sal meewerk tot die groei en gesonde voortbestaan van Afrikaans in die toekoms.

Die feit dat die uitslag van hierdie navorsing getoon het dat die Afrikaanse tiener in KwaZulu-Natal se houding teenoor Afrikaans en die toekoms daarvan maar net matig positief is, laat stof tot nadenke. Die toekoms van 'n taal lê grootliks in die hande van die sprekers daarvan. Indien die houding van die sprekers (veral dié wat nog jonk is en vir wie daar nog baie besluite voorlê) so grens aan die negatiewe, bestaan die moontlikheid dat die taal gevaar loop om te stagneer, agteruit te gaan of selfs om oor 'n paar geslagte uit te sterf.

Die houding wat 'n persoon inneem teenoor 'n spesifieke voorwerp, saak of simbool manifesteer in 'n positiewe of negatiewe ingesteldheid teenoor genoemde voorwerp, saak of simbool. Nie alleen bepaal die houding die ingesteldheid en gedrag in die hede nie, maar sal waarskynlik ook die toekomsingesteldheid sowel as -gedrag bepaal. Fishbein (1975:336) meen: "It follows that if one could measure (this) attitude, one would be able to explain and predict a person's behavior". Houding en ingesteldheid is volgens die navorser interafhanklike en -veroorsakende konsepte. In die geval van hierdie navorsing is die saak die taal, Afrikaans, die moedertaal van onderskeidelik 82,8% en 83,6% vroulike en manlike Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal.

Die uitslag van hierdie navorsing het bepaal dat die houding van die respondente baie matig positief is; daar is nie sprake van 'n oortuigende of definitiewe positiewe houding ten opsigte van die aanwending van Afrikaans en die toekoms daarvan nie. Hierdie genoemde houding weerspieël volgens die navorser nie slegs 'n negatiewiteit ten opsigte van houding nie, maar ook 'n tekort aan taaltrots en dus identiteitstrots. Die kern van enige aanbeveling om 'n positiewe houding te kan bewerk, sal genoemde tekorte moet aanspreek. Eers as 'n sterk identiteitstrots (wat noodwendig 'n taaltrots sal insluit) gekweek kan word, sal die taal,

Afrikaans, se toekoms verseker wees.

